



Lesse wat jy
kan leer uit die **Bybel**



‘Van jongs af het jy die heilige geskrifte geken,
wat jou wys kan maak vir redding.’

—2 TIMOTEUS 3:15



Hierdie publikasie word nie verkoop nie. Dit word gebruik om mense regoor die wêreld oor die Bybel te leer. Hierdie werk word deur vrywillige donasies ondersteun.

Gaan asseblief na donate.jw.org as jy 'n donasie wil maak.

Tensy anders aangedui, kom Skrifaanhalings uit die Nuwe Wêreld-vertaling van die Heilige Skrif.

Lesse wat jy kan leer uit die Bybel

Lessons You Can Learn From the Bible

Druk van September 2021

Afrikaans (Ifb-AF)

© 2017

Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania

Uitgewers


Printed by Watch Tower Bible and Tract Society of South Africa NPC

1 Robert Broom Drive East, Rangeview, Krugersdorp, 1739, R.S.A.

Made in the Republic of South Africa







Lesse wat jy
kan leer uit die **Bybel**

Hierdie boek behoort aan _____



Liewe medegelowiges:

As aanbidders van Jehovah, is ons lief vir sy Woord, die Bybel. Ons is oortuig dat dit akkurate geskiedenis, betroubare leiding vir die lewe en hartverblydende bewyse van Jehovah se liefde vir die mensegesin voorsien (Psalm 119:105; Lukas 1:3; 1 Johannes 4:19). Ons wil ander mense baie graag help om die kosbare waarhede in God se Woord te leer. Daarom is ons baie bly om hierdie boek “Lesse wat jy kan leer uit die Bybel”, beskikbaar te stel. Laat ons asseblief toe om jou ’n bietjie meer oor hierdie boek te vertel.

Hierdie boek is veral vir kinders geskryf. Maar dit kan ook gebruik word om grootmense te help wat graag meer oor die Bybel wil leer. En omdat die Bybel ’n boek vir almal is, sal ons almal iets kan leer wanneer ons weer deur hierdie lesse gaan. Dit kan ons help om regtig gelukkig te wees.

Hierdie boek bevat verhale uit die Bybel en wys wat van die skepping af met die mensegesin gebeur het. Baie moeite is gedoen om die Bybelverhale op ’n duidelike en eenvoudige manier te vertel en, sover moontlik, in die volgorde waarin dit gebeur het.

Maar hierdie boek vertel ons nie net wat in die Bybel gebeur het nie. Die manier waarop die boek geskryf is en die prente daarin laat die Bybelverhale lewe, en dit help ons om te verstaan hoe die mense in die verhale regtig gevoel het.

Hierdie boek help ons om te sien dat die Bybel ’n boek oor mense is. Mense wat gehoorsaam aan Jehovah was en mense wat ongehoorsaam aan hom was. En dit spoor ons aan om lesse uit hulle voorbeelde te leer (Romeine 15:4; 1 Korintiërs 10:6). Die boek



is in 14 dele verdeel. Aan die begin van elke deel is daar 'n opsomming van party van die lesse wat ons kan leer.

As jy 'n ouer is, kan jy 'n les saam met jou kind lees en die prente in daardie les bespreek. Dan kan julle die deel in die Bybel lees waarop die les gebaseer is. Help jou kind om die deel in die Bybel met die les in die boek te verbind. Hierdie metode kan ook gebruik word wanneer jy grootmense help om te leer wat die Bybel se boodskap is.

Ons hoop dat hierdie boek mense van alle ouderdomme wat die regte hartsgesindheid het, sal help om uit God se Woord te leer en die lesse daarin in hulle lewe toe te pas. Dan sal hulle hom ook kan aanbid as deel van sy geliefde gesin.

Julle broers

Bestuursliggaam van Jehovah se Getuies

Inhoudsopgawe

	BLADSY		
1	Die skepping	6	
	1 God het die hemel en die aarde gemaak	8	
	2 God het die eerste man en vrou gemaak	10	
2	Van Adam tot by die Vloed	12	
	3 Adam en Eva was ongehoorsaam aan God	14	
	4 Woede lei tot moord	16	
	5 Noag se ark	18	
	6 Agt oorleef tot in 'n nuwe wêreld	20	
3	Van die Vloed tot by Jakob	22	
	7 Die toring van Babel	24	
	8 Abraham en Sara was gehoorsaam aan God	26	
	9 Uiteindelik 'n seun!	28	
	10 Dink aan Lot se vrou	30	
	11 'n Toets van geloof	32	
	12 Jakob het die erfenis gekry	34	
	13 Jakob en Esau maak vrede	36	
4	Van Josef tot by die Rooisee	38	
	14 'n Slaaf wat gehoorsaam was aan God	40	
	15 Jehovah het Josef nooit vergeet nie	42	
	16 Wie was Job?	44	
	17 Moses het gekies om Jehovah te aanbid	46	
	18 Die brandende bos	48	
	19 Die eerste drie plae	50	
	20 Die volgende ses plae	52	
	21 Die tiende plaag	54	
	22 Die wonderwerk by die Rooisee	56	
5	In die wildernis	58	
	23 'n Belofte aan Jehovah	60	
	24 Hulle het hulle belofte verbreek	62	
	25 'n Tabernakel vir aanbidding	64	
	26 Die twaalf spioene	66	
	27 Hulle het teen Jehovah in opstand gekom	68	
	28 Bileam se donkie praat	70	
6	Die rigters	72	
	29 Jehovah het Josua gekies	74	
	30 Ragab steek die spioene weg	76	
	31 Josua en die Gibeoniete	78	
	32 'n Nuwe leier en twee dapper vroue	80	
	33 Rut en Naomi	82	
	34 Gideon oorwin die Midianiete	84	
	35 Hanna vra Jehovah vir 'n seun	86	
	36 Jefta se belofte	88	
	37 Jehovah praat met Samuel	90	
	38 Jehovah het Simson sterk gemaak	92	
7	Dawid en Saul	94	
	39 Israel se eerste koning	96	
	40 Dawid en Goliat	98	
	41 Dawid en Saul	100	
	42 Jonatan is dapper en lojaal	102	
	43 Koning Dawid se sonde	104	
8	Van Salomo tot Elia	106	
	44 'n Tempel vir Jehovah	108	
	45 'n Koninkryk word verdeel	110	
	46 'n Toets op die berg Karmel	112	
	47 Jehovah het Elia versterk	114	
	48 'n Weduwee se seun word weer lewendig	116	
	49 'n Goddelose koningin word gestraf	118	
	50 Jehovah beskerm Josafat	120	

9

Van Elisa tot Josia 122

51 Die soldaat en die dogtertjie	124
52 Jehovah se vurige leërmag	126
53 Joada is dapper	128
54 Jehovah was geduldig met Jona	130
55 Jehovah se engel het Hiskia beskerm	132
56 Josia was lief vir God se Wet	134

10

Van Jeremia tot Nehemia 136

57 Jehovah stuur Jeremia om te preek	138
58 Jerusalem word vernietig	140
59 Vier seuns wat aan Jehovah gehoorsaam was	142
60 'n Koninkryk wat vir ewig sal bestaan	144
61 Hulle het geweier om neer te buig	146
62 'n Koninkryk soos 'n groot boom	148
63 Die skrif teen die muur	150
64 Daniël in die leeu kuil	152
65 Ester red haar volk	154
66 Esra het God se Wet aan ander geleer	156
67 Die mure van Jerusalem	158

11

Johannes die Doper en Jesus 160

68 Elisabet kry 'n baba	162
69 Gabriël besoek Maria	164
70 Engele maak Jesus se geboorte bekend	166
71 Jehovah het Jesus beskerm	168
72 Die jong Jesus	170
73 Johannes berei die weg voor	172

12

Jesus se bediening 174

74 Jesus word die Messias	176
75 Die Duiwel toets Jesus	178
76 Jesus maak die tempel skoon	180

77 Die vrou by die waterput	182
78 Jesus verkondig die boodskap van die Koninkryk	184
79 Jesus doen baie wonderwerke	186
80 Jesus kies twaalf apostels	188
81 Die Bergpredikasie	190
82 Jesus leer sy dissipels hoe om te bid	192
83 Jesus gee duisende mense kos	194
84 Jesus loop op water	196
85 Jesus maak iemand op die Sabbat gesond	198
86 Jesus maak Lasarus weer lewend	200

13

Jesus se laaste week op die aarde 202

87 Jesus se laaste ete	204
88 Jesus word gevange geneem	206
89 Petrus sê dat hy Jesus nie ken nie	208
90 Jesus sterf op Golgota	210
91 Jesus word lewend gemaak	212
92 Jesus verskyn aan die vissermanne	214
93 Jesus gaan terug hemel toe	216

14

Die Christelike godsdiens versprei 218

94 Die dissipels ontvang heilige gees	220
95 Niks kon hulle keer nie	222
96 Jesus kies Saulus	224
97 Kornelius ontvang heilige gees	226
98 Die Christelike godsdiens word aan baie nasies verkondig	228
99 'n Tronkbewaarder leer die waarheid	230
100 Paulus en Timoteus	232
101 Paulus word na Rome gestuur	234
102 Die openbaring aan Johannes	236
103 'Laat u Koninkryk kom'	238



1

Die Bybel begin met 'n verslag van die fisiese skepping en vertel ons van die pragtige dinge wat Jehovah in die hemel en op die aarde gemaak het. As jy 'n ouer is, moet jy jou kind help om die verbasende verskeidenheid in die skepping te sien. Vestig jou kind se aandag op die manier waarop God mense geskep het. Mense is ver verhewe bo diere omdat God ons die vermoë gegee het om te praat, te redeneer, dinge te maak, te sing en te bid. Help jou kind om waardering op te bou vir Jehovah se krag en wysheid en veral vir die feit dat hy lief is vir sy hele skepping—insluitende vir elkeen van ons.



BELANGRIKE LESSE

- Jehovah en sy Seun het die aarde gemaak sodat ons daarop kan woon
- Jehovah het die gesinsreëling gemaak toe hy die man en vrou geskep het en hulle die vermoë gegee het om kinders te hê
- Jehovah wil hê dat mense vir ewig in vrede en eenheid moet lewe



1 God het die hemel en die aarde gemaak

Jehovah God is ons Skepper. Hy het alles gemaak, die dinge wat ons kan sien en die dinge wat ons nie kan sien nie. Voordat hy die dinge gemaak het wat ons kan sien, het hy baie, baie engele gemaak. Weet jy wat engele is? Engele is persone soos Jehovah. Ons kan hulle nie sien nie, net soos ons God nie kan sien nie. Die eerste engel wat Jehovah gemaak het, het sy helper geword. Hierdie engel het Jehovah gehelp toe hy die sterre, die planete en alle ander dinge gemaak het. Een van hierdie planete, die aarde, is ons pragtige woonplek.

Jehovah het die aarde gereedgemaak sodat diere en mense daarop kan bly. Hy het die son se lig op die aarde laat skyn. Hy het die berge, die see en die riviere gemaak.

“In die begin het God die hemel en die aarde geskep.”
—Genesis 1:1

Wat het Jehovah daarna gedoen? Hy het gesê: ‘Ek gaan gras en plante en bome maak.’ Talle verskillende soorte vrugte, groente en blomme het begin groei. Toe het Jehovah al die diere gemaak —diere wat vlieg, swem, kruip en kriewel. Hy het

klein diere soos hase en groot diere soos olifante gemaak. Van watter dier hou jy die meeste?

Toe het Jehovah vir die eerste engel gesê: ‘Laat ons mense maak.’ Mense sou anders wees as die diere. Hulle kon dinge maak. Hulle kon



praat, lag en bid. Hulle sou
na die aarde en die diere
kyk. Weet jy wie die eerste
mens was? Kom ons kyk.

Vrae: Wie is Jehovah God?
Wat het Jehovah gemaak?

Genesis 1:1-26; Spreuke 8:30, 31;
Jeremia 10:12; Kolossense 1:15-17


2 God het die eerste man en vrou gemaak

Jehovah het 'n tuin gemaak in 'n plek wat Eden genoem is. Die tuin was vol blomme, bome en diere. Toe het God die eerste mens, Adam, uit stof gemaak en in sy neusgate geblaas. Weet jy wat gebeur het? Die mens het 'n lewende persoon geword! Jehovah het gesê dat Adam na die tuin moet kyk, en God het vir hom gesê om al die diere name te gee.

Jehovah het Adam 'n belangrike bevel gegee. Hy het vir Adam gesê: 'Jy kan die vrugte van al die bome eet, behalwe die vrugte van een spesiale boom. As jy die vrugte van daardie boom eet, sal jy sterf.'

Jehovah het later gesê: 'Ek gaan vir Adam 'n helper maak.' Hy het Adam aan die slaap gemaak, en toe het God een van Adam se ribbene gebruik om 'n vrou vir Adam te maak. Haar naam was Eva.

Adam en Eva het die eerste gesin geword. Hoe het Adam oor sy nuwe vrou gevoel? Adam was baie gelukkig en hy het gesê:




‘Kyk wat Jehovah uit my ribbebeen gemaak het! Uiteindelik! Dis iemand soos ek.’

Jehovah het vir Adam en Eva gesê om kinders te hê en die aarde te vul. Hy wou hê dat hulle dit moes geniet om saam te werk om die hele aarde ’n paradys, of ’n pragtige park, net soos die tuin van Eden te maak. Maar dit het nie gebeur nie. Hoekom nie? Ons sal meer in die volgende hoofstuk leer.

Vrae: Watter werk het Jehovah vir Adam gegee? Wat sou met Adam en Eva gebeur as hulle van die boom eet wat God gesê het hulle nie van moet eet nie?

Genesis 1:27-31; 2:7-9, 15-23; Psalm 115:16; Matteus 19:4-6

“Die een wat mense geskep het, [het] hulle van die begin af man en vrou gemaak.”—Matteus 19:4





2

Hoekom het Jehovah 'n vloed gebring wat die hele wêreld destyds vernietig het? 'n Stryd het vroeg in die mensegeskiedenis begin—die stryd tussen goed en sleg. Party mense, soos Adam en Eva en hulle seun Kain, het die slegte kant gekies. 'n Paar ander, soos Abel en Noag, het die goeie kant gekies. Die meeste mense het so sleg geword dat Jehovah 'n einde aan daardie slegte wêreld gebring het. Hierdie deel sal ons help om te leer dat Jehovah sien watter kant ons kies en dat hy nooit sal toelaat dat die slegte die goeie oorwin nie.



BELANGRIKE LESSE

- Ons moet lief wees vir vrede. Ons moenie gewelddadig wees soos die Duiwel en sy volgelinge nie
- As ons, soos Noag, na God luister en hom gehoorsaam, kan ons vir ewig in geluk lewe
- Jehovah sien alles wat gebeur. Regverdigheid maak sy hart bly, maar goddeloosheid maak hom hartseer

3 Adam en Eva was ongehoorsaam aan God

Toe Eva op 'n dag alleen was, het 'n slang met haar gepraat. Dit het gesê: 'Is dit waar dat God nie wil hê dat julle van al die bome moet eet nie?' Eva het gesê: 'Ons kan van al die bome eet, behalwe van een. As ons die vrugte van daardie boom eet, sal ons doodgaan.' Die slang het gesê: 'Julle sal nie doodgaan nie. As julle daarvan eet, sal julle eintlik soos God wees.' Was dit waar? Nee, hy het gelieg. Maar Eva het dit geglo. Hoe meer Eva na die vrug gekyk het, hoe meer wou sy dit hê. Sy het die vrug geëet en ook vir Adam daarvan gegee. Hy het geweet dat hulle sou sterf as hulle ongehoorsaam is aan God. Maar Adam het die vrug in elk geval geëet.

Later daardie dag het Jehovah met Adam en Eva gepraat. Hy het vir hulle gevra hoekom hulle ongehoorsaam was aan hom. Eva het gesê dat dit die slang se skuld is, en Adam het gesê dat dit Eva se skuld is. Jehovah het Adam en Eva uit die tuin gesit omdat hulle ongehoorsaam aan hom was. Om seker te maak dat hulle nooit weer by die tuin kon ingaan nie, het hy engele en 'n swaard van vuur by die ingang gesit.

Jehovah het gesê dat die een wat vir Eva gelieg het, ook gestraf sal word. Dit was nie regtig die slang wat met Eva gepraat het nie. Jehovah het nie slange gemaak wat kon praat nie. Dit was 'n slegte engel wat die slang laat praat het. Hy het dit gedoen om Eva te mislei. Daardie engel word Satan die Duiwel genoem. In die toekoms sal Jehovah Satan vernietig en dan sal hy mense nie meer kan mislei om slegte dinge te doen nie.

Vrae: Hoekom het Eva die vrug geëet? Wat het met Adam en Eva gebeur nadat hulle ongehoorsaam was aan Jehovah? Wie is Satan die Duiwel?

Genesis 3:1-24; Johannes 8:44; 1 Johannes 3:8; Openbaring 12:9





“Die Duiwel . . . was ’n moordenaar van die begin af, en hy het nie in die waarheid vasgestaan nie, want daar is nie waarheid in hom nie.”—Johannes 8:44

4 Woede lei tot moord

Nadat Adam en Eva die tuin van Eden verlaat het, het hulle baie kinders gehad. Hulle eerste seun, Kain, het 'n boer geword en hulle tweede seun, Abel, het 'n herder geword.

Op 'n dag het Kain en Abel offerandes aan Jehovah gebring. Weet jy wat 'n offerande is? Dit is 'n spesiale soort geskenk. Jehovah was tevrede met Abel se offerande, maar nie met Kain s'n nie. Dit het Kain baie kwaad gemaak. Jehovah het Kain gewaarsku en gesê dat sy woede hom iets slegs kan laat doen. Maar Kain het nie geluister nie.

Kain het eerder vir Abel gesê: 'Kom saam met my veld toe.' Terwyl hulle alleen in die veld was, het Kain sy broer aangeval en hom





doodgemaak. Wat sou Jehovah hieroor doen? Jehovah het Kain gestraf deur hom ver van sy gesin af weg te stuur. Kain sou nooit weer toegelaat word om terug te kom nie.

Wat kan ons hieruit leer? Ons word dalk kwaad as dinge nie uitwerk soos ons dink dit moet uitwerk nie. As ons al hoe kwater word—of as ander ons waarsku omdat hulle sien dat ons kwaad is—moet ons ons gevoelens dadelik verander en onder beheer kry voordat dit ons beheer.

Omdat Abel lief was vir Jehovah en gedoen het wat reg is, sal Jehovah hom altyd onthou. God sal Abel weer laat lewe wanneer Hy die aarde in ’n paradys verander.

Vrae: Wie was Adam en Eva se eerste twee kinders?
Hoekom het Kain sy broer doodgemaak?

Genesis 4:1-12; Hebreërs 11:4; 1 Johannes 3:11, 12

**“Maak eers vrede met jou broer en kom dan terug en bring jou offer.”
—Matteus 5:24**

5 Noag se ark

Later was daar baie mense op die aarde. Die meeste van hulle was sleg. Selfs party van die engele in die hemel het sleg geword. Hulle het hulle woonplek in die hemel verlaat en na die aarde toe gekom. Weet jy hoekom hulle dit gedoen het? Sodat hulle menseliggame kon aanneem en met vroue kon trou.

Die engele en die vroue het saam seuns gehad. Hierdie seuns het baie sterk geword en mense begin boelie. Hulle het mense seergemaak. Jehovah kon nie toelaat dat dit aanhou gebeur nie. Daarom het hy besluit om die slegte mense in 'n vloed te vernietig.

Maar daar was 'n man wat anders was. Hy was lief vir Jehovah. Sy naam was Noag. Hy het 'n vrou gehad en drie seuns, Sem, Gam en Jafet, en elkeen van hulle het 'n vrou gehad. Jehovah het vir Noag

gesê om 'n groot ark te bou sodat hy en sy gesin die Vloed kon oorleef. 'n Ark is 'n groot boks wat op water kan dryf. Jehovah het ook vir Noag gesê om baie diere in die ark in te bring sodat hulle ook kon oorleef.


“Net soos die dae van Noag was, so sal die teenwoordigheid van die Seun van die mens wees.”
—Matteus 24:37

Noag het dadelik begin om die ark te bou. Dit het Noag en sy gesin omtrent 50 jaar geneem om dit te bou. Hulle het die ark presies gebou soos Jehovah gesê het. Gedurende daardie tyd het Noag die mense oor die Vloed gewaarsku. Maar niemand het na hom geluister nie.

Uiteindelik was dit tyd om in die ark in te gaan. Kom ons vind uit wat volgende gebeur het.

Vrae: Hoekom het Jehovah besluit om die Vloed te bring? Wat het Jehovah vir Noag gesê om te doen?

Genesis 6:1-22; Matteus 24:37-41; 2 Petrus 2:5; Judas 6







6 Agt oorleef tot in 'n nuwe wêreld

Noag, sy gesin en die diere het in die ark ingegaan. Jehovah het die deur toegemaak, en dit het begin reën. Dit het so baie gereën dat die ark begin dryf het. Uiteindelik was die hele aarde onder water. Buite die ark het al die slegte mense gesterf. Maar Noag en sy gesin was veilig binne-in die ark. Kan jy dink hoe bly hulle was dat hulle Jehovah gehoorsaam het?

Dit het 40 dae en 40 nagte hard gereën, en toe het dit opgehou. Die water het stadig afgesak. Uiteindelik het die ark op die berge gaan stilstaan. Maar daar was nog oral baie water, en daarom kon Noag en sy gesin nie dadelik uit die ark uitgaan nie.

Bietjie vir bietjie het die water opgedroog. Noag en sy gesin was meer as 'n jaar lank in die ark. Toe het Jehovah vir hulle gesê dat hulle uit die ark kan gaan en iets wat soos 'n nuwe wêreld gelyk het, kan binnegaan. Hulle was baie dankbaar dat Jehovah hulle gered het en het dit gewys deur 'n offerande aan Jehovah te bring.

Hierdie offerande het Jehovah gelukkig gemaak. Hy het belowe dat hy nooit weer alles op die aarde met 'n vloed sal vernietig nie. As 'n teken van hierdie belofte het hy die eerste reënboog in die lug laat verskyn. Het jy al ooit 'n reënboog gesien?

Toe het Jehovah vir Noag en sy gesin gesê om kinders te hê en die aarde te vul.

Vrae: Wat het gebeur nadat Jehovah die ark se deur toegemaak het?
Wat moet ons onthou wanneer ons 'n reënboog sien?

Genesis 7:1–9:17

'Noag het in die ark ingegaan, en die mense het geen aandag geskenk totdat die Vloed gekom het en hulle almal weggespoel het nie.'
—Matteus 24:38, 39





3

Die Bybel noem baie min name van mense wat Jehovah in die jare ná die Vloed gedien het. Onder diegene wat hom wel gedien het, was Abraham, wat bekend was as Jehovah se vriend. Hoekom is hy Jehovah se vriend genoem? As jy 'n ouer is, moet jy jou kind help om te sien dat Jehovah in hom belangstel en hom wil help. Soos Abraham en ander getroue manne, soos Lot en Jakob, kan ons Jehovah enige tyd vra om ons te help. Ons kan die vertrouwe hê dat Jehovah al sy beloftes sal nakom.



BELANGRIKE LESSE


- Doen wat Jehovah jou ook al vra om te doen, al is dit nie maklik nie
- Vriendskap met God is waardevoller as enigiets anders
- Jehovah wil graag hê dat ons ander moet vergewe en so gou as moontlik vrede moet maak

7 Die toring van Babel

Ná die Vloed het Noag se seuns en hulle vrouens baie kinders gehad. Hulle families het groter geword, en hulle het op verskillende dele van die aarde gaan bly, net soos Jehovah vir hulle gesê het om te doen.

Maar party mense was nie gehoorsaam aan Jehovah nie. Hulle het gesê: 'Laat ons 'n stad bou en hier bly. Ons sal 'n toring bou wat so hoog is dat sy punt reg tot by die hemel kom. Dan sal ons beroemd wees.'


“Elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, maar elkeen wat homself verneder, sal verhoog word.”—Lukas 18:14



Jehovah het nie gehou van wat daardie mense gedoen het nie, en daarom het hy besluit om die bouery stop te sit. Weet jy hoe hy dit gedoen het? Hy het hulle skielik verskillende tale laat praat. Omdat hulle mekaar nie meer kon verstaan nie, het hulle opgehou om te bou. Die stad wat hulle gebou het, het bekend geword as Babel, wat “Verwarring” beteken. Mense het begin wegtrek en oral op die aarde gaan bly. Maar hulle het aangehou om slegte dinge te doen op die nuwe plekke waar hulle gebly het. Was daar mense wat nog lief was vir Jehovah? Ons sal in die volgende hoofstuk uitvind.

Vrae: Wat het die mense van Babel gedoen?
Hoe het Jehovah hulle gekeer?

Genesis 11:1-9



8 Abraham en Sara was gehoorsaam aan God

Naby Babel was 'n stad met die naam Ur. Die mense daar het Jehovah nie aanbid nie. Hulle het eerder baie ander gode aanbid. Maar daar was 'n man in Ur wat net Jehovah aanbid het. Sy naam was Abraham.

Jehovah het vir Abraham gesê: 'Trek weg uit jou land en van jou familie af en gaan na die land wat ek jou sal wys.' Toe het God belowe: 'Jy sal 'n groot nasie word en as gevolg van jou sal ek goeie dinge vir baie mense regoor die aarde doen.'

Abraham het nie geweet waarheen Jehovah hom sou stuur nie, maar hy het op Jehovah vertrou. Abraham, sy vrou Sara, sy pa Tera en



sy neef Lot was gehoorsaam en het toe al hulle goed opgepak en met hulle lang reis begin.

Abraham was 75 jaar oud toe hy en sy familie uiteindelik aangekom het in die land wat Jehovah wou hê hulle moes sien. Dit is die land Kanaän genoem. Daar het God met Abraham gepraat en die volgende belofte gemaak: 'Ek sal hierdie hele land wat jy om jou sien, aan jou kinders gee.' Maar Abraham en Sara was oud en het nie kinders gehad nie. Hoe sou Jehovah dan hierdie belofte nakom?

Vrae: Wat het Jehovah Abraham gevra om te doen?
Wat het Jehovah Abraham belowe?

Genesis 11:29–12:9; Handeling 7:2-4; Galasiërs 3:6; Hebreërs 11:8

**“Deur geloof het Abraham . . . gehoorsaam weggetrek na 'n plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; hy het weggetrek, al het hy nie geweet waarheen hy gaan nie.”
—Hebreërs 11:8**





9 Uiteindelik 'n seun!

Abraham en Sara is al baie jare lank getroud. Hulle het hulle gerieflike huis in Ur verlaat en het in 'n tent gebly. Maar Sara het nie gekla nie omdat sy op Jehovah vertrou het.

Sara wou so graag 'n kind hê dat sy vir Abraham gesê het: 'As my diensmeisie Hagar 'n kind kry, sal dit soos my eie wees.' Later het Hagar 'n seun gehad. Sy naam was Ismael.

Baie jare later, toe Abraham 99 jaar oud was en Sara 89, het hulle drie besoekers gehad. Abraham het hulle genooi om onder 'n boom te rus en iets te eet. Weet jy wie die besoekers was? Hulle was engele! Hulle het vir Abraham gesê: 'Volgende jaar hierdie tyd sal jy en jou vrou 'n seun hê.' Sara was in die tent en het gehoor wat hulle gesê het. Sy het saggies gelag en gedink: 'Kan ek regtig 'n kind hê, al is ek so oud?'

Die volgende jaar het Sara 'n seun gehad, net soos Jehovah se engel belowe het. Abraham het hom Isak genoem, wat "Lag" beteken.

“Deur geloof het Sara krag ontvang om ’n nageslag voort te bring . . . want sy het geglo dat die Een wat die belofte gemaak het, getrou is.”—Hebreërs 11:11

Toe Isak omtrent vyf jaar oud was, het Sara gesien dat Ismael hom terg. Sy wou haar seun beskerm, en daarom het sy na Abraham toe gegaan en gevra dat hy Hagar en Ismael moet wegstuur. Eers wou Abraham dit nie doen nie. Maar Jehovah het vir Abraham gesê: ‘Luister na Sara. Ek sal vir Ismael sorg. Maar dit is deur Isak dat ek my beloftes sal nakom.’

Vrae: Wat het die engele vir Abraham gesê?
Hoe het Jehovah Isak beskerm?

Genesis 16:1-4, 15, 16; 17:25-27; 18:1-15; 21:1-14;
Hebreërs 11:11





10 Dink aan Lot se vrou

Lot het saam met sy oom, Abraham, in die land Kanaän gebly. Op die ou end het Abraham en Lot so baie diere gehad dat daar nie genoeg land vir hulle almal was nie. Abraham het vir Lot gesê: ‘Ons kan nie meer saam op dieselfde plek bly nie. Kies asseblief na watter kant toe jy wil gaan, dan sal ek na die ander kant toe gaan.’ Dink jy nie dat dit onselfsugtig was van Abraham nie?

Lot het ’n baie mooi deel van die land naby ’n stad met die naam Sodom gesien. Daar was meer as genoeg water en groen gras. Daarom het hy hierdie plek gekies en saam met sy gesin daar gaan bly.

Die mense van Sodom en van ’n stad daar naby, Gomorra, was baie sleg. Hulle was so sleg dat Jehovah besluit het om hierdie stede te vernietig. Maar God wou Lot en sy gesin red, en daarom het hy twee engele gestuur om hulle te waarsku. Die engele het gesê: ‘Maak gou! Gaan uit hierdie stad uit! Jehovah gaan dit vernietig.’

Lot het nie dadelik gegaan nie. Hy het bly uitstel. Daarom het die engele Lot, sy vrou en sy twee dogters aan die hand gevat en hulle haastig uit die stad gelei. Hulle het gesê: ‘Hardloop! Vlug vir julle lewe en moenie omkyk nie. As julle omkyk, sal julle doodgaan!’

Toe hulle by die stad Soar kom, het Jehovah vuur en swael op Sodom en Gomorra laat reën. Daardie twee stede is heeltemal vernietig. Lot se vrou was ongehoorsaam aan Jehovah en het

“Dink aan die vrou van Lot.”
—Lukas 17:32

omgekyk. Sy het in ’n soutpilaar verander! Maar Lot en sy dogters was veilig omdat hulle gehoorsaam was aan Jehovah. Hulle was seker baie hartseer omdat Lot se vrou ongehoorsaam was. Maar hulle was bly dat hulle gedoen het wat Jehovah gesê het.

Vrae: Hoekom het Jehovah Sodom en Gomorra vernietig?
Hoekom het Lot se vrou in ’n soutpilaar verander?

Genesis 13:1-13; 19:1-26; Lukas 17:28, 29, 32; 2 Petrus 2:6-9



11 'n Toets van geloof

Abraham het sy seun Isak geleer om Jehovah lief te hê en om op al Jehovah se beloftes te vertrou. Maar toe Isak omtrent 25 jaar oud was, het Jehovah Abraham gevra om iets te doen wat vir hom baie moeilik sou wees. Wat moes hy doen?

God het vir Abraham gesê: 'Neem asseblief jou enigste seun na 'n berg in die land Moria en offer hom daar as 'n offerande op.' Abraham het glad nie verstaan hoekom Jehovah hom gevra het om dit te doen nie. Maar hy was nogtans gehoorsaam aan Jehovah.

Abraham het vroeg die volgende oggend saam met Isak en twee van sy knegte na Moria toe begin reis. Ná drie dae kon hulle die berge van ver af sien. Abraham het vir sy knegte gesê om te wag terwyl hy en Isak verder gegaan het om 'n offerande te bring. Abraham het vir Isak vuurmaakhout gegee om te dra, en Abraham het 'n mes saamgeneem. Isak het vir sy pa gevra: 'Waar is die dier wat ons gaan offer?' Abraham het geantwoord: 'My seun, Jehovah sal 'n dier voorsien.'

Toe hulle uiteindelik by die berg aankom, het hulle 'n altaar gebou. Abraham het toe Isak se hande en voete vasgemaak en hom op die altaar gesit.

Abraham het die mes opgetel. Op daardie oomblik het Jehovah se engel uit die hemel geroep: 'Abraham!'



Moenie die seun seermaak nie! Nou weet ek dat jy in God glo, want jy was bereid om jou seun op te offer.’ Abraham het toe ’n ram gesien wat aan sy horings in ’n bos vasgesit het. Hy het Isak toe vinnig losgemaak en eerder die ram geoffer.

Van daardie dag af het Jehovah Abraham sy vriend genoem. Weet jy hoekom? Abraham het alles gedoen wat Jehovah hom gevra het, selfs wanneer hy nie verstaan het hoekom Jehovah dit gevra het nie.

Jehovah het weer vir Abraham belowe: ‘Ek sal jou seën en jou kinders, of nageslag, vermeerder.’ Dit het beteken dat Jehovah Abraham se familie sou gebruik om alle goeie mense te seën.

Vrae: Hoe het Abraham gewys dat hy op Jehovah vertrou het? Wat het Jehovah vir Abraham belowe?

Genesis 22:1-18; Hebreërs 11:17-19; Jakobus 2:21-23



“God het die wêreld so liefgehad dat hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat geloof in hom stel, nie vernietig sal word nie maar die ewige lewe kan hê.”
—Johannes 3:16

12 Jakob het die erfenis gekry

Isak was 40 jaar oud toe hy met Rebekka getrou het. Hy het haar baie liefgehad. Hulle het later twee seuns gehad—hulle was ’n tweeling.

Die oudste een se naam was Esau en die jonger een se naam was Jakob. Esau het daarvan gehou om buite te wees en hy was ’n goeie jagter. Maar Jakob het daarvan gehou om by die huis te bly.

In daardie dae het die oudste seun die meeste van die grond en geld gekry wanneer sy pa gesterf het. Dit was ’n erfenis genoem. In Isak se familie sou die een wat die erfenis ontvang, ook ’n deel hê aan die beloftes wat Jehovah aan Abraham gemaak het. Daardie beloftes was nie vir Esau belangrik nie, maar Jakob het geweet dat dit baie belangrik is.

Eendag was Esau baie moeg toe hy ná ’n lang dag in die veld by die huis kom. Hy het die lekker kos geruik wat Jakob besig was om te kook en hy het gesê: ‘Ek is dood van die honger! Gee my ’n bietjie van daardie rooi kos!’ Jakob het gesê: ‘Ek sal, maar belowe my eers dat ek jou erfenis kan kry.’ Esau het geantwoord: ‘Ek gee tog nie om vir my erfenis nie! Jy kan dit maar kry. Ek wil net eet.’ Dink jy dat dit wys van Esau was? Nee, dit was nie. Esau het iets baie waardevols weggee in ruil vir ’n bord kos.



Toe Isak baie oud was, was dit tyd om aan sy oudste kind 'n seën te gee. Maar Rebekka het Jakob, die jonger seun, gehelp om die seën te kry. Toe Esau hiervan uitvind, was hy baie kwaad en hy het beplan om sy tweelingbroer dood te maak. Isak en Rebekka wou Jakob beskerm, en daarom het hulle vir hom gesê: 'Gaan weg en gaan bly by jou ma se broer, oom Laban, totdat Esau nie meer kwaad is nie.' Jakob het na sy ouers se raad geluister en vir sy lewe gevlug.

Vrae: Watter soort persoon was Esau? Watter soort persoon was Jakob?
Hoekom het Jakob 'n seën gekry in plaas van Esau?

Genesis 25:20-34; 27:1-28:5; Hebreërs 12:16, 17

“Wat sal dit 'n mens help as hy die hele wêreld wen en sy lewe verloor? Wat sal 'n mens gee in ruil vir sy lewe?”—Markus 8:36, 37



13 Jakob en Esau maak vrede

Jehovah het Jakob belowe dat hy hom sou beskerm, net soos hy Abraham en Isak beskerm het. Jakob het in 'n plek met die naam Haran gaan bly. Toe het hy getrou, 'n groot gesin gehad en baie ryk geword.

Uiteindelik het Jehovah vir Jakob gesê: 'Gaan terug na jou geboorteland toe.' Jakob en sy gesin het toe die lang reis terug begin. Op pad soontoe het 'n paar mense na Jakob toe gekom en vir hom gesê: 'Jou broer Esau is op pad, en daar is 400 manne saam met hom!' Jakob was bang dat Esau hom en sy gesin wou seermaak. Hy het tot Jehovah gebid: 'Red my asseblief van my broer.' Die volgende dag het Jakob vir Esau baie skape, bokke, koeie, kamele en donkies as 'n geskenk gestuur.

Terwyl Jakob daardie nag alleen was, het hy 'n engel gesien. Die engel het met hom begin stoei. Hulle het tot die oggend toe gestoei. Al het Jakob seergekry, het hy geweier om moed op te gee. Die engel het gesê: 'Laat my gaan.' Maar Jakob het gesê: 'Nee, nie voordat jy my seën nie.'

Uiteindelik het die engel Jakob geseën. Jakob het nou geweet dat Jehovah nie sou toelaat dat Esau hom seermaak nie.

Daardie oggend het Jakob vir Esau en sy 400 manne in die verte gesien. Jakob het vooruitgegaan en sewe keer voor sy

“Hou aan om julle vyande lief te hê en om te bid vir die mense wat julle vervolg, sodat julle kan toon dat julle kinders is van julle Vader wat in die hemel is.”—Matteus 5:44, 45

broer neergebuig. Esau het na Jakob toe gehardloop en sy arms om hom gegooi. Die twee broers het begin huil en vrede gemaak. Hoe dink jy het Jehovah gevoel oor hoe Jakob hierdie situasie hanteer het?

Later het Esau na sy huis toe teruggegaan en Jakob na syne toe. Jakob het 12 seuns gehad. Hulle name was Ruben, Simeon, Levi, Juda, Dan, Naftali, Gad, Aser, Issaskar, Sebulon, Josef en Benjamin. Een van hierdie seuns—Josef—is deur Jehovah gebruik om Sy volk te red. Weet jy hoe? Kom ons vind uit.

Vrae: Hoekom het Jakob 'n seën ontvang?
Hoe het hy met sy broer vrede gemaak?

Genesis 28:13-15; 31:3, 17, 18; 32:1-29; 33:1-18; 35:23-26





4

Hierdie deel stel ons voor aan Josef, Job, Moses en die Israeliete. Hulle het almal baie gelyk as gevolg van die Duiwel. Party van hulle is onregverdig behandel, is in die tronk gegooi, was slawe en is selfs doodgemaak. Maar Jehovah het hulle op verskillende maniere beskerm. As jy nou ouer is, moet jy jou kind help om te verstaan dat hierdie kragtige van Jehovah gelyk is, maar nie hulle geloof verloor het nie.

Jehovah het die Tien Plae gebruik om te wys dat hy kragtiger is as al die gode van Egipte. Beklemtoon hoe Jehovah sy volk in die verlede beskerm het en hoe hy dit vandag doen.



BELANGRIKE LESSE

- Josef het geweier om onsedelik te wees omdat hy lief was vir Jehovah
- Job het nie toegelaat dat groot lyding tussen hom en Jehovah kom nie
- Moses het nooit vergeet dat hy 'n kneg van God is nie, maak nie saak waar hy was nie

14 'n Slaaf wat gehoorsaam was aan God


Josef was een van Jakob se jonger seuns. Sy ouer broers het gesien dat hulle pa Josef die liefste gehad het. Hoe dink jy het hulle daarvoor gevoel? Hulle was jaloers op Josef en het hom gehaat. Eendag het Josef 'n paar buitengewone drome gehad, en hy het sy broers daarvan vertel. Hulle het gedink dat die drome beteken dat hulle eendag voor hom sou neerbuig. Nou het hulle hom nog meer gehaat!

Eendag het Josef se broers skape opgepas naby die stad Sigem. Jakob het Josef gestuur om te gaan kyk hoe dit met hulle gaan. Hulle het Josef van ver af sien aankom en het vir mekaar gesê: 'Hier kom daardie dromer. Kom ons maak hom dood!' Hulle het hom gegryp en hom in 'n diep put gegooi. Maar Juda, een van sy broers, het gesê: 'Moet hom nie doodmaak nie! Laat ons hom eerder as 'n slaaf verkoop.' Hulle het Josef toe vir 20 silwerstukke aan Midianitiese handelaars verkoop wat op pad was na Egipte.

Josef se broers het sy kleed in 'n bok se bloed gedoop, die kleed na hulle vader toe gestuur en gesê: 'Is dit nie u seun se kleed nie?' Jakob het gedink dat 'n wilde dier Josef doodgemaak het. Hy was baie hartseer. Niemand kon hom troos nie.

In Egipte is Josef as 'n slaaf verkoop aan 'n belangrike man met die naam Potifar. Maar Jehovah was met Josef. Potifar het gesien dat Josef 'n goeie werker is en dat hy hom kon vertrou. Ná 'n kort rukkie is Josef oor al Potifar se besittings aangestel.

Potifar se vrou het gesien dat Josef mooi en sterk is. Dag ná dag het sy Josef gevra om by haar te kom lê. Wat sou Josef doen? Hy het




geweier en gesê: ‘Nee! Dit is verkeerd. My meester vertrou my, en jy is sy vrou. As ek by jou kom lê, sal ek teen God sondig!’

Eendag het Potifar se vrou Josef probeer dwing om by haar te kom lê. Sy het hom aan sy klere gegryp, maar hy het weggehardloop. Toe Potifar by die huis kom, het sy gesê dat Josef haar aangeval het. Dit was nie die waarheid nie; sy het gelieg. Potifar was baie kwaad en het Josef toe in die tronk gegooi. Maar Jehovah het nie van Josef vergeet nie.

Vrae: Hoe het Josef se broers hom behandel?
Hoekom is Josef in die tronk gegooi?

Genesis 37:1-36; 39:1-23; Handeling 7:9

**“Verneder julle dan onder die magtige hand van God, sodat hy julle mettertyd kan verheerlik.”
—1 Petrus 5:6**





15 Jehovah het Josef nooit vergeet nie

Terwyl Josef in die tronk was, het Farao, die koning van Egipte, drome gehad wat niemand kon verduidelik nie. Een van Farao se knegte het gesê dat Josef vir hom kan vertel wat sy drome beteken. Farao het Josef dadelik laat roep.

Farao het hom gevra: 'Kan jy verduidelik wat my drome beteken?' Josef het vir Farao gesê: 'Egipte sal sewe jaar lank oorgenoeg kos hê, en daarna sal daar sewe jaar van hongersnood wees. Kies 'n wyse man om kos bymekaar te maak sodat u volk nie sal doodgaan van die honger nie.' Farao het geantwoord: 'Ek kies jou! Jy sal die tweede magtigste man in Egipte wees!' Hoe het Josef geweet wat Farao se drome beteken? Jehovah het Josef gehelp.

Gedurende die volgende sewe jaar het Josef kos bymekaargemaak. Toe was daar 'n hongersnood regoor die aarde, net soos Josef gesê het. Mense het van oral gekom om kos by Josef te koop. Sy pa, Jakob, het gehoor dat daar kos in Egipte was, en daarom het hy tien van sy seuns soontoe gestuur om kos te gaan koop.

Jakob se seuns het na Josef toe gegaan, en hy het hulle dadelik herken. Maar Josef se broers het nie geweet dat dit hy is nie. Hulle het voor hom neergebuig, net soos in die drome wat hy jare tevore gehad het. Josef wou weet of sy broers nog steeds so vol haat was. Daarom het hy vir hulle gesê: 'Julle is spioene. Julle wil uitvind hoe om ons land aan te val.' Hulle het gesê: 'Nee! Ons is 12 broers wat van Kanaän af kom. Een van ons broers is dood, en die jongste een is by ons pa.'

Josef het toe gesê: ‘Bring julle jongste broer na my toe, dan sal ek julle glo.’ Hulle het toe teruggegaan huis toe.

“As julle die mense nie vir hulle oortredings vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie vir julle oortredings vergewe nie.”—Matteus 6:15

Toe die gesin se kos weer opraak, het Jakob sy seuns teruggestuur Egipte toe. Hierdie keer het hulle vir Benjamin, hulle jongste broer, saam met hulle gevat. Om sy broers te toets, het Josef sy silwerbeker in Benjamin se sak vol graan weggesteek en sy broers daarvan beskuldig dat hulle dit gesteel het. Toe Josef se knegte sy beker in Benjamin se sak kry, was sy broers geskok. Hulle het Josef gesmeek om hulle eerder te straf, nie vir Benjamin nie.

Nou het Josef geweet dat sy broers verander het. Hy kon sy gevoelens nie langer wegsteek nie. Hy het in tranes uitgebars en gesê: ‘Ek is julle broer Josef. Lewe my pa nog?’ Sy broers was baie verbaas. Hy het vir hulle gesê: ‘Moenie sleg voel oor wat julle aan my gedoen het nie. God het my hierheen gestuur om julle lewens te red. Maak gou en bring my pa hierheen.’

Hulle het huis toe gegaan om vir hulle pa die goeie nuus te vertel en om hom na Egipte toe te bring. Ná baie jare was Josef en sy pa uiteindelik weer bymekaar.

Vrae: Hoe het Jehovah Josef gehelp?

Hoe het Josef gewys dat hy sy broers vergewe het?

Genesis 40:1–45:28; 46:1–7, 26–34; Psalm 105:17–19; Handeling 7:9–15



16 Wie was Job?

In die land Us het 'n man gewoon wat Jehovah aanbid het. Sy naam was Job. Hy was 'n baie ryk man en het 'n groot gesin gehad. Hy was liefdevol en hy het arm mense gehelp, sowel as vroue wie se mans gesterf het en kinders wat nie ouers gehad het nie. Maar sou Job, net omdat hy gedoen het wat reg is, nooit probleme hê nie?

Satan het Job dopgehou, maar Job het dit nie geweet nie. Jehovah het vir Satan gesê: 'Het jy my kneg Job gesien? Daar is niemand soos hy op die aarde nie. Hy luister na my en doen wat reg is.' Satan het geantwoord: 'Natuurlik gehoorsaam Job jou. Jy beskerm hom en seën hom. Jy gee hom grond en diere. Neem dit alles weg, en hy sal ophou om jou te aanbid.' Jehovah het gesê: 'Jy mag Job toets. Maar jy mag hom nie doodmaak nie.' Hoekom het Jehovah Satan toegelaat om Job te toets? Hy was vol vertroue dat Job getrou sou bly.

Satan het Job begin toets deur 'n hele paar verskriklike dinge met hom te laat gebeur. Eerstens het hy mense wat die Sabeërs genoem is, gestuur om Job se beeste en donkies te steel. Daarna het 'n vuur al Job se skape vernietig. 'n Ander groep mense, die Galdeërs, het sy kamele gesteel. Die knegte wat hierdie diere opgepas het, is doodgemaak. Toe het die ergste ding gebeur. Al Job se kinders het

gesterf toe die huis waarin hulle feesgevier het, op hulle geval het. Job was baie hartseer, maar hy het nie opgehou om Jehovah te aanbid nie.

Satan wou hê dat Job selfs meer moes ly, en



daarom het hy veroorsaak dat Job sere oor sy hele lyf gekry het. Job het baie pyn gehad. Hy het nie geweet hoekom al hierdie dinge met hom gebeur nie. Maar Job het Jehovah nog steeds aanbid. God het al hierdie dinge gesien, en Job het God se hart baie bly gemaak.

Toe het Satan drie mans gestuur om Job te toets. Hulle het vir hom gesê: 'Jy het seker gesondig en dit probeer wegsteek. En nou straf God jou.' Job het gesê: 'Ek het niks verkeerds gedoen nie.' Maar toe het hy begin dink dat Jehovah hierdie probleme veroorsaak, en hy het gesê dat God hom onregverdig behandel.

'n Jong man met die naam Elihu het na die gesprek geluister sonder om iets te sê. Toe het hy gepraat en gesê: 'Julle is almal verkeerd. Ons verstaan nie hoe groot Jehovah is nie. Hy kan nooit iets slegs doen nie. Hy sien alles en help mense met hulle probleme.'

Toe het Jehovah met Job gepraat. Hy het gesê: 'Waar was jy toe ek die hemel en die aarde gemaak het? Hoekom sê jy dat ek onregverdig is? Jy praat, maar jy weet nie hoekom dinge gebeur nie.' Job het sy fout erken en gesê: 'Ek was verkeerd. Ek het van u gehoor, maar nou ken ek u regtig. Niks is vir u onmoontlik nie. Ek is jammer oor wat ek gesê het.'

Toe die toets verby was, het Jehovah Job weer gesond gemaak en hom baie meer gegee as wat hy eers gehad het. Job het 'n lang en gelukkige lewe gehad. Jehovah het Job geseën omdat hy na hom geluister het, selfs toe dit vir hom moeilik was. Sal jy soos Job wees en aanhou om Jehovah te aanbid, maak nie saak wat gebeur nie?

Vrae: Hoe het Satan Job getoets?
Hoe het Jehovah Job beloon?

**Job 1:1-3:26; 4:7; 32:1-5; 34:5, 21; 35:2;
36:15, 26; 38:1-7; 40:8; 42:1-17**

**“Julle het gehoor
van die volharding
van Job en het
gesien hoe Jehovah
dit laat afloop het.”
—Jakobus 5:11**



17 Moses het gekies om Jehovah te aanbid

In Egipte is Jakob se familie Israeliete genoem. Nadat Jakob en Josef gesterf het, het 'n nuwe Farao begin heers. Hy was bang dat die Israeliete sterker as die Egiptenare sou word. Daarom het hierdie Farao van die Israeliete slawe gemaak. Hy het hulle gedwing om bakstene te maak en om baie hard in die landerye te werk. Maar al het die Egiptenare hulle gedwing om hard te werk, het die Israeliete meer en meer geword. Farao het nie hiervan gehou nie, en daarom het hy beveel dat al die pasgebore Israelitiese seuntjies doodgemaak moet word. Dink jy nie dat dit die Israeliete baie bang gemaak het nie?

'n Israelitiese vrou met die naam Jogebed het 'n pragtige babaseuntjie gehad. Om hom te beskerm, het sy hom in 'n mandjie gesit en dit tussen die riete van die Nylrivier weggesteek. Die baba se suster, Mirjam, het daar naby gebly om te kyk wat sou gebeur.

Farao se dogter het in die rivier kom bad en het die mandjie gesien. Sy het 'n huilende baba in die mandjie gevind en hom jammer



gekry. Mirjam het gevra: ‘Moet ek ’n vrou gaan soek wat vir jou na die kind kan kyk?’ Farao se dogter het ja gesê, en Mirjam het haar eie ma, Jogebed, gebring. Farao se dogter het vir haar gesê: ‘Neem hierdie baba, kyk na hom en ek sal jou betaal.’

Toe die kind ouer was, het Jogebed hom na Farao se dogter geneem, en sy het hom Moses genoem en hom as haar eie seun grootgemaak. Moses het as ’n prins grootgeword en kon enigiets kry wat hy wou hê. Maar Moses het Jehovah nooit vergeet nie. Hy het geweet dat hy eintlik ’n Israeliet is, nie ’n Egiptenaar nie. En hy het gekies om Jehovah te dien.

Toe Moses 40 was, het hy besluit om sy volk te help. Hy het eenkeer gesien hoe ’n Egiptenaar ’n Israelitiese slaaf slaan. Moses het die Egiptenaar so hard geslaan dat hy gesterf het. Moses het die lyk in die sand weggesteek. Toe Farao hiervan uitvind, het hy Moses probeer doodmaak. Maar Moses het na die land Midian gevlug. Jehovah het daar vir hom gesorg.

Vrae: Hoe is die Israeliete in Egipte behandel?
Hoekom het Moses uit Egipte gevlug?

Genesis 49:33; Eksodus 1:1-14, 22; 2:1-15;
Handelinge 7:17-29; Hebreërs 11:23-27

**“Deur geloof het Moses . . .
geweer om die seun van Farao
se dogter genoem te word en
gekies om eerder saam met die
volk van God sleg behandel te
word.”—Hebreërs 11:24, 25**



18 Die brandende bos

Moses het 40 jaar lank in Midian gebly. Hy het getrou en kinders gehad. Terwyl hy eendag sy skape naby die berg Sinai opgepas het, het hy iets buitengewoons gesien. 'n Doringbos was aan die brand, maar dit het nie uitgebrand nie! Toe Moses nader gaan om te sien hoekom nie, het hy 'n stem uit die bos hoor sê: 'Moses! Moenie nader kom nie. Trek jou sandale uit, want jy staan op heilige grond.' Dit was Jehovah wat deur 'n engel gepraat het.

Moses was bang, en daarom het hy sy gesig toegemaak. Die stem het gesê: 'Ek het gesien hoe die Israeliete swaarkry. Ek gaan hulle van die Egiptenare red en hulle na 'n goeie land bring. Jy is die een wat my volk uit Egipte sal lei.' Dink jy dat dit Moses verbaas het?

Moses het gevra: 'Wat moet ek sê as die mense vra wie my gestuur het?' God het geantwoord: 'Sê vir hulle dat Jehovah, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob jou gestuur het.' Toe het Moses gesê: 'Sê nou die mense luister nie na my nie?' Jehovah het vir Moses bewyse gegee dat Hy hom sou help. Hy het vir Moses gesê om sy stok op die grond te gooi. Toe word die stok 'n slang! Toe Moses die slang aan die stert gryp, het dit weer 'n stok geword. Jehovah

“Julle [moet] nie bekommerd wees oor wat julle moet sê of hoe julle dit moet sê nie, want wat julle moet sê, sal op daardie tyd aan julle gegee word.”
—Matteus 10:19

het gesê: 'Wanneer jy hierdie teken doen, sal dit bewys dat ek jou gestuur het.'

Moses het gesê: 'Ek kan nie goed praat nie.' Jehovah het hom belowe: 'Ek sal vir jou sê wat om te sê, en ek sal jou broer Aäron stuur om jou te help.' Moses het nou geweet dat Jehovah hom sal help, en daarom het hy sy vrou en sy seuns geneem en teruggegaan Egipte toe.

Vrae: Wat het Moses gesien terwyl hy sy skape opgepas het? Wat het Jehovah Moses gevra om te doen?

Eksodus 3:1-4:20; Handeling 7:30-36





19 Die eerste drie plaë

Die Israeliete is gedwing om hard te werk as slawe. Jehovah het Moses en Aäron na Farao gestuur met die volgende boodskap: 'Laat my volk gaan sodat hulle my in die wildernis kan aanbid.' Farao het trots geantwoord: 'Ek gee nie om wat Jehovah gesê het nie en ek sal die Israeliete nie laat gaan nie.' Toe het Farao hulle gedwing om selfs harder te werk. Jehovah sou Farao 'n les leer. Weet jy hoe? Hy het die Tien Plaë oor Egipte gebring. Jehovah het vir Moses gesê: 'Farao luister nie na my nie. Hy sal môreoggend by die Nylrivier wees. Gaan na hom toe en sê vir hom dat al die water in die Nylrivier in bloed sal verander omdat hy my volk nie laat gaan het nie.' Moses was gehoorsaam en het na Farao toe gegaan. Farao het gekyk hoe Aäron die Nyl met sy stok slaan, en die rivier het toe in bloed verander. Die rivier het begin stink, die visse het doodgegaan en daar was geen vars water in die Nyl om van te drink nie. Farao het nog steeds geweier om die Israeliete te laat gaan.



“Ek sal hulle nou my krag en my mag laat ken, en hulle sal moet weet dat my naam Jehovah is.”—Jeremia 16:21

Sewe dae later het Jehovah Moses teruggestuur na Farao toe met die volgende boodskap: ‘As jy nie my volk wegstuur nie, sal Egipte vol paddas word.’ Aäron het sy stok opgelig, en daar was paddas oral in die land. Die mense het paddas in hulle huise, in hulle beddens en in hulle bakke gevind. Daar was paddas net waar jy kyk! Farao het Moses beveel om Jehovah te smee om ’n einde aan hierdie plaag te maak. Farao het belowe dat hy die Israeliete sal laat gaan. Daarom het Jehovah die plaag laat ophou, en die Egiptenare het die dooie paddas in groot hope bymekaargemaak. Die land het begin stink. Maar Farao wou weer eens nie die volk laat gaan nie.

Toe het Jehovah vir Moses gesê: ‘Aäron moet die grond met sy stok slaan, en die stof sal verander in muggies, of klein vlieë wat kan byt.’ Dadelik was daar oral muggies. Farao se eie volk het vir hom gesê: ‘Hierdie plaag kom van God af.’ Maar Farao wou nog steeds nie die Israeliete laat gaan nie.

Vrae: Wat was die eerste drie plae?
Waarom het Jehovah hierdie plae veroorsaak?

Eksodus 5:1-18; 7:8-8:19; Nehemia 9:9, 10



20 Die volgende ses plae

Moses en Aäron het God se boodskap aan Farao gaan vertel. God het gesê: ‘As jy my volk nie laat gaan nie, sal ek steekvlieë na die land toe stuur.’ Daar was swerms steekvlieë in die huise van die Egiptenare, of hulle nou ryk of arm was. Die hele land was vol steekvlieë. Maar daar was geen steekvlieë in die land Gosen, waar die Israeliete gebly het nie. Van die vierde plaag af, het die plae net die Egiptenare getref. Farao het gevra: ‘Smeek Jehovah om hierdie vlieë weg te neem. Julle kan gaan.’ Maar toe Jehovah die steekvlieë wegneem, het Farao van plan verander. Sou Farao ooit sy les leer?

Jehovah het gesê: ‘As Farao my volk nie laat gaan nie, sal die diere van die Egiptenare siek word en doodgaan.’ Die volgende dag het die diere begin doodgaan. Maar die Israeliete se diere het nie doodgegaan nie. Farao was nog steeds hardkoppig en hy wou nie ingee nie.

Toe het Jehovah vir Moses gesê om terug te gaan na Farao toe en om as in die lug in te gooi. Die as het stof geword en was oral in die lug. Dit het op die Egiptenare gaan lê en veroorsaak dat hulle en hulle diere vol sere geword het. Farao het nog steeds geweier om die Israeliete te laat gaan.

Jehovah het Moses weer na Farao toe gestuur met Sy boodskap: ‘Weier jy nog steeds om my volk weg te stuur? Mōre sal dit in die land hael.’

“Julle sal weer die verskil sien tussen ’n regverdige persoon en ’n goddelose persoon, tussen iemand wat God dien en iemand wat hom nie dien nie.”—Maleagi 3:18



Die volgende dag het Jehovah hael, donder en vuur gestuur. Dit was die ergste storm wat daar nog ooit in Egipte was. Al die bome en oeste is vernietig, maar nie dié in Gosen nie. Farao het gesê: 'Smeeek Jehovah om dit te laat ophou! Dan kan julle gaan.' Maar toe die hael en die reën ophou, het Farao van plan verander.

Toe het Moses gesê: 'Nou gaan sprinkane al die plante opeet wat ná die haelstorm oorgebly het.' Miljoene sprinkane het alles opgeëet wat op die landerye en aan die bome oorgebly het. Farao het gesmeek: 'Vra Jehovah asseblief om die sprinkane weg te stuur.' Maar selfs nadat Jehovah die sprinkane weggestuur het, het Farao nog steeds geweier om hulle te laat gaan.

Jehovah het vir Moses gesê: 'Steek jou hand na die hemel uit.' Onmiddellik het die lug heeltemal donker geword. Die Egiptenare kon drie dae lank niks of niemand sien nie. Net die Israeliete het lig in hulle huise gehad.

Farao het vir Moses gesê: 'Jy en jou volk kan gaan. Los net julle diere hier.' Moses het gesê: 'Ons moet ons diere saamvat sodat ons hulle aan ons God kan offer.' Farao was baie kwaad. Hy het geskree: 'Gee pad voor my! As ek jou ooit weer sien, gaan ek jou doodmaak.'

Vrae: Watter plaë het Jehovah volgende gebring?
Hoe was dit anders as die eerste drie plaë?

Eksodus 8:20–10:29

21 Die tiende plaag

Moses het Farao belowe dat hy hom nie weer sou kom sien nie. Maar voordat hy daar weg is, het hy vir Farao gesê: ‘Om middernag sal elke eersgebore kind in Egipte sterf, van die seun van Farao tot die seuns van die slawe.’

Jehovah het vir die Israëliete gesê om ’n spesiale ete te maak. Hy het gesê: ‘Maak ’n jaaroud skaapram of bokram dood, en smeer van sy bloed aan die deurkosyn. Braai die vleis en eet dit saam met ongesuurde brood. Trek julle klere en sandale aan en wees gereed om te gaan. Vanaand sal ek julle bevry.’ Kan jy dink hoe opgewonde die Israëliete was?



Om middernag het Jehovah se engel na elke huis in Egipte toe gegaan. In die huise waar die deurkosyne nie met bloed gemerk was nie, het die eersgebore kinders gesterf. Maar die engel het by al die huise wat met bloed gemerk was, verbygegaan. In elke Egiptiese gesin is ’n kind dood, of hulle nou ryk of arm was. Maar nie een van die Israëliete se kinders het doodgegaan nie.

Selfs Farao se seun is dood. Farao kon dit nie meer hanteer nie. Hy het dadelik vir Moses en Aäron gesê: ‘Staan op. Gaan weg. Gaan aanbid julle God. Vat julle diere en gaan!’

“Juis om hierdie rede het ek jou laat voortbestaan: om my krag in verband met jou te toon en sodat my naam oor die hele aarde bekendgemaak kan word.”
—Romeine 9:17



Dit was volmaan. Die Israeliete het volgens hulle stamme en families uit Egipte getrek. Daar was 600 000 Israelitiese mans en baie vroue en kinders. Baie ander mense het saam met hulle gegaan omdat hulle ook Jehovah wou aanbid. Die Israeliete was uiteindelik vry!

Die Israeliete moes daardie selfde spesiale ete elke jaar maak sodat hulle kon onthou hoe Jehovah hulle gered het. Hierdie ete was die Pasga genoem.

Vrae: Wat was die tiende plaag?

Wat moes die Israeliete doen om hulle teen daardie plaag te beskerm?

Eksodus 11:1-12:42; 13:3-10

22 Die wonderwerk by die Rooisee

Toe Faraon hoor dat die Israeliete Egipte verlaat het, het hy van plan verander en wou hy hulle nie meer laat gaan nie. Hy het sy soldate beveel: 'Kry al my strydwaens gereed en laat ons jaag om by hulle uit te kom! Ons moes hulle nooit laat gaan het nie.' Hy en sy manne het die Israeliete toe agternagesit.

Jehovah het sy volk gelei; in die dag het Hy 'n wolk gebruik en in die nag het Hy vuur gebruik. Hy het hulle na die Rooisee toe gelei en gesê dat hulle daar moes kamp opslaan.

Toe sien die Israeliete dat Faraon en sy leër aangejaag kom. Hulle was vasgekeer tussen die see en die Egiptiese leër. Hulle het vir Moses gesê: 'Ons gaan sterf! Jy moes ons in Egipte gelos het.' Maar Moses het gesê: 'Moenie bang wees nie. Wag en kyk hoe Jehovah ons sal red.' Moses het regtig op Jehovah vertrou, nê?

Jehovah het vir die Israeliete gesê om kamp op te breek. Daardie nag het Jehovah die wolk geskuif sodat dit tussen die Egiptenare en die Israeliete was. Aan die Egiptenare se kant was dit pikdonker. Maar aan die Israeliete se kant was daar lig.

Jehovah het vir Moses gesê om sy hand oor die see uit te steek. Toe het Jehovah die hele nag lank 'n sterk wind laat waai. Die see is in



twee verdeel, en daar was 'n pad in die middel. Miljoene Israeliete het op droë grond, tussen die mure van water, deurgetrek na die anderkant toe.

Farao se leër het die Israeliete op die droë seebodem gevolg. Jehovah het die leër toe in verwarring gebring. Die wiede van hulle strydwaens het begin af val. Die soldate het geskree: 'Laat ons hier wegkom! Jehovah veg vir hulle.'

Jehovah het vir Moses gesê: 'Steek jou hand uit oor die see.' Onmiddellik het die mure van water bo-op die Egiptiese leër geval. Farao en al sy manne het gesterf. Nie een van hulle het oorleef nie.

Aan die anderkant van die see, het die groot groep Israeliete Jehovah geloof met 'n lied: 'Laat my tot Jehovah sing, want Hy het hoog verhewe geword. Die perd en sy ruiters het Hy in die see gewerp.' Terwyl die mense gesing het, het die vrouens gedans en op tamboeryne gespeel. Almal was baie bly dat hulle uiteindelik regtig vry was.

Vrae: Wat het by die Rooisee gebeur? Hoe het Jehovah die Israeliete gered?

Eksodus 13:21–15:21; Nehemia 9:9-11; Psalm 106:9-12; 136:11-15; Hebreërs 11:29

“Daarom kan ons goeie moed hou en sê: ‘Jehovah is my helper; ek sal nie bang wees nie. Wat kan ’n mens aan my doen?’”—Hebreërs 13:6





5

Twee maande nadat die Israeliete deur die Rooisee getrek het, het hulle by die berg Sinai aangekom. Daar het Jehovah 'n verbond met Israel gemaak om sy spesiale volk te wees. Hy het hulle beskerm en hulle alles gegee wat hulle nodig gehad het—manna om te eet, kleren wat nie stukkend geraak het nie en 'n veilige plek om te bly. As jy 'n ouer is, moet jy jou kind help om te verstaan hoekom Jehovah die Wet, die tabernakel en die priesterschap vir die Israeliete gegee het. Beklemtoon dat dit belangrik is om ons woord te hou, nederig te bly en altyd lojaal aan Jehovah te wees.



BELANGRIKE LESSE

- Wanneer jy 'n belofte aan Jehovah maak, moet jy dit hou
- Trots, selfsugtigheid en opstandigheid het slegte gevolge
- Jehovah was geduldig met die Israëliete en het vir hulle gesorg selfs toe hulle ongehoorsaam was

23 'n Belofte aan Jehovah

Omtrent twee maande nadat die Israeliete Egipte verlaat het, het hulle by die berg Sinai aangekom en daar kamp opgeslaan. Moses het teen die berg opgeklim, en Jehovah het vir hom gesê: 'Ek het die Israeliete gered. As hulle my gehoorsaam en my wette hou, sal hulle my spesiale volk word.' Moses het teen die berg afgegaan en vir die Israeliete vertel wat Jehovah gesê het. Hoe het hulle gereageer? Hulle het geantwoord: 'Ons sal alles doen wat Jehovah vir ons sê om te doen.'

Moses het weer teen die berg opgeklim. Daar het Jehovah vir hom gesê: 'Ek sal oor drie dae met jou praat. Sê vir die volk om nie teen die berg Sinai te probeer opklim nie.' Moses het afgeklim en vir die Israeliete gesê dat hulle hulle gereed moet maak om te luister na wat Jehovah gaan sê.

Drie dae later het die Israeliete weerligstrale en 'n donker wolk op die berg gesien. Hulle het ook donderweer en die geluid van 'n horing gehoor. Toe het Jehovah in 'n vuur op die berg neergedaal. Die Israeliete was so bang dat hulle gebewe het. Die hele berg het

**“Jy moet Jehovah jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.”
—Matteus 22:37**

erg geskud en was vol rook. Die geluid van die horing het harder en harder geword. Toe het God gesê: 'Ek is Jehovah. Julle mag geen ander gode aanbid nie.'

Moses het weer teen die berg opgeklim, waar Jehovah vir hom wette vir die volk gegee het. Hierdie wette het die volk geleer hoe hulle Jehovah moes aanbid en hoe om hulle te gedra. Moses het die wette neergeskryf en dit toe vir die Israeliete geles. Hulle het belowe: 'Ons sal alles doen wat Jehovah vir ons sê om te doen.' Ja, hulle het 'n belofte aan God gemaak. Maar sou hulle dit nakom?

Vrae: Wat het by die berg Sinai gebeur? Wat het die Israeliete belowe om te doen?

Eksodus 19:1–20:21; 24:1–8; Deuteronomium 7:6–9; Nehemia 9:13, 14





24 Hulle het hulle belofte verbreek

Jehovah het vir Moses gesê: ‘Kom teen die berg op na my toe. Ek sal my wette op kliptafels skryf en dit vir jou gee.’ Moses het teen die berg opgeklim en 40 dae en 40 nagte daar gebly. Terwyl hy daar was, het Jehovah die Tien Gebooie op twee kliptafels geskryf en dit vir Moses gegee.

Ná ’n rukkie het die Israeliete begin dink dat Moses nie gaan terugkom nie. Hulle het vir Aäron gesê: ‘Ons wil iemand hê om ons te lei. Maak vir ons ’n god!’ Toe het Aäron gesê: ‘Gee julle goud vir my.’ Hy het die goud gesmelt en ’n beeld van ’n kalf daarmee gemaak. Die volk het gesê: ‘Hierdie kalf is ons God wat ons uit Egipte gelei het!’ Hulle het die goue kalf begin aanbid en ’n fees gehou. Was dit verkeerd? Ja, want die volk het belowe om nét Jehovah te aanbid. Maar nou het hulle daardie belofte verbreek.

Jehovah het gesien wat gebeur en hy het vir Moses gesê: ‘Gaan af



“Wanneer jy ’n gelofte aan God maak, moet jy nie uitstel om dit na te kom nie, want hy vind geen vreugde in onverstandige mense nie. Jy moet jou geloftes nakom.”
—Prediker 5:4

na die volk toe. Hulle is ongehoorsaam aan my en hulle aanbid 'n valse god.' Moses het die twee kliptafels gevat en teen die berg afgeklim.

Toe Moses naby die kamp kom, het hy die volk hoor sing. Hy het ook gesien hoe hulle dans en voor die kalf neerbuig. Moses was baie kwaad. Hy het die twee kliptafels op die grond gegooi, en dit het in stukke gebreek. Hy het die beeld dadelik vernietig. Hy het toe vir Aäron gevra: 'Hoe het die volk jou omgepraat om hierdie vreeslike ding te doen?' Aäron het gesê: 'Moenie kwaad wees nie. Jy weet hoe hierdie volk is. Hulle wou 'n god hê, en daarom het ek die goud in die vuur gegooi en toe het hierdie kalf uitgekóm!' Aäron moes dit nie gedoen het nie. Moses het weer teen die berg opgeklim en Jehovah gesmeek om die volk te vergewe.

Jehovah het die mense vergewe wat bereid was om hom te gehoorsaam. Verstaan jy hoekom dit so belangrik was dat die Israeliete Moses se leierskap moes volg?

Vrae: Wat het die Israeliete gedoen terwyl Moses weg was?
Wat het Moses gedoen toe hy teruggekom het?

Eksodus 24:12-18; 32:1-30



25 'n Tabernakel vir aanbidding

Toe Moses op die berg Sinai was, het Jehovah vir hom gesê om 'n spesiale tent te bou, wat 'n tabernakel genoem word. Die Israeliete kon Jehovah by hierdie tent aanbid. Hulle sou die tabernakel saam met hulle kon neem wanneer hulle van een plek na die ander getrek het.

Jehovah het gesê: 'Sê vir die volk dat hulle moet gee wat hulle kan om die tabernakel te help bou.' Die Israeliete het goud, silwer, koper, edelstene en juwele gegee. Hulle het ook wol, linne, dierevelle en baie ander dinge gegee. Hulle was so vrygewig dat Moses vir hulle moes sê:

'Ons het genoeg! Moet niks meer bring nie.'

Baie mans en vroue wat goed met hulle hande kon werk, het gehelp om die tabernakel te bou. Jehovah het hulle slim gemaak sodat hulle die werk kon doen. Party het garing gespin, materiaal geweef of borduurwerk gedoen. Ander het met edelstene en goud gewerk of houtsnijwerk gedoen.

Die volk het die tabernakel gebou net soos Jehovah gesê het. Hulle het 'n pragtige gordyn gemaak om die tabernakel in twee dele te

verdeel, die Heilige en die Allerheiligste. Die verbondsark was in die Allerheiligste. Dit was van akasiahout en goud gemaak. In die Heilige was 'n goue lampstaander, 'n tafel en 'n altaar om wierook op te brand. In die voorhof was 'n groot altaar en 'n wasbak wat van koper gemaak was. Die verbondsark het die Israeliete herinner aan hulle belofte om



“Toe het ek ’n harde stem van die troon af hoor sê: ‘Kyk! Die tent van God is by die mensdom, en hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees. En God self sal by hulle wees.’”—Openbaring 21:3

Jehovah te gehoorsaam. Weet jy wat ’n verbond is? Dit is ’n spesiale soort belofte.

Jehovah het Aäron en sy seuns gekies om as priesters by die tabernakel te werk. Hulle moes na die tabernakel omsien en daar offerandes aan Jehovah bring. Slegs Aäron, die hoëpriester, kon in die Allerheiligste ingaan. Hy het dit een keer per jaar gedoen om ’n offerande te bring vir sy sondes, die sondes van sy familie en die sondes van die hele nasie Israel.

Die Israeliete het die tabernakel klaargemaak ’n jaar nadat hulle Egipte verlaat het. Nou het hulle ’n plek gehad waar hulle Jehovah kon aanbid.

Jehovah het die tabernakel met sy heerlijkheid gevul en ’n wolk aan die bokant laat verskyn. So lank as wat die wolk bo die tabernakel gebly het, het die Israeliete nie getrek nie. Maar sodra die wolk beweeg het, het hulle geweet dat dit tyd is om te trek. Dan het hulle die tabernakel uitmekaargehaal en die wolk gevolg.

Vrae: Wat het Jehovah vir Moses gesê om te bou?
Watter werk het Jehovah vir Aäron en sy seuns gegee?

Eksodus 25:1-9; 31:1-11; 40:33-38; Hebreërs 9:1-7



26 Die twaalf spioene

Die Israëliete het weggetrek van die berg Sinai af, deur die woestyn Paran na 'n plek met die naam Kades. Daar het Jehovah vir Moses gesê: 'Stuur 12 manne, een uit elke stam, om die land Kanaän te verken, die land wat ek aan die Israëliete gaan gee.' Moses het toe 12 manne gekies en vir hulle gesê: 'Gaan na die land Kanaän en kyk



of dit 'n goeie land is waar kos geplant kan word. Kyk of die mense swak of sterk is en of hulle in tente of in stede woon.' Die 12 spioene, insluitende Josua en Kaleb, het toe na Kanaän gegaan.

Die spioene het 40 dae later teruggekom met vye, granate en druwe. Hulle het gesê: 'Dit is 'n goeie land, maar die mense is sterk en die stede het hoë mure.' Toe het Kaleb gesê: 'Ons kan hulle oorwin. Kom ons gaan sommer nou!' Weet jy waarom Kaleb dit gesê het? Omdat hy en Josua op Jehovah vertrou het. Maar die 10 ander spioene het gesê: 'Nee! Die mense wat daar bly is so groot soos reuse! Ons lyk soos sprinkane teen hulle.'

Die Israëliete het moed verloor. Hulle het begin kla en vir mekaar gesê: 'Kom ons kies 'n ander leier en gaan terug na Egipte toe. Hoekom moet ons na hierdie plek toe gaan en doodgemaak word?' Josua en Kaleb het gesê: 'Moenie ongehoorsaam aan Jehovah wees

nie en moenie bang wees nie. Jehovah sal ons beskerm.’ Maar die Israëliete wou nie luister nie. Hulle wou selfs vir Josua en Kaleb doodmaak!

Wat het Jehovah gedoen? Hy het vir Moses gesê: ‘Ná alles wat ek vir die Israëliete gedoen het, is hulle nog steeds ongehoorsaam aan my. Daarom sal hulle 40 jaar in die wildernis bly, en hulle sal hier doodgaan. Net hulle kinders en Josua en Kaleb sal in die land woon wat ek aan hulle belowe het.’

Vrae: Wat het gebeur toe die 12 spioene teruggekom het van Kanaän af? Hoe het Josua en Kaleb gewys dat hulle op Jehovah vertrou?

Numeri 13:1-14:38; Deuteronomium 1:22-33;
Psalm 78:22; Hebreërs 3:17-19

**“Hoekom is julle so bang?
Waar is julle geloof?”
—Matteus 8:26**





27 Hulle het teen Jehovah in opstand gekom

'n Ruk later, terwyl die Israeliete in die wildernis was, het Korag, Datan, Abiram en 250 ander manne teen Moses in opstand gekom. Hulle het vir hom gesê: 'Ons het nou genoeg gehad van jou! Hoekom moet jy ons leier wees en Aäron die hoëpriester? Jehovah is met ons almal, nie net met jou en Aäron nie.' Jehovah was nie tevrede hiermee nie. Dit was vir Jehovah asof hulle teen Hom in opstand gekom het!

Moses het vir Korag en die manne wat hom ondersteun het gesê: 'Kom môre na die tabernakel toe en bring julle vuurbakke met reukwerk saam. Jehovah sal dan vir ons wys wie hy gekies het.'

Die volgende dag het Korag en die 250 manne Moses by die tabernakel gaan ontmoet. Daar het hulle reukwerk geoffer asof hulle priesters was. Jehovah het vir Moses en Aäron gesê: 'Staan weg van Korag en sy manne af.'

Al het Korag na Moses toe gegaan by die tabernakel, het Datan, Abiram en hulle families geweier om daarheen te gaan.

Jehovah het vir die Israeliete gesê om weg te kom van Korag, Datan en Abiram se tente af. Die Israeliete het dadelik weg beweeg. Datan, Abiram en hulle gesinne het buite hulle tente gestaan. Skielik het die grond oopgeskeur en hulle ingesluk! By die tabernakel het 'n vuur uit die hemel gekom en Korag en sy 250 manne verbrand.

Toe het Jehovah vir Moses gesê: 'Vat 'n staf van die leier van elke stam en skryf sy naam daarop. Maar op die staf van die stam van Levi moet jy Aäron se naam skryf. Sit dit dan in die tabernakel en daar sal blomme groei aan die staf van die man wat ek kies.'

Die volgende dag het Moses al die stawwe gebring en dit vir die leiers gewys. Daar het blomme en ryp amandels aan Aäron se staf gegroei. Op hierdie manier het Jehovah duidelik gewys dat hy Aäron gekies het om die hoëpriester te wees.

**“Wees gehoorsaam aan dié wat die leiding onder julle neem en wees onderdanig.”
—Hebreërs 13:17**

Vrae: Hoekom het Korag en sy ondersteuners teen Moses in opstand gekom? Hoe weet ons dat Jehovah vir Aäron gekies het om die hoëpriester te wees?

Numeri 16:1-17:13; 26:9-11; Psalm 106:16-18



28 Bileam se donkie praat

Die Israeliete was al amper 40 jaar lank in die wildernis. Hulle het talle sterk stede verower. Hulle het kamp opgeslaan op die plein van Moab wat oos van die Jordaanrivier was. Dit was nou tyd om die Beloofde Land binne te gaan. Balak, die koning van Moab, was bang dat hulle sy land sou oorneem. Hy het toe 'n man met die naam Bileam genooi om na Moab te kom en hom gevra om die Israeliete te vervloek.

Maar Jehovah het vir Bileam gesê: 'Jy moenie die Israeliete vervloek nie.' Daarom het Bileam geweier om te gaan. Koning Balak het hom 'n tweede keer genooi en belowe dat hy hom enigiets sou gee wat hy wou hê. Bileam het weer geweier om te gaan. Toe het God vir hom gesê: 'Jy kan gaan, maar jy mag net sê wat ek vir jou sê om te sê.'

“Pas op en vermy elke vorm van gierigheid, want selfs wanneer iemand 'n oorfloed het, hang sy lewe nie van sy besittings af nie.”—Lukas 12:15

Bileam het op sy donkie geklim en in die rigting van Moab gery. Hy was van plan om die Israeliete te vervloek, al het Jehovah vir hom gesê om dit nie te doen nie. Jehovah se engel het drie keer in die pad verskyn. Bileam kon nie die engel sien nie, maar sy donkie kon wel. Die eerste keer het die donkie van die pad afgedraai en in die veld ingegaan. Daarna het

die donkie teen 'n klipmuur gaan staan en Bileam se voet daarteen vasgedruk. Uiteindelik het die donkie plat gaan lê in die middel van die pad. Elke keer het Bileam die donkie met 'n stok geslaan.

Ná die derde keer het Jehovah die donkie laat praat. Die donkie het vir Bileam gevra: 'Hoekom hou jy aan om my te slaan?' Bileam het gesê: 'Jy laat my onnosel lyk. As ek 'n swaard gehad het, sou ek jou doodgemaak het.' Die donkie het gesê: 'Jy ry al jare lank op my. Het ek jou al ooit vantevore so behandel?'


Toe het Jehovah Bileam die engel laat sien. Die engel het gesê: 'Jehovah het jou gewaarsku om Israel nie te vervloek nie.' Bileam het gesê: 'Ek het 'n verkeerde ding gedoen. Ek sal teruggaan huis toe.'

Maar die engel het gesê: 'Jy kan na Moab toe gaan, maar jy mag net sê wat Jehovah vir jou sê om te sê.'

Het Bileam sy les geleer? Nee. Hierna het Bileam drie keer probeer om die Israeliete te vervloek. Maar Jehovah het elke keer veroorsaak dat hy die Israeliete eerder seën. Uiteindelik het die Israeliete Moab aangeval, en Bileam is doodgemaak. Sou dit nie beter gewees het as Bileam in die eerste plek na Jehovah geluister het nie?

Vrae: Hoekom het Bileam na Moab toe gegaan? Wat het op pad soontoe gebeur?

Numeri 22:1–24:25; 31:8; Nehemia 13:2; 2 Petrus 2:15, 16; Judas 11





6

Toe die Israeliete uiteindelik die Beloofde Land bereik, het die tabernakel die middelpunt van ware aanbidding daar geword. Priesters het die Wet aan die nasie geleer, en rigters het hulle gelei. Hierdie deel toon dat 'n persoon se besluite en dade 'n groot uitwerking op ander kan hê. Elke Israeliet het 'n verantwoordelikheid teenoor Jehovah en sy medemens gehad. Verduidelik watter invloed Debora, Naomi, Josua, Hanna, Jefta se dogter en Samuel op hulle gemeenskappe gehad het. Beklemtoon dat selfs party nie-Israeliete, soos Ragab, Rut, Jael en die Gibeoniete, gekies het om by die Israeliete aan te sluit omdat hulle geweet het dat God met hulle is.



BELANGRIKE LESSE

- Jehovah het die rigters gebruik om sy volk op wonderdadige wyse te red
- Getroue persone, jonk en oud, is beloon omdat hulle heeltemal op Jehovah vertrou het
- God is nie partydig nie; hy aanvaar mense uit alle nasies en agtergronde wat hom liefhet en doen wat reg is

29 Jehovah het Josua gekies

Nadat hy die nasie Israel baie jare lank gelei het, was Moses nou naby die einde van sy lewe. Jehovah het vir hom gesê: 'Jy is nie die een wat die Israëliete in die Beloofde Land sal inbring nie. Maar ek sal jou toelaat om die land te sien.' Moses het toe gevra dat Jehovah 'n nuwe leier kies om vir die volk te sorg. Jehovah het vir hom gesê: 'Gaan na Josua toe en sê vir hom dat hy die een is wat ek gekies het.'



Moses het vir die nasie gesê dat hy binnekort sou sterf en dat Jehovah Josua gekies het om hulle in die Beloofde Land in te lei. Moses het toe vir Josua gesê: 'Moenie bang wees nie. Jehovah sal jou help.' Kort daarna het Moses teen die berg Nebo opgeklim. Daar het Jehovah vir hom die land gewys wat Hy aan Abraham,

Isak en Jakob belowe het. Moses was 120 jaar oud toe hy gesterf het.

Jehovah het vir Josua gesê: 'Trek deur die Jordaanrivier en gaan Kanaän binne. Ek sal jou help net soos ek Moses gehelp het. Sorg dat jy my Wet elke dag lees. Moenie bang wees nie. Wees dapper. Gaan en doen alles wat ek jou beveel het om te doen.'



Josua het twee spioene na die stad Jerigo toe gestuur. Ons sal in die volgende verhaal meer leer oor wat daar gebeur het. Toe hulle terugkom, het hulle gesê dat dit 'n goeie tyd was om die land Kanaän binne te gaan. Die volgende dag het Josua vir die volk gesê om kamp op te breek. Toe het hy die priesters wat die verbondsark gedra het, vooruitgestuur na die Jordaanrivier toe. Die rivier was besig om te

oorstroom. Maar die oomblik toe die priesters se voete aan die water raak, het die water ophou vloei en die rivier het opgedroog! Die priesters het tot in die middel van die rivierbedding geloop en daar bly staan totdat die hele nasie Israel deurgetrek het na die anderkant toe. Dink jy dat hierdie wonderwerk hulle herinner het aan wat Jehovah by die Rooisee gedoen het?

“Jehovah sal jou altyd lei en jou selfs in 'n dorre land versadig.”
—Jesaja 58:11

Uiteindelik, ná al daardie jare, was die Israëliete in die Beloofde Land. Hulle kon huise en stede bou. Hulle kon landerye, wingerde en vrugteboorde plant. Dit was 'n land wat oorgeloopt het van melk en heuning.

Vrae: Wie het die Israëliete gelei ná Moses se dood? Wat het by die Jordaanrivier gebeur?

Numeri 27:12-23; Deuteronomium 31:1-8; 34:1-12;
Josua 1:1-3:17





30 Ragab steek die spioene weg

Toe die Israelitiese spioene na die stad Jerigo toe gegaan het, het hulle by die huis van 'n vrou met die naam Ragab gebly. Die koning van Jerigo het hiervan uitgevind en het soldate na Ragab se huis toe gestuur. Sy het die twee spioene op die dak weggesteek en die soldate in 'n ander rigting gestuur. Sy het vir die spioene gesê: 'Ek sal julle help, want ek weet dat Jehovah aan julle kant is en dat julle die land gaan verower. Belowe my asseblief dat julle my familie sal red.'

Die spioene het vir Ragab gesê: 'Ons belowe dat niemand in jou huis seergemaak sal word nie.' Hulle het gesê: 'Maak 'n rooi tou aan jou venster vas, en dan sal jou familie veilig wees.'

Ragab het die spioene met die tou by haar venster laat uitklim. Hulle het na die berge toe gegaan en drie dae daar weggekruip voordat hulle teruggegaan het na Josua toe. Toe het die Israeliete deur die Jordaanrivier getrek en gereedgemaak om die land oor te neem. Jerigo was die eerste stad wat hulle verower het. Jehovah het

“Is Ragab . . . nie ook deur werke regverdig verklaar nadat sy die boodskappers gasvry ontvang het en hulle met ’n ander pad weggestuur het nie?”—Jakobus 2:25

vir hulle gesê om ses dae lank, elke dag een keer rondom die stad te marsjeer. Op die sewende dag het hulle sewe keer rondom die stad gemarsjeer. Toe het die priesters op hulle trompette geblaas, en die soldate het so hard geskree as wat hulle kon. Die stad se mure het inmekaargestort! Maar Ragab se huis, wat op die muur was, het bly staan. Ragab en haar familie is gered omdat sy op Jehovah vertrou het.

Vrae: Hoekom het Ragab die spioene gehelp?
Hoe het die Israeliete Jerigo aangeval?
Wat het met Ragab en haar familie gebeur?

Josua 2:1-24; 6:1-27; Hebreërs 11:30, 31; Jakobus 2:24-26



31 Josua en die Gibeoniete

Die ander nasies in Kanaän het gehoor wat met Jerigo gebeur het. Hulle konings het besluit om saam teen die Israeliete te veg. Maar die Gibeoniete het 'n ander plan gemaak. Hulle het ou stukkende klere aangetrek en na Josua toe gegaan. Hulle het vir hom gesê: 'Ons kom van 'n ver land af. Ons het van Jehovah gehoor en van alles wat hy vir julle in Egipte en in Moab gedoen het. As julle belowe om ons nie aan te val nie, sal ons julle dienaars word.'

Josua het hulle geglo en belowe om hulle nie aan te val nie. Drie dae later het hy uitgevind dat hulle nie van 'n ver land af was nie. Hulle was van die land Kanaän. Josua het die Gibeoniete gevra: 'Hoekom het julle vir ons gelieg?' Hulle het geantwoord: 'Ons was bang! Ons weet dat Jehovah julle God vir julle veg. Moet ons asseblief nie doodmaak nie.' Josua het sy belofte nagekom en hulle laat lewe.

Nie lank daarna nie wou vyf Kanaänitiese konings en hulle leërs die Gibeoniete aanval. Josua en sy leer het regdeur die nag gemarsjeer om hulle te gaan red. Die geveg het vroeg die volgende


oggend begin. Die Kanaäniete het in alle rigtings begin weghardloop. Maar maak nie saak waarheen hulle gehardloop het nie, Jehovah het groot haelstene op hulle laat val. Toe het Josua vir Jehovah gevra om die son te laat stilstaan. Die son het nog nooit stilgestaan nie. Hoekom sou hy Jehovah vra om dit te laat gebeur? Omdat Josua op Jehovah vertrou het. Die son het meer as 'n dag lank aanhou skyn totdat die Israeliete die Kanaänitiese konings en hulle leërs oorwin het.

“Laat julle ‘ja’ net ja wees en julle ‘nee’, nee, want enigiets meer as dit is van die Duiwel af.”—Matteus 5:37

Vrae: Wat het die Gibeoniete gedoen om hulleself te beskerm? Hoe het Jehovah die Israeliete gehelp?

Josua 9:1–10:15





32 'n Nuwe leier en twee dapper vroue

Nadat Josua Jehovah se volk jare lank gelei het, het hy op die ouderdom van 110 jaar gesterf. Terwyl hy gelewe het, het die Israeliete Jehovah aanbid. Maar ná Josua se dood het hulle, soos die Kanaäniete, afgode begin aanbid. Omdat die Israeliete nie aangehou het om Jehovah te volg nie, het hy toegelaat dat 'n Kanaänitiese koning met die naam Jabin die lewe vir hulle moeilik maak. Die volk het Jehovah gesmeek om hulle te help. Daarom het Jehovah vir hulle 'n nuwe leier gegee. Sy naam was Barak. Hy sou die volk help om na Jehovah terug te keer.

Debora, 'n profetes, het Barak laat roep. Sy het vir hom 'n boodskap van Jehovah af gehad: 'Vat 10 000 manne en gaan veg teen Jabin se leërmag by die Kisonstroom. Daar sal jy die geveg teen Sisera, die hoof van Jabin se leërmag, wen.' Barak het toe vir Debora gesê: 'Ek sal net gaan as jy saam met my kom.' Sy het toe gesê: 'Ek sal saam met jou gaan. Maar onthou dat jy nie die een is wat Sisera sal doodmaak nie. Jehovah het gesê dat 'n vrou hom sal doodmaak.'

Debora het saam met Barak en sy leërmag na die berg Tabor gegaan om vir die geveg reg te maak. Toe Sisera hiervan hoor, het hy

onmiddellik sy oorlogswaens en sy manne in die vallei naby die berg bymekaargekry. Debora het vir Barak gesê: ‘Jehovah sal jou vandag laat wen.’ Barak en sy 10 000 manne het teen die berg afgestorm en teen Sisera se sterk leërmag begin veg.

Jehovah het veroorsaak dat die rivier in die Kisonvallei oorstroom. Sisera se oorlogswaens het in die modder vasgesit. Sisera het van sy wa afgeklim en weggehardloop. Barak en sy soldate het die geveg teen Sisera se leërmag gewen, maar Sisera het weggekom! Hy het in die tent van ’n vrou met die naam Jael gaan wegkruip. Sy het vir hom melk gegee om te drink en hom met ’n kombors toegemaak. Hy was baie moeg en het aan die slaap geraak. Toe het Jael stilletjies nader gekruip en ’n tentpen in sy kop gekap, en hy het gesterf.

Barak het Sisera kom soek. Jael het uit haar tent gekom en vir hom gesê: ‘Kom in. Ek sal vir jou die man wys na wie jy soek.’ Barak het ingegaan en gesien dat Sisera dood is. Barak en Debora het ’n lied vir Jehovah gesing om dankie te sê dat Hy die Israeliete laat wen het. Hierna was daar 40 jaar lank vrede in Israel.

Vrae: Hoe het Debora die Israeliete gehelp?
Hoe was Jael dapper?

Rigters 4:1–5:31

**“Die vrou wat die goeie nuus verkondig, is ’n groot leërmag.”
—Psalm 68:11**



33 Rut en Naomi

Gedurende 'n hongersnood in Israel, het 'n Israelitiese vrou met die naam Naomi saam met haar man en hulle twee seuns na die land Moab getrek. Later het Naomi se man gesterf. Haar seuns het met Rut en Orpa getrou; hulle was Moabiete. Ongelukkig het Naomi se seuns ook later gesterf.

Toe Naomi hoor dat daar nie meer hongersnood in Israel is nie, het sy besluit om huis toe te gaan. Rut en Orpa het saam met haar gegaan, maar terwyl hulle nog op pad was, het sy vir hulle gesê: 'Julle was goeie vrouens vir my seuns en goeie skoondogters vir my. Ek wil hê dat julle al twee weer moet trou. Gaan huis toe, na Moab toe.' Die vroue het gesê: 'Ons is lief vir ma! Ons wil saam met ma gaan.' Naomi het aangehou om te sê dat hulle moet teruggaan. Op die ou end het Orpa teruggegaan, maar Rut het gebly. Naomi het vir haar gesê: 'Orpa gaan terug na haar volk en na haar gode toe. Gaan saam met haar terug, en gaan na jou ma



se huis toe.' Maar Rut het gesê: 'Ek sal nie gaan nie. Ma se volk sal my volk wees, en ma se God sal my God wees.' Hoe dink jy het Naomi gevoel toe Rut dit gesê het?

Rut en Naomi het in Israel aangekom toe dit tyd was om gars te begin oes. Op 'n dag het Rut graan gaan optel wat oorgebly het in die landerye van 'n man met die naam Boas. Hy was Ragab se seun. Hy het gehoor dat Rut 'n Moabiet is wat lojaal aan Naomi was en gekies het om by haar te bly. Hy het vir sy werkers gesê om 'n bietjie ekstra graan in die landerye te los sodat Rut dit kon optel.



Daardie aand het Naomi vir Rut gevra: ‘In wie se landerye het jy vandag gewerk?’ Rut het gesê: ‘In die landerye van ’n man met die naam Boas.’ Naomi het vir haar vertel: ‘Boas is familie van my man. Hou aan om saam met die ander jong vroue in sy landerye te werk. Jy sal veilig wees daar.’

**“Daar is ’n vriend wat meer lojaal is as ’n broer.”
—Spreeke 18:24**

Rut het in Boas se landerye bly werk totdat die oes klaar was. Boas het gesien dat Rut hard werk en dat sy ’n goeie vrou is. As ’n man in daardie dae gesterf het sonder dat hy seuns gehad het, moes een van sy familieleden met sy weduwee trou. Daarom het Boas met Rut getrou. Hulle het ’n seun met die naam Obed gehad, wat later koning Dawid se oupa geword het. Naomi se vriendinne was baie bly. Hulle het gesê: ‘Eers het Jehovah Rut vir jou gegee, wat jou baie goed behandel het, en nou het jy ’n kleinseun. Mag Jehovah geloof word.’

Vrae: Hoe het Rut gewys dat sy vir Naomi lief is? Hoe het Jehovah vir Rut en Naomi gesorg?

Rut 1:1–4:22; Matteus 1:5





34 Gideon oorwin die Midianiete

Mettertyd het Israel weer opgehou om Jehovah te dien en valse gode begin aanbid. Die Midianiete het sewe jaar lank die Israeliete se diere gesteel en hulle oeste vernietig. Die Israeliete wou van die Midianiete af wegkom, en daarom het hulle in grotte en in die berge weggekrui. Hulle het Jehovah gesmeek om hulle te red. Jehovah het dus 'n engel na 'n jong man met die naam Gideon toe gestuur. Die engel het gesê: 'Jehovah het jou gekies om 'n dapper, sterk soldaat te wees.' Gideon het gevra: 'Hoe kan ek Israel red? Ek is niks nie.'

Hoe sou Gideon weet dat Jehovah hom gekies het? Hy het 'n stuk wol op die grond gesit en vir Jehovah gesê: 'As die wol môreoggend nat is van die dou maar die grond droog is, sal ek weet dat u wil hê dat ek Israel moet red.' Die volgende oggend was die wol sopnat en die grond was kurkdroog! Maar toe het Gideon gevra dat die wol die volgende oggend droog moet wees en dat die grond nat moet wees. Toe dit gebeur het, was Gideon doodseker dat Jehovah hom gekies het. Hy het sy soldate bymekaargemaak om teen die Midianiete te gaan veg.

Jehovah het vir Gideon gesê: 'Ek sal die Israeliete help om die geveg te wen. Maar omdat jy so baie soldate het, kan julle dalk





dink dat julle self die geveg gewen het. Sê vir almal wat bang is dat hulle huis toe moet gaan.’ Daar was 22 000 soldate wat huis toe gegaan het en 10 000 wat agtergebly het. Toe het Jehovah gesê: ‘Daar is nog steeds te veel soldate. Bring hulle na die stroom toe, en sê vir hulle om water te drink. Laat net die manne bly wat, terwyl hulle drink, op die uitkyk is vir die vyand.’ Net 300 manne het op die uitkyk gebly terwyl hulle water gedrink het. Jehovah het belowe dat hierdie paar manne die geveg teen die 135 000 Midianitiese soldate sou wen.

Gedurende daardie nag het Jehovah vir Gideon gesê: ‘Dit is nou tyd om die Midianiete aan te val!’ Gideon het horings geneem en groot kruike waarin fakkels weggesteek was, en hy het dit vir sy manne gegee. Hy het vir hulle gesê: ‘Hou my dop en doen presies wat ek doen.’ Gideon het op sy horing geblaas, sy kruik stukkend geslaan, sy fakkel gewaai en geskree: ‘Jehovah se swaard en Gideon s’n!’ Elkeen van sy 300 manne het dieselfde gedoen. Die Midianiete was baie bang en het in alle rigtings begin hardloop. In die deurmekaarspul het hulle mekaar begin aanval. Jehovah het weer eens die Israeliëte gehelp om hulle vyande te oorwin.

Vrae: Hoe het Jehovah vir Gideon gewys dat Hy hom gekies het? Hoekom het Gideon se leërmag net 300 manne gehad?

Rigters 6:1-16; 6:36-7:25; 8:28

**“Sodat dit duidelik kan wees dat die krag wat bo die normale is, van God af kom en nie uit onself nie.”
—2 Korintiërs 4:7**

35 Hanna vra Jehovah vir 'n seun

'n Israelitiese man met die naam Elkana het twee vrouens, Hanna en Peninna, gehad. Maar Elkana was die liefste vir Hanna. Peninna het baie kinders gehad, en Hanna het glad nie kinders gehad nie. Peninna het haar die hele tyd hieroor geterg. Elkana het sy gesin elke jaar geneem om by die tabernakel in Silo te gaan aanbid. Terwyl hulle eenkeer daar was, het hy gesien dat sy geliefde Hanna baie hartseer

is. Hy het gesê: 'Moet asseblief nie huil nie, Hanna. Ek is hier by jou en ek is lief vir jou.'

Later het Hanna alleen gaan bid. Sy kon nie ophou huil nie en het Jehovah gesmeek om haar te help. Sy het belowe: 'Jehovah, as u my 'n seun gee, sal ek hom aan u gee, en hy sal u dien so lank as wat hy lewe.'

Die hoëpriester Eli het gesien hoe Hanna huil en hy het gedink dat sy dronk is. Hanna het gesê: 'Nee, my heer, ek is nie dronk nie. Ek het 'n ernstige probleem en ek is besig om met Jehovah daarvoor te praat.' Eli het besef dat hy 'n fout gemaak het en het vir haar gesê: 'Mag God jou gee wat jy gevra het.' Hanna het beter gevoel en weggegaan. Minder as 'n jaar later het sy 'n seun gehad en sy het hom Samuel genoem. Kan jy jou voorstel hoe bly Hanna was?





“Hou aan vra, en daar sal vir julle gegee word. Hou aan soek, en julle sal vind.”—Matteus 7:7

Hanna het nie haar belofte aan Jehovah vergeet nie. Toe Samuel nog ’n klein seuntjie was, het sy hom geneem om by die tabernakel te gaan dien. Sy het vir Eli gesê: ‘Dit is die seuntjie waarvoor ek gebid het. Ek leen hom aan Jehovah so lank as wat hy lewe.’ Elke jaar wanneer Elkana en Hanna vir Samuel kom kuier het, het hulle vir hom ’n nuwe moulose jassie gebring. Jehovah het Hanna nog drie seuns en twee dogters gegee.


Vrae: Hoekom was Hanna hartseer? Hoe het Jehovah Hanna geseën?

1 Samuel 1:1–2:11, 18-21

36 Jefta se belofte

Die Israeliete het weer opgehou om Jehovah te dien en valse gode begin aanbid. Toe die Ammoniete die Israeliete aanval en teen hulle veg, het hierdie valse gode hulle glad nie gehelp nie. Die Israeliete het jare lank swaargekry. Uiteindelik het hulle vir Jehovah gesê: 'Ons het gesondig. Red ons asseblief van ons vyande.' Die Israeliete het hulle afgode vernietig en Jehovah weer begin aanbid. Jehovah wou nie hê dat hulle moes aanhou swaarkry nie.

'n Soldaat met die naam Jefta is gekies om die volk in die geveg teen die Ammoniete te lei. Hy het vir Jehovah gesê: 'As u ons help om hierdie geveg te wen, belowe ek om die eerste persoon wat uitkom om my te groet wanneer ek weer by die huis



kom, vir u te gee.’ Jehovah het na Jefta se gebed geluister en hom gehelp om die geveg te wen.

Toe Jefta by die huis kom, was sy dogter—sy enigste kind—die eerste persoon wat uitgekam het om hom te kom groet. Sy het gedans en op ’n tamboeryn gespeel. Wat sou Jefta doen? Hy het sy belofte aan Jehovah onthou en gesê: ‘Ag nee, my dogter! Jy het my hart gebreek. Ek het ’n belofte aan Jehovah gemaak. Daarom moet ek jou na die tabernakel in Silo stuur om daar te dien.’ Maar sy dogter het vir hom gesê: ‘Pa, as pa ’n belofte aan Jehovah gemaak het, moet pa daarby bly. Maar ek sal graag twee maande lank saam met my vriendinne na die berge toe wil gaan. Daarna sal ek na Silo gaan.’ Jefta se dogter het getrou gedien by die tabernakel vir die res van haar lewe. Haar vriendinne het elke jaar vir haar in Silo gaan kuier.

Vrae: Watter belofte het Jefta gemaak?
Hoe het Jefta se dogter op haar pa se belofte gereageer?

Rigters 10:6–11:11; 11:29–40; 1 Samuel 12:10, 11

**“Wie meer geheg is aan sy seun of sy dogter as aan my, verdien nie om my dissipel te wees nie.”
—Matteus 10:37**





37 Jehovah praat met Samuel

Die hoëpriester Eli het twee seuns gehad wat as priesters by die tabernakel gedien het. Hulle name was Hofni en Pinehas. Hulle was nie gehoorsaam aan Jehovah se wette nie, en hulle het die volk baie sleg behandel. Wanneer die Israëliete offerandes aan Jehovah gebring het, het Hofni en Pinehas die beste vleis vir hulleself gevat. Eli het gehoor wat sy seuns gedoen het, maar hy het niks hieroor gedoen nie. Sou Jehovah toelaat dat dit aanhou gebeur?

Al was Samuel baie jonger as Hofni en Pinehas, het hy nie gedoen wat hulle gedoen het nie. Samuel het Jehovah se hart bly gemaak. Een nag, terwyl hy geslaap het, het Samuel gehoor hoe 'n stem sy naam roep. Hy het opgestaan en na Eli toe gehardloop en gesê: 'Hier is ek!' Maar Eli het gesê: 'Ek het jou nie geroep nie. Gaan lê weer.' Samuel het gaan lê, maar toe het dit weer gebeur. Toe Samuel die stem 'n derde keer hoor, het Eli besef dat dit Jehovah is wat Samuel roep. Hy het vir Samuel gesê wat hy moet sê as hy die stem weer hoor. Hy moes sê: 'Spreek Jehovah. U kneg luister.'

Samuel het weer gaan lê. Toe hoor hy: 'Samuel! Samuel!' Hy het geantwoord: 'Spreek, want u kneg luister.' Jehovah het vir hom gesê:

‘Sê vir Eli dat ek hom en sy gesin gaan straf. Hy weet dat sy seuns slegte dinge in my tabernakel doen, maar hy doen niks daarvoor nie.’ Die volgende oggend het Samuel soos gewoonlik die deure van die tabernakel oopgemaak. Hy was bang om vir die hoëpriester te sê wat Jehovah gesê het. Maar Eli het hom geroep en vir hom gesê: ‘My seun, wat het Jehovah vir jou gesê? Vertel my alles.’ Toe het Samuel Eli alles vertel.

Terwyl Samuel grootgeword het, was Jehovah altyd met hom. Al die Israeliete in die land het geweet dat Jehovah Samuel gekies het om ’n profeet en ’n regter te wees.

Vrae: Hoe was Samuel anders as Hofni en Pinehas?
Watter boodskap het Jehovah vir Samuel gegee?

1 Samuel 2:12-17, 22-26; 3:1-21; 7:6

**“Dink aan jou Groot Skepper
terwyl jy jonk is.”—Prediker 12:1**



38 Jehovah het Simson sterk gemaak

Baie Israeliete het weer begin om afgode te aanbid, en daarom het Jehovah toegelaat dat die Filistyne die Israeliete se land oorheers. Maar daar was nog 'n paar Israeliete wat vir Jehovah lief was. Een van hulle was Manoag. Hy en sy vrou het nie kinders gehad nie. Eendag het Jehovah 'n engel na Manoag se vrou toe gestuur. Die engel het vir haar gesê: 'Jy gaan 'n seun hê. Hy sal Israel red, want hy sal teen die Filistyne veg. Hy sal 'n Nasireër wees.' Weet jy wie die Nasireërs was? Hulle was spesiale knegte van Jehovah. Nasireërs mag nooit hulle hare gesny het nie.

'n Ruk later is Manoag se seun gebore, en hy het hom Simson genoem. Toe Simson groot geword het, het Jehovah hom baie sterk gemaak. Hy kon 'n leeu met sy kaal hande doodmaak. Eenkeer het

Simson 30 Filistyne op sy eie doodgemaak.

Die Filistyne het hom gehaat en het die hele tyd probeer om hom dood te maak. Terwyl Simson een nag in Gasa geslaap het, het die Filistyne na die hek van die stad toe gegaan en daar

“Ek is tot alles in staat deur hom wat my krag gee.”—Filippense 4:13

gewag sodat hulle hom in die oggend kon doodmaak. Maar in die middel van die nag het Simson opgestaan, na die stad se hek toe gegaan en die hek uit die muur geruk. Toe het hy die hek op sy skouer gesit en dit tot op die top van 'n berg naby Hebron gedra!

Later het die Filistyne na Simson se meisie, Delila, toe gegaan en gesê: 'Ons sal jou duisende silwerstukke betaal as jy uitvind hoekom Simson so sterk is. Ons wil hom vang en hom in die tronk sit.' Delila wou die geld hê, en daarom het sy gesê dat sy dit sal doen. Simson wou haar eers nie vertel hoekom hy so sterk is nie. Maar sy het hom oor en oor gevra totdat hy moeg geword het, en toe het hy haar vertel wat sy geheim is. 'My hare is nog nooit gesny nie, want ek is 'n Nasireër,' het hy gesê. 'As my hare afgesny word, sal ek my krag verloor.' Dink jy ook dat Simson 'n groot fout gemaak het toe hy dit vir haar vertel het?

Delila het onmiddellik vir die Filistyne gesê: 'Ek weet wat sy geheim is!' Sy het Simson op haar skoot aan die slaap gemaak en toe sy hare laat afsny. Delila het geskree: 'Simson, die Filistyne is hier!' Simson het wakker geword, en sy krag was weg. Die Filistyne het hom gegryp, hom blind gemaak en hom in die tronk gesit.

Eendag het duisende Filistyne in die tempel van hulle god Dagon bymekaargekom en geskree: 'Ons god het Simson aan ons gegee! Bring Simson uit! Laat ons 'n bietjie vir hom kan lag.' Hulle het hom tussen twee pilare laat staan en hom gespot. Simson het uitgeroep: 'O Jehovah, gee my asseblief nog een keer krag.' Teen hierdie tyd was Simson se hare weer lank. Hy het met al sy krag teen die pilare van die tempel gestoot. Die hele gebou het inmekaargeval, en al die mense wat in die tempel was, is dood. Simson het ook gesterf.

Vrae: Hoekom was Simson so sterk? Wat het met Simson gebeur toe hy vir Delila vertel hoekom hy so sterk is?

Rigters 13:1-16:31





7

Hierdie deel gaan oor die lewens van koning Saul en koning Dawid en strek oor sowat 80 jaar. Saul was eers nederig en het God gevrees, maar hy het kort voor lank verander en geweer om Jehovah se leiding te volg. Jehovah het hom verwerp en het mettertyd vir Samuel gesê om Dawid as die volgende koning van Israel te salf. Saul was jaloers op Dawid en het hom baie keer probeer doodmaak, maar Dawid het nooit wraak geneem nie. Saul se seun Jonatan het gewee dat Dawid Jehovah se keuse is, en daarom was hy lojaal aan Dawid. Dawid het ernstige sondes gepleeg, maar hy het altyd Jehovah se straf aanvaar. As jy 'n ouer is, moet jy jou kind help om te sien hoe belangrik dit is om altyd God se reëlings te ondersteun.



BELANGRIKE LESSE

- Ons liefdevolle gehoorsaamheid is die belangrikste ding wat ons vir Jehovah kan gee
- Moenie wraak neem nie, wag eerder op Jehovah om onregte reg te stel
- As ons 'n ernstige sonde pleeg, moet ons dit nie probeer wegsteek nie

39 Israel se eerste koning

Jehovah het vir die Israëliete rigters gegee om hulle te lei, maar hulle wou 'n koning hê. Die volk het vir Samuel gesê: 'Al die nasies om ons het konings. Ons wil ook 'n koning hê.' Maar Samuel het gevoel dat dit verkeerd is, en hy het daarvoor gebid. Jehovah het vir hom gesê: 'Die volk verwerp jou nie. Hulle verwerp my. Sê vir hulle dat hulle 'n koning kan kry, maar dat hierdie koning baie dinge van hulle sal verwag.' Maar die volk het gesê: 'Ons gee nie om nie. Ons wil 'n koning hê!'

Jehovah het vir Samuel gesê dat 'n man met die naam Saul, die eerste koning sou wees. Toe Saul na Samuel in Rama toe gegaan het, het Samuel hom as koning gesalf deur olie op sy kop te gooi.

Samuel het die Israëliete later bymekaar geroep om hulle nuwe koning vir hulle te wys. Maar hulle kon Saul nêrens kry nie. Weet jy hoekom nie? Want hy het tussen die bagasie weggekrui. Toe hulle Saul uiteindelik kry, het hulle hom uitgebring en hom tussen die mense laat staan. Saul was baie langer as al die ander mense en hy was 'n mooi man. Samuel het gesê: 'Hier is die een wat Jehovah gekies het.' Die mense het geskree: 'Lank lewe die koning!'

Aan die begin het koning Saul na Samuel geluister en was hy gehoorsaam aan Jehovah. Maar toe het hy verander. Dit was byvoorbeeld nie die koning se werk om offerandes te bring nie. Samuel het eenkeer gesê dat Saul moet wag totdat hy kom, maar Samuel het nie dadelik gekom nie. Saul het toe besluit om self die offerandes te bring. Hoe het Samuel gereageer? Hy het vir hom gesê: 'Jy moes nie aan Jehovah ongehoorsaam gewees het nie.' Het Saul uit sy foute geleer?

Later, toe Saul teen die Amalekiete gaan veg het, het Samuel vir Saul gesê om nie een van hulle te laat lewe nie. Maar Saul het besluit om koning Agag nie dood te maak nie. Jehovah het vir Samuel gesê: 'Saul het my verlaat, en hy luister nie meer na my nie.' Samuel was

**“Om gehoorsaam te wees,
is beter as ’n offerande.”
—1 Samuel 15:22**

baie hartseer en het vir Saul gesê: ‘Omdat jy nie meer aan Jehovah gehoorsaam is nie, gaan Jehovah ’n ander koning kies.’ Toe Samuel omdraai om te loop, het Saul hom aan sy klere gegryp en die soom van Samuel se kleeed het geskeur. Samuel het toe vir Saul gesê: ‘Jehovah het die koninkryk van jou af weggeskeur.’ Jehovah sou die koninkryk aan iemand gee wat hom liefhet en hom gehoorsaam.

Vrae: Wat wou die Israëliete hê? Hoekom het Jehovah Saul as koning verwerp?

1 Samuel 8:1-22; 9:1, 2, 15-17; 10:8, 20-24; 13:1-14; 15:1-35



40 Dawid en Goliat

Jehovah het vir Samuel gesê: 'Gaan na Isai se huis toe. Een van sy seuns sal die volgende koning van Israel wees.' Daarom het Samuel na Isai se huis toe gegaan. Toe hy die oudste seun sien, het hy gedink: 'Dit moet hierdie jong man wees.' Maar Jehovah het vir

Samuel gesê dat hierdie seun nie die een is nie. Jehovah het gesê: 'Ek sien wat in iemand se hart is, nie net hoe hy lyk nie.'

Isai het nog ses van sy seuns na Samuel toe gebring. Maar Samuel het gesê: 'Jehovah het nie een van hulle gekies nie. Het jy nog ander seuns?' Isai het gesê: 'Ek het nog een, my jongste seun, Dawid. Hy pas my skape op.' Toe Dawid inkom, het Jehovah vir Samuel gesê: 'Hy is die een!' Samuel het olie op Dawid se kop gegooi en hom as die toekomstige koning van Israel gesalf.

'n Ruk later het die Israeliete teen die Filistyne geveg. 'n Reus met die naam Goliat was aan die Filistyne se kant. Goliat het die Israeliete dag ná dag gespot. Hy het geskree: 'Stuur 'n man om teen my te veg. As hy wen, sal ons julle slawe wees. Maar as ek wen, moet julle ons slawe wees.'

Dawid het na die Israeliete se leërkamp gegaan om kos vir sy broers, wat soldate was, te bring. Hy het Goliat gehoor en gesê: 'Ek sal teen hom veg!' Koning Saul het





gesê: ‘Maar jy is net ’n seun.’ Dawid het geantwoord: ‘Jehovah sal my help.’

Saul het sy oorlogsklere vir Dawid gegee om aan te trek, maar Dawid het gesê: ‘Ek kan nie hierin veg nie.’ Dawid het sy slinger geneem en na ’n stroom gegaan. Hy het vyf gladde klippies gekies en dit in ’n sak gesit. Toe het Dawid na Goliat toe gehardloop. Die reus het geskree: ‘Kom hier, mannetjie. Ek sal jou vir die voëls van die hemel en vir die wilde diere voer.’ Dawid was nie bang nie. Hy het geskree: ‘Jy kom na my toe met ’n swaard en ’n spies, maar ek kom na jou toe in die naam van Jehovah. Jy veg nie teen ons nie. Jy veg teen God. Almal hier sal sien dat Jehovah baie sterker as ’n swaard of ’n spies is. Hy sal ons help om teen julle te wen.’

Dawid het ’n klippie in sy slinger gesit en dit met al sy krag begin swaai. Met Jehovah se hulp het die klippie uitgeskiet en Goliat in die voorkop getref. Die reus het dood neergeval op die grond. Toe het die Filistyne weggehardloop. Vertrou jy, soos Dawid, op Jehovah?

Vrae: Vir wie het Jehovah gekies as die volgende koning van Israel? Hoe het Dawid die geveg teen Goliat gewen?

1 Samuel 16:1-13; 17:1-54

**“Vir mense is dit onmoontlik, maar nie vir God nie, want vir God is alles moontlik.”
—Markus 10:27**



41 Dawid en Saul

Nadat Dawid vir Goliat doodgemaak het, het koning Saul hom die hoof van die leërmag gemaak. Dawid het baie gevegte gewen, en hy het baie bekend geword. Elke keer wanneer Dawid ná 'n oorlog teruggekom het huis toe, het die vroue uitgekome, gedans en gesing: 'Saul het duisende doodgemaak, en Dawid tienduisende!' Saul het jaloers geraak op Dawid en wou hom doodmaak.

Dawid kon die harp baie goed speel. Op 'n dag, terwyl Dawid die harp vir Saul gespeel het, het die koning sy spies na Dawid toe gegooi. Dawid het net betyds gekoes, en die spies het die muur getref. Daarna het Saul nog baie keer probeer om Dawid dood te maak. Uiteindelik het Dawid weggehardloop en in die woestyn gaan wegkruip.

Saul het 'n leërmag met 3 000 manne geneem en na Dawid gaan soek. Hy het in

“Doen julle bes om in vrede met alle mense te lewe. Moenie self wraak neem nie, geliefde vriende, maar laat die woede aan God oor.”—Romeine 12:18, 19



'n grot ingegaan, maar sonder dat hy dit geweet het, was dit waar Dawid en sy manne weggekruipt het. Dawid se manne het gefluister: 'Dis nou jou kans om Saul dood te maak.' Dawid het na Saul toe gekruip en 'n stukkie van die koning se klere afgesny. Saul het dit nie agtergekom nie. Later het Dawid baie sleg gevoel omdat hy nie respek vir Jehovah se gesalfde koning gewys het nie. Hy het sy manne nie toegelaat om Saul aan te val nie. Hy het selfs na Saul geroep en vir hom gesê dat hy 'n kans gehad het om hom dood te maak, maar hy het nie. Sou Saul van plan verander en Dawid nou uitlos?


Nee. Saul het oral na Dawid gesoek. Een nag het Dawid en sy neef Abisai in Saul se kamp ingesluip. Selfs Abner, Saul se lyfwag, was aan die slaap. Abisai het gesê: 'Dis nou ons kans! Ek gaan hom doodmaak.' Dawid het geantwoord: 'Jehovah sal vir Saul straf. Kom ons vat net sy spies en waterbeker, en dan gaan ons.'

Dawid het teen 'n berg uitgeklim wat oor Saul se kamp uitgekyk het. Hy het geskree: 'Abner, waarom het jy nie jou koning beskerm nie? Waar is Saul se waterbeker en sy spies?' Saul het Dawid se stem herken en gesê: 'Jy kon my doodgemaak het, maar jy het nie. Ek weet dat jy die volgende koning van Israel gaan wees.' Saul het teruggegaan na sy paleis toe. Maar nie almal in Saul se familie het Dawid gehaat nie.

Vrae: Hoekom wou Saul vir Dawid doodmaak?
Hoekom wou Dawid nie vir Saul doodmaak nie?

**1 Samuel 16:14-23; 18:5-16; 19:9-12; 23:19-29;
24:1-15; 26:1-25**






42 Jonatan is dapper en lojaal

Koning Saul se oudste seun, Jonatan, was 'n dapper soldaat. Dawid het gesê dat Jonatan vinniger as 'n arend en sterker as 'n leeu was. Eendag het Jonatan 20 Filistynse soldate op 'n heuwel gesien. Hy het vir die man wat sy wapens dra, gesê: 'Ons sal hulle net aanval as Jehovah vir ons 'n teken gee. As die Filistyne vir ons sê om na hulle toe te kom, dan weet ons dat ons hulle moet aanval.' Die Filistyne het geskree: 'Kom hiernatoe en veg!' Die twee mans het toe teen die heuwel opgeklim en die soldate oorwin.

Omdat Jonatan Saul se oudste seun was, sou hy die volgende koning word. Maar Jonatan het geweet dat Jehovah Dawid gekies het om die volgende koning van Israel te word, maar hy was nie jaloers nie. Jonatan en Dawid het baie goeie vriende geword. Hulle



het belowe om mekaar te beskerm en te help. Jonatan het sy eie kleeed, sy swaard, sy boog en sy belt vir Dawid gegee om te wys dat hulle vriende is.

Toe Dawid vir Saul gevlug het, het Jonatan na hom toe gegaan en gesê: 'Wees sterk en wees dapper. Jehovah het jou gekies om koning te wees. Selfs my pa weet dit.' Sal jy daarvan hou om 'n goeie vriend soos Jonatan te hê?

Jonatan het meer as een keer sy lewe gewaag om sy vriend te help. Hy het geweet dat koning Saul Dawid wou doodmaak, en daarom het hy vir sy pa gesê: 'Dit sal 'n sonde wees as pa vir Dawid doodmaak. Hy het niks verkeerds gedoen nie.' Saul was baie kwaad vir Jonatan. 'n Paar jaar later het Jonatan en Saul saam in 'n geveg gesterf.

Ná Jonatan se dood het Dawid na Jonatan se seun Mefiboset gesoek. Toe Dawid vir Mefiboset kry, het hy vir hom gesê: 'Omdat jou pa 'n goeie vriend vir my was, sal ek vir die res van jou lewe vir jou sorg. Jy sal in my paleis bly en aan my tafel eet.' Dawid het nooit sy vriend Jonatan vergeet nie.

Vrae: Hoe het Jonatan gewys dat hy dapper is? Hoe het Jonatan gewys dat hy lojaal is?

1 Samuel 14:1-23; 18:1-4; 19:1-6;
20:32-42; 23:16-18; 31:1-7;
2 Samuel 1:23; 9:1-13

“Julle moet mekaar liefhê net soos ek julle liefgehad het. Niemand het groter liefde as iemand wat sy lewe vir sy vriende gee nie.”
—Johannes 15:12, 13



43 Koning Dawid se sonde

Nadat Saul dood is, het Dawid koning geword. Hy was 30 jaar oud. Toe hy al 'n paar jaar koning was, het hy een aand van die dak van sy paleis af 'n mooi vrou gesien. Dawid het uitgevind dat haar naam Batseba is en dat sy getroud is met 'n soldaat met die naam Uria. Dawid het Batseba na sy paleis toe laat kom. Hulle het seks gehad, en sy het swanger geword. Dawid het probeer om dit geheim te hou. Hy het vir sy generaal gesê om Uria heel voor in die geveg te sit en dan terug te staan sodat hy alleen moet veg. Nadat Uria in die geveg

doodgemaak is, het Dawid met Batseba getrou.


Maar Jehovah het al die slegte dinge gesien wat gebeur het. Wat sou hy doen? Jehovah het sy profeet Natan na Dawid toe gestuur. Natan het gesê: 'Daar was 'n ryk man wat baie skape gehad het, en 'n arm man wat net een lammetjie gehad het waarvoor hy baie lief was. Die ryk man het die arm man se enigste lammetjie gevat.' Dawid was kwaad en het gesê: 'Daardie ryk man moet doodgemaak word!'

Natan het toe vir Dawid gesê:

'Jy is daardie ryk man!' Dawid was baie hartseer en het erken: 'Ek het teen Jehovah gesondig.' Hierdie sonde het baie probleme vir Dawid en sy familie veroorsaak. Jehovah het Dawid gestraf, maar hy het hom nie doodgemaak nie omdat hy eerlik en nederig was.

Dawid wou 'n tempel vir Jehovah bou, maar Jehovah het Dawid se seun Salomo gekies om die tempel te bou. Dawid het dinge begin regkry vir Salomo en gesê: 'Jehovah se tempel moet baie groot en

pragtig wees. Salomo is nog jonk, maar ek wil hom help deur dinge solank reg te kry.’ Dawid het baie van sy eie geld vir die bouwerk van die tempel gegee. Hy het mense gekry wat die werk baie goed kon doen. Hy het goud en silwer bymekaargemaak, en hy het ook sederhout van Tirus en Sidon af laat kom. Toe Dawid baie oud was, het hy die tempel se bouplanne vir Salomo gegee. Hy het gesê: ‘Jehovah wou hê dat ek hierdie dinge vir jou moet neerskryf. Jehovah sal jou help. Moenie bang wees nie. Wees sterk en begin met die werk.’



Vrae: Wat was Dawid se sonde? Wat het Dawid gedoen om sy seun Salomo te help?

**2 Samuel 5:3, 4, 10; 7:1-16; 8:1-14;
11:1-12:14; 1 Kronieke 22:1-19;
28:11-21; Psalm 51:1-19**

“Iemand wat sy oortredings bedek, sal nie sukses hê nie, maar die persoon wat dit bely en laat staan, sal genade ontvang.”—Spreuke 28:13





8

Jehovah het Salomo met groot wysheid geseën en het hom die voorreg gegee om die tempel te bou, maar hy het Jehovah geleidelik verlaat. As jy 'n ouer is, moet jy vir jou kind verduidelik hoe valse aanbidders veroorsaak het dat Salomo opgehou het om Jehovah te dien. Die koninkryk is verdeel, en slegte konings het die nasie mislei om afvallig te word en afgode te aanbid. Gedurende daardie tyd is talle lojale profete van Jehovah vervolgt en doodgemaak. Koningin Isebel het die noordelike koninkryk selfs meer afvallig laat word. Dit was 'n donker tydperk in die geskiedenis van Israel. Maar daar was nog baie getroue knegte van Jehovah onder die Israeliete, insluitende koning Josafat en die profeet Elia.



BELANGRIKE LESSE

- Dien Jehovah getrou, al doen jou familie en vriende dit nie
- As jy ophou om Jehovah te dien, sal alles verkeerd loop; maar as jy aanhou om hom te dien, sal hy jou sien
- Wanneer jy voel dat daar geen uitweg is nie, sal Jehovah sy krag aan jou toon op maniere wat jy jou nie kan voorstel nie

44 'n Tempel vir Jehovah

Nadat Salomo koning van Israel geword het, het Jehovah hom gevra: 'Wat wil jy graag hê?' Salomo het gesê: 'Ek is jonk en ek weet nie hoe om 'n goeie koning te wees nie. Gee my asseblief wysheid sodat ek vir u volk kan sorg.' Jehovah het gesê: 'Omdat jy vir wysheid gevra het, sal ek jou die slimste man op die aarde maak. Ek sal jou ook baie ryk maak. En as jy aan my gehoorsaam is, sal jy lank lewe.'

Salomo het begin om die tempel te bou. Hy het die beste goud, silwer, hout en klip gebruik. Duisende mans en vrouens wat goed was in hulle werk, het gehelp om die tempel te bou. Ná sewe jaar was die tempel gereed om aan Jehovah toegewy te word. Dit het 'n altaar gehad, en daar was offerandes daarop. Salomo het voor die altaar op sy knieë gegaan en toe gebid: 'O Jehovah, hierdie tempel is nie groot genoeg of mooi genoeg vir u nie, maar aanvaar asseblief ons aanbidding en luister na ons gebede.' Wat het Jehovah van die tempel en van Salomo se gebed gedink? Die oomblik toe Salomo klaar gebid het, het vuur uit die hemel gekom en die offerandes op die altaar verbrand. Dit het gewys dat Jehovah die tempel goedkeur. Toe die Israëliete dit sien, was hulle baie bly.

Koning Salomo was bekend vir sy wysheid oral in Israel en selfs in baie ver plekke. Mense het na Salomo toe gekom sodat hy hulle met hulle probleme kon help. Selfs die koningin van Skeba het gekom om hom met moeilike vrae te toets. Toe sy Salomo se antwoorde hoor, het sy gesê: 'Ek het nie geglo wat mense my oor jou vertel het nie, maar nou sien ek dat jy selfs slimmer is as wat hulle gesê het. Jou God, Jehovah, het jou geseën.' Die nasie Israel het die lewe geniet en hulle was gelukkig en tevrede. Maar dinge sou binnekort verander.

Vrae: Hoekom het Jehovah Salomo baie slim gemaak?
Hoe het Jehovah gewys dat hy die tempel goedkeur?

1 Konings 2:12; 3:4-28; 4:29-5:18; 6:37, 38; 7:15-8:66; 10:1-13; 2 Kronieke 7:1; 9:22





**“Ky! iemand groter
as Salomo is hier.”
—Matteus 12:42**

45 'n Koninkryk word verdeel

Terwyl Salomo Jehovah aanbid het, was daar vrede in Israel. Maar Salomo het met baie vroue van ander lande getrou, en hierdie vrouens het afgode aanbid. Mettertyd het Salomo verander en toe het hy ook begin om afgode te aanbid. Jehovah was baie kwaad. Hy het vir Salomo gesê: 'Israel sal van jou familie af weggeruk word, en dit sal in twee verdeel word. Ek sal die groot deel aan een van jou knegte gee, en jou familie sal net oor die klein deel regeer.'

Jehovah het sy besluit ook op 'n ander manier duidelik gemaak. Een van Salomo se knegte, Jerobeam, het die profeet Ahia langs die pad gekry. Ahia het sy eie kledingstuk in 12 stukke geskeur en toe vir Jerobeam gesê: 'Jehovah gaan die koninkryk van Israel wegneem van Salomo se familie en hy gaan dit in twee verdeel. Vat tien van hierdie stukke, want jy gaan koning wees oor tien stamme.' Koning Salomo het hiervan gehoor en wou Jerobeam doodmaak! Daarom het Jerobeam na Egipte toe weggehardloop. Later het Salomo gesterf, en sy seun Rehabeam het koning geword. Toe was dit weer veilig vir Jerobeam om na Israel toe terug te gaan.

Die ouer manne van Israel het vir Rehabeam gesê: 'As jy



die volk goed behandel, sal hulle lojaal aan jou wees.’ Maar Rehabeam se jonger vriende het gesê: ‘Jy moet streng wees met die volk! Laat hulle nog harder werk!’ Rehabeam het na sy

jong vriende geluister. Hy het die volk wreed behandel, en daarom het hulle teen hom gedraai. Hulle het Jerobeam koning van tien van die stamme gemaak, en dit is die koninkryk van Israel genoem. Die ander twee stamme is die koninkryk van Juda genoem, en hulle het lojaal aan Rehabeam gebly. Die 12 stamme van Israel was nou nie meer een koninkryk nie.

Omdat Jerusalem in Rehabeam se koninkryk was, wou Jerobeam nie hê dat sy mense soontoe moes gaan om te aanbid nie. Weet jy hoekom? Jerobeam was bang dat hulle teen hom sou draai en Rehabeam sou begin dien. Daarom het hy twee goue kalwers gemaak en vir sy mense gesê: ‘Jerusalem is te ver. Julle kan hier aanbid.’ Die mense het die goue kalwers begin aanbid en het weer van Jehovah vergeet.

Vrae: Hoekom is Israel verdeel? Watter slegte dinge het koning Rehabeam en koning Jerobeam gedoen?

1 Konings 11:1-13, 26-43; 12:1-33

“Moenie saam met ongelowiges onder ’n ongelyke juk kom nie. Want wat het regverdigheid te doen met wetteloosheid? . . . Of wat het ’n gelowige in gemeen met ’n ongelowige?”—2 Korintiërs 6:14, 15



46 'n Toets op die berg Karmel

Die tienstammeryk van Israel het talle slegte konings gehad, maar Agab was een van die slegstes. Hy het getrou met 'n slegte vrou wat Baäl aanbid het. Haar naam was Isebel. Agab en Isebel het Baälaanbidding regoor die land versprei, en hulle het Jehovah se profete doodgemaak. Wat het Jehovah gedoen? Hy het die profeet Elia gestuur om 'n boodskap vir Agab te gee.

Elia het vir koning Agab gesê dat dit nie in Israel sou reën nie omdat hy so sleg is. Daar was meer as drie jaar lank nie goeie oeste nie, en die volk het nie genoeg kos gehad nie. Later het Jehovah weer vir Elia na Agab toe gestuur. Die koning het gesê: 'Jy is 'n moeilikheidsmaker! Dis jou skuld dat dinge so sleg gaan.' Elia het geantwoord: 'Ek het nie hierdie droogte veroorsaak nie. Dis jou skuld omdat jy Baäl aanbid. Kom ons toets wie die ware God is. Maak die volk en die Baälprofete op die berg Karmel bymekaar.'

Die volk het op die berg bymekaargekom. Elia het gesê: 'Besluit nou. As Jehovah die ware God is, volg hom. As dit Baäl is, volg hom dan. Ek daag julle uit. Die 450 Baälprofete moet 'n offerande voorberei en hulle god aanroep, en ek sal 'n offerande voorberei en Jehovah aanroep. Die een wat antwoord deur vuur uit die hemel te laat kom, is die ware God.' Die volk het ingestem.

Die profete van Baäl het 'n offerande voorberei. Hulle het die hele dag lank hulle god aangeroep: 'O Baäl, antwoord ons!' Toe Baäl nie antwoord nie, het Elia hom gespot. Hy het gesê: 'Roep so hard as wat julle kan. Miskien het hy aan die slaap geraak en moet iemand hom gaan wakker maak.' Dit het aand geword, en die profete van Baäl het aangehou om hom te roep. Maar daar was nog steeds geen antwoord nie.

Elia het sy offerande op 'n altaar gesit en water daarvoor gegooi. Toe het hy gebid: 'O Jehovah, laat die volk asseblief sien dat u die ware God is.' Dadelik het Jehovah vuur uit die hemel laat kom om die offerande heeltemal te verbrand. Die volk het uitgeroep: 'Jehovah

is die ware God!' Elia het gesê:
'Moenie die profete van Baäl laat
wegkom nie!' Daardie dag is die
450 profete van Baäl doodgemaak.

Toe 'n klein wolkie oor die see opkom, het Elia vir Agab
gesê: 'Daar kom 'n storm. Klim op jou strydwa, en gaan
huis toe.' Donker wolke het saamgepak, die wind het
begin waai en dit het kliphard begin reën. Die droogte
was uiteindelik verby. Agab het so vinnig as wat hy kon
met sy strydwa gejaag. Maar met Jehovah se hulp
kon Elia vinniger as die strydwa hardloop! Was al
Elia se probleme nou verby? Kom ons kyk.

Vrae: Wat was die toets op die berg Karmel?
Hoe het Jehovah Elia se gebed beantwoord?

1 Konings 16:29-33; 17:1; 18:1, 2, 17-46; Jakobus 5:16-18

**“Mag mense weet dat u,
wie se naam Jehovah is,
u alleen die Allerhoogste
oor die hele aarde is.”
—Psalm 83:18**



47 Jehovah het Elia versterk


Isebel het gehoor wat met die Baälprofete gebeur het en sy was baie kwaad. Sy het 'n boodskap vir Elia gestuur: 'Jy sal môre ook dood wees, net soos die profete van Baäl.' Elia het baie bang geword en na die woestyn toe weggehardloop. Hy het gebid: 'Jehovah, ek kan nie meer nie. Laat my eerder net doodgaan.' Elia het onder 'n boom aan die slaap geraak, heeltemal uitgeput.

'n Engel het hom wakker gemaak en saggies gesê: 'Staan op en eet.' Elia het 'n ronde brood op warm klippe en 'n beker water gesien. Hy het geëet en gedrink en weer aan die slaap geraak. Die engel het hom weer wakker gemaak en gesê: 'Eet. Jy het krag nodig vir die lang pad wat voorlê.' Daarom het Elia weer geëet. Toe het hy 40 dae en 40 nagte lank geloop, totdat hy by die berg Horeb gekom het. Daar het Elia in 'n grot ingegaan om te slaap. Maar Jehovah het met hom gepraat. Hy het gesê: 'Wat maak jy hier, Elia?' Elia het geantwoord: 'Die Israeliete het hulle belofte aan u verbreek. Hulle het u altare vernietig en u profete doodgemaak. En nou wil hulle my ook doodmaak.'

Jehovah het vir hom gesê: 'Gaan staan op die berg.' Eers het 'n baie sterk wind verby die grot gewaai. Toe was daar 'n aardbewing en daarna was daar 'n vuur. Laastens het Elia 'n sagte, kalm stem gehoor. Hy het sy gesig met sy kleed toegemaak en buite die grot gestaan. Jehovah het hom toe gevra hoekom hy weggehardloop het. Elia het gesê: 'Ek is die enigste een wat oor is.' Maar Jehovah het vir hom gesê: 'Jy is nie alleen nie. Daar is 7 000 mense in Israel wat my nog steeds aanbid. Gaan en stel Elisa as profeet in jou plek aan.' Elia het dadelik gaan doen wat Jehovah vir hom gesê het. Dink jy dat Jehovah jou ook sal help wanneer jy doen wat hy wil hê jy moet doen? Ja, hy sal. Kom ons vind meer uit oor iets wat gedurende die droogte gebeur het.

Vrae: Hoekom het Elia weggehardloop? Wat het Jehovah vir Elia gesê?

1 Konings 19:1-18; Romeine 11:2-4



**“Moet oor niks bekommerd
wees nie, maar vra God
altyd om julle te help deur
tot hom te bid, hom te
smeek en hom te dank.”
—Filippense 4:6**



48 'n Weduwe se seun word weer lewendig

Gedurende die droogte het Jehovah vir Elia gesê: 'Gaan na Sarfat toe.' 'n Weduwe wat daar bly, sal vir jou kos gee.' By die ingang van die stad het Elia 'n arm weduwe gesien wat hout bymekaarmaak. Hy het haar vir 'n bietjie water gevra. Toe sy dit gaan haal, het Elia agter haar aangeroep: 'Bring asseblief vir my ook 'n stukkie brood.' Maar die weduwe het gesê: 'Ek het niks brood om vir jou te gee nie. Ek het net genoeg meel en olie oor om 'n bietjie kos vir my en my seun te maak.' Elia het vir haar gesê: 'As jy vir my brood maak, belowe Jehovah dat jou meel en olie nie sal opraak totdat dit weer reën nie.'

Die weduwe het huis toe gegaan en vir Jehovah se profeet brood gemaak. Net soos Jehovah belowe het, het sy en haar seun gedurende die droogte altyd kos gehad. Haar houers met meel en olie het vol gebly.

Maar toe het iets verskrikliks gebeur. Die weduwe se seuntjie het so siek geword dat hy doodgegaan het. Sy het Elia gesmeek om haar te help. Elia het die seun uit



**“Dink aan die kraaie: Hulle saai nie saad nie en hulle oes nie. Hulle het nie ’n skuur of ’n stoorkamer nie, en tog voed God hulle. Is julle nie baie meer werd as voëls nie?”
—Lukas 12:24**

haar arms geneem en hom na een van die boonste kamers toe gedra. Hy het hom op ’n bed neergelê en gebid: ‘Jehovah, laat hierdie kind asseblief weer lewe.’ Hoekom sou dit iets wonderliks wees as Jehovah dit doen? Want voor hierdie tyd het niemand wat doodgegaan het, weer lewendig geword nie. En hierdie weduwee en haar seun was nie eens Israelite nie.

Maar die seun het weer lewendig geword en begin asemhaal! Elia het vir die weduwee gesê: ‘Kyk! Jou seun lewe.’ Sy was baie bly en het vir Elia gesê: ‘Jy is regtig ’n man van God. Ek weet dit, want jy sê net die dinge wat Jehovah sê jy moet sê.’

Vrae: Hoe het die weduwee van Sarfat gewys dat sy op Jehovah vertrou? Hoe weet ons dat Elia ’n ware profeet van God was?

1 Konings 17:8-24; Lukas 4:25, 26



49 'n Goddelose koningin word gestraf

Koning Agab kon vanuit die venster van sy paleis in Jisreël 'n wingerd sien wat aan 'n man met die naam Nabot behoort het. Agab wou hierdie wingerd hê en hy het probeer om dit by Nabot te koop. Maar Nabot het geweier om dit aan hom te verkoop omdat dit teen Jehovah se Wet was om grond te verkoop wat jy geërf het. Het Agab Nabot gerespekteer omdat hy die regte ding gedoen het? Nee. Agab was baie kwaad. Hy was so kwaad dat hy nie uit sy kamer wou kom nie en niks wou eet nie.

Agab se vrou, goddelose koningin Isebel, het vir hom gesê: 'Jy is die koning van Israel. Jy kan enigiets kry wat jy wil hê. Ek sal daardie stuk grond vir jou kry.' Sy het briewe aan die ouer manne van die stad geskryf. Daarin het sy gesê dat hulle Nabot daarvan moet beskuldig dat hy God vervloek het en hom met klippe moet doodgooi. Die ouer manne het gedoen wat Isebel gesê het, en Isebel het toe vir Agab gesê: 'Nabot is dood. Die wingerd is joune.'


Nabot was nie die enigste onskuldige persoon wat deur Isebel vermoor is nie. Sy het baie mense vermoor wat vir Jehovah lief was. Sy het afgode aanbid en ander slegte dinge gedoen. Jehovah het al die slegte dinge gesien wat Isebel gedoen het. Wat sou hy daarvoor doen?

Ná Agab se dood, het sy seun Joram koning geword. Jehovah het 'n man met die naam Jehu gestuur om Isebel en haar familie te straf.

Jehu het met sy strydwa na Jisreël gery. Dis waar Isebel gebly het. Joram het met sy strydwa gekom om Jehu te ontmoet en hom gevra: 'Is daar vrede tussen ons?' Jehu het gesê: 'Daar sal nie vrede wees terwyl jou ma, Isebel, goddelose dinge doen nie.' Joram het



**“Al verkry ’n gierige persoon rykdom, sal hy op die ou end nie geseën word nie.”
—Spreuke 20:21**



probeer om sy strydwa om te draai en weg te kom. Maar Jehu het hom met ’n pyl doodgeskiet.

Daarna het Jehu na Isebel se paleis toe gegaan. Toe sy hoor dat hy op pad is, het sy haar gesig mooigemaak, haar hare gedoen en by die venster van haar boonste kamer gaan wag. Toe Jehu daar aankom, het sy hom onbeskof gegroet. Jehu het vir haar knegte wat langs haar gestaan het, geskree: ‘Gooi haar af!’ Hulle het Isebel by die venster uitgestoot, en sy het geval en gesterf.

Daarna het Jehu Agab se 70 seuns doodgemaak en hy het alle Baälaanbidding uit die land verwyder. Kan jy sien dat Jehovah alles weet en dat hy diegene wat slegte dinge doen, op die regte tyd sal straf?

Vrae: Wat het Isebel gedoen om Nabot se wingerd te kry?
Hoekom het Jehovah Isebel gestraf?

1 Konings 21:1-29; 2 Konings 9:1-10:30

50 Jehovah beskerm Josafat

Josafat, die koning van Juda, het al die altare van Baäl en die afgode in die land vernietig. Hy wou hê dat die volk Jehovah se wette moes ken. Daarom het hy leiers en Leviëte regoor Juda gestuur om Jehovah se wette aan die volk te leer.

Die nasies in die omgewing was bang om Juda aan te val, want hulle het geweet dat Jehovah met sy volk is. Hulle het selfs vir koning Josafat geskenke gebring. Maar toe het die Moabiete, die Ammoniete en die mense van Seir teen Juda kom veg. Josafat het geweet dat hy Jehovah se hulp nodig het. Hy het al die manne, vroue en kinders in Jerusalem bymekaar laat kom. Hy het voor hulle almal gebid: 'Jehovah, sonder u kan ons nie wen nie. Sê asseblief vir ons wat ons moet doen.'

Jehovah het die gebed beantwoord: 'Moenie bang wees nie. Ek sal julle help. Neem julle plek in, staan stil en sien hoe ek julle gaan red.' Hoe het Jehovah hulle gered?

Die volgende oggend het Josafat sangers gekies en vir hulle gesê om voor die leërmag te loop. Hulle het van Jerusalem af geloop tot by die slagveld in 'n plek met die naam Tekoa.

Terwyl die sangers Jehovah vreugdevol met 'n harde stem geloof het, het Jehovah vir sy volk geveg. Hy het die Ammoniete en die Moabiete so verwar dat hulle mekaar begin aanval het, en nie een van hulle het oorleef nie. Maar Jehovah het die volk van Juda, die soldate en die priesters beskerm. Al die volke in die lande daar naby het gehoor wat Jehovah gedoen het, en hulle het geweet dat Jehovah nog steeds sy volk beskerm. Hoe red Jehovah diegene wat hom aanbid? Op baie maniere. Hy het nie mense se hulp nodig om dit te doen nie.

Vrae: Watter soort koning was koning Josafat?
Hoe het Jehovah Juda beskerm?

2 Kronieke 17:1-19; 20:1-30

**“Julle sal nie in hierdie
oorlog hoof te veg nie.
Neem julle posisies in,
staan stil en sien hoe
Jehovah julle red.”
—2 Kronieke 20:17**





9

Hierdie deel leer ons oor jongmense, profete en konings wat merkwaardige geloof in Jehovah getoon het. In Sirië het 'n Israelitiese dogtertjie groot geloof gehad dat Naäman deur Jehovah se profeet gesond gemaak kan word. Die profeet Elisa het volle vertroue gehad dat Jehovah hom teen enige vyandelike leërmag sou beskerm. Die hoëpriester Jojada het sy lewe gewaag om die jong Joas teen sy bouse ouma, Atalia, te beskerm. Koning Hiskia het vertrou dat Jehovah Jerusalem sou red, en die Assiriërs se dreigement het hom nie afgeskrik nie. Koning Josia het die land van afgodediens gereinig, die tempel herstel en die nasie weer na ware aanbidding gelei.



BELANGRIKE LESSE

- Jy is nooit te jonk om oor Jehovah te praat nie
- Jehovah belowe dat hy met ons sal wees as ons doen wat reg is
- Leer om, soos Jona, presies te doen wat Jehovah sê. Moenie kla wanneer dinge nie gaan soos jy dit wil hê nie

51 Die soldaat en die dogtertjie

In die land Sirië was daar 'n Israelitiese dogtertjie wat baie ver van haar huis af was. Die Siriese leërmag het haar van haar familie af weggevat, en nou was sy 'n diensmeisie van die vrou van 'n leerhoof met die naam Naäman. Die dogtertjie het Jehovah aanbid, selfs al het die mense om haar dit nie gedoen nie.

Naäman het 'n vreeslike velsiekte gehad en hy het die hele tyd pyn gehad. Die dogtertjie wou hom baie graag help. Sy het vir Naäman se vrou gesê: 'Ek weet van iemand wat jou man kan help. In Israel is daar 'n profeet van Jehovah met die naam Elisa. Hy kan jou man gesond maak.'

Naäman se vrou het vir hom vertel wat die dogtertjie gesê het. Hy was bereid om enigiets te probeer, en daarom het hy na Elisa se huis in Israel toe gegaan. Omdat Naäman 'n belangrike persoon was, het hy gedink dat Elisa hom op 'n spesiale manier sou behandel. Maar in plaas daarvan om self met hom te praat, het Elisa sy kneg gestuur om



Naäman te kom groet en vir hom 'n boodskap te gee: 'Gaan en was jou sewe keer in die Jordaanrivier. Dan sal jy gesond word.'

Naäman was baie teleurgesteld. Hy het gesê: 'Ek het gedink dat hierdie profeet my sou gesond maak deur sy God aan te roep en sy hande oor my te beweeg. In plaas daarvan sê hy dat ek na hierdie rivier in Israel toe moet gaan. Ons het beter riviere in Sirië. Hoekom kan ek nie net soontoe gaan nie?' Naäman het kwaad geword en van Elisa se huis af weggegaan.

Naäman se knegte het hom gehelp om mooi hieroor te dink. Hulle het gesê: 'Sal u nie enigiets doen om gesond te word nie? Dis so maklik om te doen wat die profeet gesê het. Wil u dit nie maar net doen nie?' Naäman het na hulle geluister. Hy het na die Jordaanrivier toe gegaan en sewe keer in die water ingegaan. Toe hy die sewende keer uit die water opkom, was Naäman heeltemal gesond. Hy was baie dankbaar en hy het teruggegaan om vir Elisa dankie te sê. Naäman het gesê: 'Nou weet ek dat Jehovah die ware God is.' Hoe dink jy het die dogtertjie gevoel toe Naäman gesond teruggekome het?

Vrae: Dink jy dit was maklik vir die Israelitiese dogtertjie om met Naäman se vrou te praat? Wat dink jy het haar gehelp om so dapper te wees?

2 Konings 5:1-19; Lukas 4:27



“Uit die mond van kinders en kleuters het u lof laat kom.”—Matteus 21:16



52 Jehovah se vurige leërmag

Ben-Hadad, die koning van Sirië, het aangehou om Israel aan te val. Maar die profeet Elisa het elke keer die koning van Israel gewaarsku sodat hy kon vlug. Ben-Hadad het toe besluit om Elisa te ontvoer. Hy het uitgevind dat Elisa in die stad Dotan was en het die Siriese leërmag daarheen gestuur om hom te vang.

Die Siriërs het in die nag by Dotan aangekom. Die volgende oggend het Elisa se dienskneg uitgegaan en gesien dat die stad omsingel is deur 'n groot leërmag. Hy was baie bang en het gekree: 'Elisa, wat moet ons doen?' Elisa het vir hom gesê: 'Daar is meer by ons as by hulle.' Op daardie oomblik het Jehovah Elisa se dienskneg laat sien dat die berge rondom die stad vol perde en strydwaens van vuur is.

Toe die Siriese soldate Elisa probeer vang, het hy gebid: 'Jehovah, maak hulle asseblief blind.' Skielik het die soldate nie geweet waar hulle is nie, al kon hulle nog sien. Elisa het vir die soldate gesê: 'Julle is by die verkeerde stad. Volg my, en ek sal julle na die man toe vat na wie julle soek.' Hulle het Elisa al die pad na Samaria toe gevolg, waar die koning van Israel gewoon het.



**“Ons het die vertroue dat hy ons hoor, ongeag wat ons volgens sy wil vra.”
–1 Johannes 5:14**

Toe die Siriërs agterkom waar hulle is, was dit te laat. Die koning van Israel het vir Elisa gevra: ‘Moet ek hulle doodmaak?’ Het Elisa hierdie geleentheid gebruik om hulle terug te kry vir wat hulle aan hom wou doen? Nee. Elisa het gesê: ‘Moet hulle nie doodmaak nie. Gee hulle iets om te eet, en stuur hulle weg.’ Toe het die koning vir hulle lekker kos gegee om te eet, en daarna het hy hulle huis toe gestuur.

Vrae: Hoe het Jehovah Elisa en sy dienskneg beskerm?
Dink jy dat Jehovah jou ook kan beskerm?

2 Konings 6:8-24



53 Jojada is dapper

Isebel het 'n dogter gehad met die naam Atalia, en sy was net so goddeloos soos haar ma. Atalia was getroud met die koning van Juda. Toe haar man sterf, het haar seun koning geword. Maar toe haar seun ook sterf, het sy haarself koningin van Juda gemaak. Sy het probeer om die koning se hele familie dood te maak en het enigiemand vermoor wat koning in haar plek kon word, selfs haar eie kleinseuns. Almal was bang vir haar.

Jojada, die hoëpriester, en sy vrou, Joseba, het geweet dat die dinge wat Atalia doen, baie sleg was. Hulle het hulle lewe gewaag om een van Atalia se kleinseuns, 'n baba met die naam Joas, weg te steek. Hulle het hom by die tempel grootgemaak.

Toe Joas sewe jaar oud was, het Jojada al die hoofmanne en Leviete bymekaargeroep en vir hulle gesê: 'Staan by die tempel se deure, en moenie enigiemand laat inkom nie.' Toe het Jojada Joas koning van Juda gemaak en 'n kroon op sy kop gesit. Die mense van Juda het geskree: 'Lank lewe die koning!'

Koningin Atalia het die geluid van die skare gehoor en vinnig na die tempel toe gegaan. Toe sy die nuwe koning sien, het sy geskree: 'Verraaiers! Verraaiers!' Die hoofmanne het die goddelose koningin gegryp, haar weggevat en haar doodgemaak. Maar wat van die slegte invloed wat sy op die nasie gehad het?

Jojada het die nasie gehelp om 'n verbond met Jehovah te maak waarin hulle belowe het om Hom alleen te aanbid. Jojada het die tempel van Baäl laat afbreek en die





**“Moenie dié vrees wat die liggaam doodmaak maar nie die siel kan doodmaak nie. Vrees eerder die Een wat die siel sowel as die liggaam in Gehenna kan vernietig.”
—Matteus 10:28**

beelde laat vernietig. Hy het die priesters en Leviete aangestel om by die tempel te werk sodat die Israëliete weer daar kon aanbid. Hy het wagte aangestel om by die ingang van die tempel wag te staan sodat niemand wat onrein is, kon inkom nie. Jojada en die hoofmanne het Joas toe na die paleis geneem en hom op die troon laat sit. Die mense van Juda was baie bly. Omdat hulle uiteindelik van goddelose koningin Atalia en Baälaanbidding bevry is, kon hulle Jehovah nou dien. Kan jy sien hoe baie mense gehelp is omdat Jojada dapper was?

Vrae: Hoe het Jojada gewys dat hy dapper is?
Dink jy dat Jehovah jou kan help om dapper te wees?

2 Konings 11:1–12:12; 2 Kronieke 21:1–6; 22:10–12; 23:1–24:16



54 **Jehovah was geduldig met Jona**

In die Assiriese stad Nineve was die mense goddeloos. Jehovah het vir sy profeet Jona gesê om na Nineve toe te gaan en die mense te waarsku dat hulle moet verander. Maar Jona het in die teenoorgestelde rigting weggehardloop. Hy het op 'n skip geklim wat op pad was na Tarsis toe.

Terwyl die skip op die see gevaar het, het 'n verskriklike storm opgekom, en die matrose was baie bang. Hulle het tot hulle gode gebid en gevra: 'Hoekom gebeur hierdie dinge?' Uiteindelik het Jona vir hulle gesê: 'Dis my skuld. Ek hardloop weg omdat ek nie wil doen wat Jehovah gesê het nie. Gooi my in die see, en dan sal die storm bedaar.' Die matrose wou Jona nie in die see gooi nie, maar hy het aangehou sê dat hulle moet. En toe hulle dit doen, het die storm opgehou.

Jona het gedink dat hy gaan sterf. Terwyl hy dieper en dieper in die see afgesink het, het hy tot Jehovah gebid. Toe het Jehovah 'n baie groot vis gestuur. Die vis het Jona ingesluk sonder om hom dood te maak. Binne-in die vis het Jona gebid: 'Ek belowe dat ek altyd aan u gehoorsaam sal wees.' Jehovah het Jona drie dae lank veilig in die vis gehou. Toe het Jehovah seker gemaak dat die vis Jona op droë grond uitspoeg.

Jehovah het Jona gered. Het dit beteken dat dit nou nie meer nodig

was vir Jona om na Nineve toe te gaan nie? Nee. Jehovah het weer vir Jona gesê om soontoe te gaan. Hierdie keer was Jona gehoorsaam.


Hy het vir die goddelose mense daar gesê: ‘Oor 40 dae sal Nineve vernietig word.’ Toe het iets onverwags gebeur—die Nineviete het geluister en hulle het verander. Die koning van Nineve het vir sy mense gesê: ‘Bid tot God en wys dat julle jammer is. Dalk sal hy ons nie vernietig nie.’ Toe Jehovah sien dat die volk regtig jammer is, het hy Nineve nie vernietig nie.

Jona was kwaad omdat die stad nie vernietig is nie. Dink net: Jehovah was genadig en geduldig met Jona, maar Jona het nie genade vir die mense van Nineve gehad nie. Hy het eerder dikmond buite die stad in die skaduwee van ’n kalbasplant gaan sit. Toe het die plant gevrek, en Jona het weer kwaad geword. Jehovah het vir hom gesê: ‘Jy gee meer vir hierdie plant om as vir die mense van Nineve. Ek was genadig teenoor hulle, en hulle het oorleef.’ Wat was die punt? Die mense van Nineve was belangriker as ’n plant.

Vrae: Watter lesse het Jehovah vir Jona geleer?
Wat kan ons leer uit wat met Jona gebeur het?

Jona 1:1–4:11

“Jehovah . . . is geduldig met julle omdat hy nie wil hê dat enigiemand vernietig moet word nie, maar hy wil hê dat almal berou moet toon.”
—2 Petrus 3:9



55 Jehovah se engel het Hiskia beskerm

Die Assiriese Ryk het die tienstammeryk van Israel oorgeneem. Toe wou Sanherib, die koning van Assirië, die tweestammeryk van Juda oorneem. Hy het die stede van Juda een vir een begin oorneem. Maar die stad wat hy die meeste wou hê, was Jerusalem. Wat Sanherib nie geweet het nie, was dat Jehovah Jerusalem beskerm het.

Hiskia, die koning van Juda, het Sanherib baie geld betaal om Jerusalem uit te los. Al het Sanherib die geld gevat, het hy in elk geval sy sterk leërmag gestuur om Jerusalem aan te val. Die mense in die stad was bang omdat die Assiriërs nader en nader gekom het. Toe het Hiskia vir hulle gesê: 'Moenie bang wees nie. Die Assiriërs is sterk, maar Jehovah sal ons selfs sterker as hulle maak.'

Sanherib het sy boodskapper, die Rabsake, na Jerusalem gestuur om die volk te spot. Die Rabsake het buite die stad gestaan en geskree: 'Jehovah kan julle nie help nie. Moenie dat Hiskia julle bedrieg nie. Daar is geen god wat julle teen ons kan beskerm nie.'

Hiskia het Jehovah gevra wat hy moet doen. Jehovah het gesê: 'Moenie toelaat dat die Rabsake julle bangpraat nie. Sanherib sal Jerusalem nie oorneem nie.' Daarna het Hiskia briewe van Sanherib ontvang. Die briewe het gesê: 'Gee net op. Jehovah kan julle nie red nie.' Hiskia het gebid: 'Jehovah, red ons asseblief, sodat almal kan weet dat u die enigste ware God is.' Jehovah het vir hom gesê: 'Die koning van Assirië sal nie in Jerusalem inkom nie. Ek sal my stad beskerm.'

Sanherib was seker dat Jerusalem binnekort syne sou wees. Maar een nag het Jehovah 'n engel gestuur na die soldate se kamp buite




die stad. Die engel
het 185 000 soldate
doodgemaak!
Koning Sanherib se
sterkste soldate was
nou dood. Hy het verloor
en moes maar huis toe gaan.
Jehovah het Hiskia en Jerusalem
beskerm, net soos hy belowe het.
As jy in Jerusalem was, sou jy op
Jehovah vertrou het?

Vrae: Hoe het Jehovah Jerusalem beskerm?
Dink jy dat Jehovah jou sal beskerm?

**2 Konings 17:1-6; 18:13-37; 19:1-37;
2 Kronieke 32:1-23**

**“Die engel van Jehovah
slaan kamp op rondom
dié wat Hom vrees, en hy
red hulle.”—Psalm 34:7**





56 Josia was lief vir God se Wet

Josia het die koning van Juda geword toe hy agt jaar oud was. In daardie dae het die mense toorkuns beoefen en afgode aanbid. Toe Josia 16 jaar oud was, het hy geleer hoe om Jehovah op die regte manier te aanbid. Toe hy 20 jaar oud was, het hy begin om die afgode en altare in die hele land te vernietig. En toe Josia 26 jaar oud was, het hy planne gemaak om Jehovah se tempel te laat regmaak.

In die tempel het die hoëpriester, Hilkia, die boekrol van Jehovah se Wet gevind—miskien was dit die einste boekrol wat Moses geskryf het. Safan, die koning se sekretaris, het die boekrol na Josia toe gebring en die Wet hardop begin lees. Terwyl Josia geluister het, het hy besef dat die volk al jare lank ongehoorsaam aan Jehovah is. Koning Josia het vir Hilkia gesê: ‘Jehovah is baie kwaad vir ons. Bid tot hom, dan sal hy vir ons sê wat ons moet doen.’ Jehovah het hulle deur die profetes Hulda geantwoord: ‘Die volk Juda het my verlaat. Hulle sal gestraf word, maar nie terwyl Josia koning is nie omdat hy homself verneder het.’

Toe koning Josia die boodskap hoor, het hy na die tempel gegaan en die mense van Juda bymekaargeroep. Toe het hy Jehovah se Wet hardop vir die hele nasie gelees. Josia en die volk het belowe om Jehovah met hulle hele hart te gehoorsaam.

Die nasie Juda het baie jare lank nie die Pasga gevier nie. Maar toe Josia in die Wet lees dat die Pasga elke jaar gevier moet word, het hy

**“U woord is ’n lamp vir my
voet en ’n lig vir my pad.”
—Psalm 119:105**

vir die nasie gesê: ‘Ons sal ’n Pasga vir Jehovah hou.’ Josia het toe reggemaak om baie offerandes te bring en hy het gereël dat ’n koor by die tempel sing. Die nasie het eers die Pasga gehou, en daarna die Fees van die Ongesuurde Koeke, wat sewe dae lank was. Dit was die grootste Pasga sedert Samuel se tyd. Josia was regtig lief vir God se Wet. Geniet jy dit om van Jehovah te leer?

Vrae: Wat het koning Josia gedoen toe hy God se Wet hoor?
Hoe het Jehovah oor Josia gevoel?

2 Konings 21:26; 22:1–23:30; 2 Kronieke 34:1–35:25





10

Jehovah is Koning oor alles. Hy was nog altyd in beheer, en hy sal altyd in beheer wees. Byvoorbeeld, toe Jeremia in 'n put gegooi is, het Jehovah sy lewe gered. En hy het Sadrag, Mesag en Abednego uit 'n brandende vuroond gered, en Daniël uit die bekke van leeus. Jehovah het Ester beskerm sodat sy haar hele nasie kon red. Hy sal nie toelaat dat goddeloosheid vir ewig aanhou nie. Die profesieë van die groot beeld en die yslike boom verseker ons daarvan dat Jehovah se Koninkryk binnekort alle goddeloosheid sal verwyder en oor die aarde sal regeer.



BELANGRIKE LESSE

- Jehovah se Koninkryk is baie magtiger as enige menseregering
- Soos Ester en Daniël, moet ons altyd opkom vir wat reg is, maak nie saak waar ons is nie
- Vertrou heeltemal op Jehovah wanneer jy in 'n desperate situasie is, net soos Jeremia en Nehemia gedoen het

57 Jehovah stuur Jeremia om te preek

Jehovah het Jeremia gekies om 'n profeet vir die volk van Juda te wees. Hy het vir hom gesê om vir die mense te preek en om hulle te waarsku dat hulle moet ophou om slegte dinge te doen. Jeremia het gesê: 'Maar Jehovah, ek is maar net 'n seun. Ek weet nie hoe om met die volk te praat nie.' Jehovah het vir hom gesê: 'Moenie bang wees nie. Ek sal vir jou sê wat om te sê. Ek sal jou help.'

Jehovah het vir Jeremia gesê om die ouer manne van die volk bymekaar te roep, 'n houer van klei voor hulle stukkend te slaan en te sê: 'Jerusalem sal so stukkend geslaan word.' Toe Jeremia gedoen het wat Jehovah gesê het, het die ouer manne baie kwaad geword. 'n Priester met die naam Pasgur het Jeremia geslaan en sy kop, arms en bene in 'n houtblok vasgemaak. Jeremia kon die hele nag lank nie beweeg nie. Pasgur het hom die volgende oggend losgemaak. Jeremia het gesê: 'Ek kan nie meer nie. Ek gaan ophou preek.' Maar het hy regtig opgehou? Nee. Toe Jeremia 'n rukkie daarvoor gedink het, het hy gesê: 'Jehovah se boodskap is soos 'n vuur in my. Ek kan nie ophou preek nie.' Jeremia het aangehou om die volk te waarsku.

Jare het verbygegaan, en daar was nou 'n nuwe koning in Juda. Die priesters en die valse profete het Jeremia se boodskap gehaat. Hulle het vir die leiers gesê: 'Hierdie man moet doodgemaak word.' Jeremia het gesê: 'As julle my doodmaak, maak julle 'n onskuldige man dood. Ek sê net wat Jehovah gesê het, dis nie my eie woorde nie.' Toe die leiers dit hoor, het hulle gesê: 'Hierdie man moenie doodgemaak word nie.'

Jeremia het aanhou preek, en die leiers het baie kwaad geword. Hulle



het die koning gevra om Jeremia te laat doodmaak. Die koning het gesê dat hulle met Jeremia kan doen net wat hulle wil. Hulle het Jeremia gevat en hom in 'n diep modderput gegooi en gehoop dat hy daar sou sterf. Jeremia het in die modder begin sink.

Ebed-Meleg, 'n belangrike man wat vir die koning gewerk het, het toe vir die koning gesê: 'Die leiers het Jeremia in 'n put gegooi! As ons hom daar los, sal hy doodgaan.' Die koning het Ebed-Meleg beveel om 30 manne saam met hom te neem en Jeremia uit die put te gaan haal. Hoe kan ons soos Jeremia wees en nie toelaat dat enigiets ons keer om te preek nie?

Vrae: Hoekom was Jeremia gehoorsaam aan Jehovah, selfs toe hy jonk was? Wie het probeer keer dat Jeremia preek?

Jeremia 1:1-19; 19:1-11; 20:1-13; 25:8-11; 26:7-16; 38:1-13

**“Julle sal deur alle mense gehaat word weens my naam, maar die een wat tot die einde toe volhard, sal gered word.”
—Matteus 10:22**



58 Jerusalem word vernietig

Die volk van Juda het Jehovah keer op keer verlaat en valse gode aanbid. Jehovah het jare lank probeer om hulle te help. Hy het baie profete gestuur om hulle te waarsku, maar hulle wou nie luister nie. Hulle het die profete eerder gespot. Hoe het Jehovah 'n einde gemaak aan hulle afgodediens?

Die koning van Babilon, Nebukadnesar, was besig om die een nasie na die ander te verslaan. Toe hy Jerusalem die eerste keer oorgeneem het, het hy koning Jojagin, die prinse, die soldate en al die beste werkers weggevat na Babilon toe. Hy het ook al die mooi en duur goed uit Jehovah se tempel gevat. Daarna het Nebukadnesar vir Sedekia koning van Juda gemaak.

In die begin het Sedekia na Nebukadnesar geluister. Maar die nasies in die omgewing en die valse profete het vir Sedekia gesê om teen Babilon te draai. Jeremia het hom gewaarsku: 'As jy in opstand kom, gaan daar moord, hongersnood en siekte in Juda wees.'

Maar nadat Sedekia agt jaar lank regeer het, het hy toe besluit om teen Babilon te draai. Hy het die Egiptiese leërmag gevra om hom te help. Toe het Nebukadnesar sy leërmag gestuur om Jerusalem aan te val, en hulle het reg rondom die stad kamp opgeslaan. Jeremia het vir Sedekia gesê: 'Jehovah sê as jy aan Babilon oorgee, sal jy en die stad oorleef. Maar as jy dit nie doen nie, sal die Babiloniërs Jerusalem afbrand en jou as 'n gevangene wegvat.' Sedekia het gesê: 'Ek sal nie oorgee nie!'



“Jehovah God, die Almagtige, u oordele is betroubaar en regverdig.”—Openbaring 16:7

Een en ’n half jaar later het die Babiloniese leërmag deur die mure van Jerusalem gebreek en die stad aan die brand gesteeek. Hulle het die tempel afgebrand, baie mense doodgemaak en duisende mense gevange geneem.

Sedekia het uit Jerusalem ontsnap, maar die Babiloniërs het agter hom aangejaag. Hulle het hom naby Jerigo gevang en hom na Nebukadnesar toe gevat. Die koning van Babilon het Sedekia gedwing om te kyk hoe hulle sy seuns doodmaak. Toe het Nebukadnesar Sedekia blind gemaak en hom in die tronk gegooi, waar hy later gesterf het. Maar Jehovah het ’n belofte aan die mense van Juda gemaak: ‘Ná 70 jaar sal ek julle terugbring huis toe, na Jerusalem toe.’

Wat sou met die jongmense gebeur wat as gevangenes na Babilon toe gevat is? Sou hulle lojaal aan Jehovah bly?

Vrae: Wie was Nebukadnesar?

Wat het hy met Jerusalem gedoen? Wie was Sedekia?

2 Konings 24:1, 2, 8-20; 25:1-24; 2 Kronieke 36:6-21;

Jeremia 27:12-14; 29:10, 11; 38:14-23; 39:1-9; Esegïel 21:27





59 Vier seuns wat aan Jehovah gehoorsaam was

Toe Nebukadnesar die prinse van Juda na Babilon geneem het, het hy 'n hofbeampte met die naam Aspenas oor hulle aangestel. Nebukadnesar het vir Aspenas gesê om die gesondste en slimste jong seuns onder hulle uit te soek. Hierdie jong seuns sou drie jaar lank opgelei word. Die opleiding sou hulle voorberei om belangrike manne in Babilon te word. Die seuns moes Akkadies, een van Babilon se tale, leer lees, skryf en praat. Hulle moes ook dieselfde soort kos eet wat die koning en die mense in sy paleis geëet het. Vier van hierdie seuns was Daniël, Hananja, Misael en Asarja. Aspenas het hulle nuwe Babiloniese name gegee: Beltsasar, Sadrag, Mesag en Abednego.

“Laat niemand ooit op jou jonkheid neersien nie. Word eerder ’n voorbeeld vir die getroues in woord, in gedrag, in liefde, in geloof, in sedelike reinheid.”—1 Timoteus 4:12

Sou hierdie opleiding veroorsaak dat hulle ophou om Jehovah te dien?

Hierdie vier seuns was vasbeslote om gehoorsaam te wees aan Jehovah. Hulle het geweet dat hulle nie die koning se kos moes eet nie omdat Jehovah se Wet gesê het dat party van hierdie kosse onrein was. Daarom het hulle vir Aspenas gesê: ‘Moet ons asseblief nie dwing om die koning se kos te eet nie.’ Aspenas het vir hulle gesê: ‘As julle nie eet nie, en die koning sien dat julle siek lyk, sal hy my doodmaak!’

Daniël het ’n idee gehad. Hy het vir hulle oppasser gesê: ‘Gee ons asseblief tien dae lank net groente en water. Vergelyk ons dan met die seuns wat die koning se kos eet.’ Die oppasser het ingestem.

Toe die tien dae verby is, het Daniël en sy drie vriende beter as al die ander seuns gelyk. Jehovah was bly dat hulle aan hom gehoorsaam was. Hy het Daniël selfs die wysheid gegee om visioene en drome te verstaan.

Toe die opleiding klaar is, het Aspenas die seuns na Nebukadnesar toe gebring. Die koning het met Daniël, Hananja, Misaël en Asarja gepraat en gesien dat hulle slimmer was en dinge vinniger verstaan het as al die ander seuns. Hy het hulle vier gekies om in sy paleis te werk. Die koning het hulle dikwels vir raad gevra oor belangrike sake. Jehovah het hulle slimmer as al die koning se slimste manne en towenaars gemaak.

Al was hulle in ’n vreemde land, het Daniël, Hananja, Misaël en Asarja nie vergeet dat hulle Jehovah dien nie. Sal jy ook altyd aan Jehovah dink, selfs wanneer jou ouers nie by jou is nie?

Vrae: Hoekom was Daniël en sy drie vriende gehoorsaam aan Jehovah? Hoe het Jehovah hulle gehelp?

Daniël 1:1-21

60 'n Koninkryk wat vir ewig sal bestaan

Koning Nebukadnesar het een nag 'n vreemde droom gehad. Dit het hom so gepla dat hy nie kon slaap nie. Hy het sy towenaars laat roep en vir hulle gesê: 'Verduidelik vir my wat my droom beteken.' Hulle het gesê: 'Sê vir ons wat u gedroom het, o koning.' Maar Nebukadnesar het gesê: 'Nee! Julle moet vir my vertel wat ek gedroom het, of ek gaan julle doodmaak.' Hulle het weer vir hom gesê: 'Vertel ons wat u gedroom het, en dan sal ons dit vir u verduidelik.' Hy het gesê: 'Julle almal probeer my bedrieg. Sê vir my wat ek gedroom het!' Hulle het vir die koning gesê: 'Daar is nie 'n mens wat dit kan doen nie. Wat u vra, is onmoontlik.'

Nebukadnesar was so kwaad dat hy beveel het dat al die wyse manne in die land doodgemaak moet word. Dit het Daniël, Sadrag, Mesag en Abednego ingesluit. Daniël het die koning vir nog tyd gevra. Toe het hy en sy vriende tot Jehovah gebid en hom gevra om hulle te help. Wat het Jehovah gedoen?

In 'n visioen het Jehovah Nebukadnesar se droom vir Daniël gewys en ook vir hom gewys wat dit beteken. Die volgende dag het Daniël na die koning se kneg gegaan en gesê: 'Moenie die wyse manne doodmaak nie. Ek kan verduidelik wat die koning se droom beteken.' Die kneg het Daniël na Nebukadnesar toe gevat. Daniël het vir die koning gesê: 'God het vir u gewys wat in die toekoms gaan gebeur. Dit is wat u gedroom het: U het 'n baie groot beeld gesien met 'n kop van goud, 'n bors en arms van silwer, 'n maag en heupe van koper, bene van yster en voete van yster en klei gemeng. Toe is 'n klip uit 'n berg gekap, en dit het die voete van die beeld getref. Die beeld is fyn gemaal totdat dit soos poeier was, en die wind het dit




weggewaai. Die klip het 'n groot berg geword en dit het die hele aarde gevul.'

Toe het Daniël gesê: 'Dit is wat u droom beteken: U koninkryk is die kop van goud. Die silwer is 'n koninkryk wat ná u sal kom. Dan sal daar een soos koper wees, wat oor die hele aarde gaan regeer. Die volgende koninkryk sal sterk soos yster wees. Uiteindelik sal daar 'n verdeelde koninkryk wees waarvan party dele sterk soos yster sal wees, en ander dele swak soos klei. Die klip wat 'n berg word, is God se Koninkryk. Dit sal al hierdie koninkryke vernietig en dit sal vir ewig bestaan.'

Nebukadnesar het voor Daniël neergeval met sy gesig na die grond toe. Hy het gesê: 'Jou God het hierdie droom vir jou gewys. Daar is geen ander God soos hy nie.' In plaas daarvan om Daniël dood te maak, het Nebukadnesar hom die hoof van al die wyse manne gemaak en hom as heerser oor die provinsie van Babilon aangestel. Kan jy sien hoe Jehovah Daniël se gebed beantwoord het?

Vrae: Hoekom kon Daniël Nebukadnesar se droom aan hom verduidelik? Wat het die droom beteken?

Daniël 2:1-49



**“Hulle het hulle bymekaargebring by die plek wat in Hebreeus Armageddon genoem word.”
—Openbaring 16:16**



61 Hulle het geweier om neer te buig

'n Ruk nadat koning Nebukadnesar die vreemde droom gehad het, het hy 'n groot beeld van goud laat maak. Hy het dit op die vlakte van Dura laat sit, en die belangrikste mense in die land, insluitende Sadrag, Mesag en Abednego, voor die beeld bymekaar laat kom. Die koning het toe beveel: 'Sodra julle die geluid van fluite, harpe en doedelsakke hoor, moet julle voor die beeld neerbuig! Enigeen wat weier om neer te buig, sal in 'n brandende vuuroond gegooi word.' Sou die drie Hebreërs voor die beeld neerbuig, of sou hulle net Jehovah aanbid?

Toe het die koning beveel dat die musiek moet begin. Almal het neergebuig en die beeld aanbid, behalwe Sadrag, Mesag en Abednego. Party van die manne het dit raakgesien en het vir die koning gesê: 'Daardie drie Hebreërs het geweier om u beeld te aanbid.' Nebukadnesar het hulle laat haal en gesê: 'Ek gaan julle nog 'n kans gee om die beeld te aanbid. As julle dit nie doen nie, sal ek julle in die vuuroond laat gooi. Daar is geen god wat julle sal kan red nie.'

Hulle het geantwoord: 'Ons het nie nog 'n kans nodig nie. Ons God kan ons red. Maar selfs al doen hy dit nie, o koning, sal ons die beeld nie aanbid nie.'

Nebukadnesar het baie kwaad geword. Hy het vir sy soldate gesê: 'Maak die vuuroond sewe keer warmer as gewoonlik!' Toe het hy hulle beveel: 'Maak hierdie mans vas en gooi hulle in!' Die oond

**“Jy moet Jehovah
jou God aanbid en
hom alleen dien.”
—Matteus 4:10**

was so warm dat die soldate onmiddellik gesterf het toe hulle naby die oond gekom het. Die drie Hebreërs het in die vuuroond geval. Maar toe Nebukadnesar kyk, het hy gesien dat daar vier mans in plaas van drie binne-in die oond rondloop. Hy het bang geword en sy soldate gevra: 'Het ons nie drie mans in die vuur gegooi nie? Ek sien vier, en een van hulle lyk soos 'n engel!'

Nebukadnesar het nader aan die vuuroond gegaan en uitgeroep: 'Kom uit, julle knegte van die Allerhoogste God!' Almal was verbaas om te sien dat Sadrag, Mesag en Abednego uit die vuur kom. Hulle vel, hulle hare en hulle klere het nie gebrand nie en hulle het nie eens na vuur geruik nie.

Nebukadnesar het gesê: 'Die God van Sadrag, Mesag en Abednego is magtig. Hy het sy engel gestuur en hulle gered. Daar is geen god soos hulle s'n nie.'

Is jy ook vasbeslote om, soos die drie Hebreërs, lojaal aan Jehovah te bly maak nie saak wat gebeur nie?

Vrae: Wat het Sadrag, Mesag en Abednego geweier om te doen?
Hoe het Jehovah hulle gered?

Daniël 3:1-30



62 'n Koninkryk soos 'n groot boom


Een nag het Nebukadnesar 'n droom gehad wat hom bang gemaak het. Hy het sy wyse manne geroep om vir hom te kom sê wat dit beteken. Maar niemand kon sy droom verduidelik nie. Uiteindelik het die koning met Daniël gepraat.

Nebukadnesar het vir Daniël gesê: 'In my droom het ek 'n boom gesien. Dit het tot by die hemel gegroei. Dit kon van enige plek op die aarde gesien word. Dit het mooi blare en baie vrugte gehad. Diere het in die boom se skaduwee gerus, en voëls het nesgemaak in die takke. Toe het 'n engel uit die hemel gekom. Hy het uitgeroep: "Kap die boom af en kap sy takke af. Maar los sy wortelstomp in die aarde, en sit 'n band van yster en 'n band van koper daarom. Die hart van die boom sal verander van dié van 'n mens na dié van 'n wilde dier, en sewe tye sal verbygaan. Alle mense sal leer dat God die Heerser is en dat hy 'n koninkryk kan gee aan wie hy ook al wil.'"

Jehovah het vir Daniël gewys wat die droom beteken. Toe Daniël die droom verstaan, het hy bang geword. Hy het gesê: 'O koning, ek wens dat hierdie droom oor jou vyande was, maar dis oor jou. Die groot boom wat afgekap is, is jy. Jy sal jou koninkryk verloor en jy sal gras in die veld eet soos 'n wilde dier. Maar omdat die engel gesê het dat die wortelstomp in die grond moet bly, sal jy weer koning word.'

'n Jaar later het Nebukadnesar op die plat dak van sy paleis geloop en Babilon bewonder. Hy het gesê: 'Kyk na hierdie groot stad wat ek gebou het. Kyk hoe magtig is ek!' Terwyl hy gepraat het, het 'n stem uit die hemel gesê: 'Nebukadnesar! Nou het jy jou koninkryk verloor.'

Op daardie oomblik het Nebukadnesar mal geword, en hy was soos 'n wilde dier. Hy is gedwing om sy paleis te verlaat en om saam met die wilde diere in die veld te gaan bly. Nebukadnesar se hare het so lank soos 'n arend se vere geword, en sy naels was soos 'n voël se kloue.



Ná sewe jaar het
Nebukadnesar weer
normaal geword, en Jehovah
het hom koning van Babilon
gemaak. Toe het Nebukadnesar
gesê: ‘Ek loof Jehovah, die Koning van
die hemele. Nou weet ek dat Jehovah
die Heerser is. Hy verneder trotse
mense, en hy kan ’n koninkryk gee aan
wie hy ook al wil.’

Vrae: Wat het Nebukadnesar se droom beteken?
Watter les sê Nebukadnesar het hy geleer?

Daniël 4:1-37

**“Trots kom voor
die ondergang, en
hoogmoedigheid
kom voor die val.”
—Spreuke 16:18**

63 Die skrif teen die muur

Ná 'n ruk het Belsasar die koning van Babilon geword. Een aand het hy 'n duisend van die belangrikste mense in die land na 'n fees genooi.

Hy het sy diensknegte beveel om die goue bekers te bring wat Nebukadnesar uit Jehovah se tempel gevat het. Belsasar en die mense wat daar was, het uit hierdie bekers gedrink en hulle gode aanbid. Skielik het 'n man se hand verskyn en vreemde woorde op die eetsaal se muur begin skryf.

Belsasar was baie bang. Hy het sy towenaars ingeroep en hulle belowe: 'As enigiemand kan verduidelik wat hierdie woorde beteken, sal ek hom die derde magtigste man in Babilon maak.' Hulle het probeer, maar nie een van hulle kon die woorde verduidelik nie. Die koningin het toe ingekom en gesê: 'Daar is 'n man met die naam Daniël wat voorheen dinge aan Nebukadnesar verduidelik het. Hy kan hierdie woorde aan jou verduidelik.'

Daniël het na die koning toe gekom. Belsasar het vir hom gesê: 'As jy hierdie woorde kan lees en dit kan verduidelik, sal ek vir jou 'n goue ketting gee en jou die derde magtigste man in Babilon maak.' Daniël het gesê: 'Ek wil nie jou geskenke hê nie, maar ek sal vir jou sê wat hierdie woorde beteken. Jou pa Nebukadnesar was trots, en Jehovah het hom verneder. Jy weet van alles wat met hom gebeur het, maar jy het nie respek vir Jehovah gehad nie omdat jy wyn gedrink het uit die

goue bekers wat uit Sy tempel gekom het. Daarom het God die volgende woorde geskryf: Mene, Mene, Tekel en Parsin. Hierdie woorde beteken dat die Mede en die Perse Babilon sal oorneem, en jy sal nie meer koning wees nie.'

Dit het gelyk asof niemand Babilon kon oorwin nie. Dik mure en 'n diep rivier het die stad beskerm. Maar daardie selfde aand, het die Mede en die Perse die


**“Sy het geval!
Babilon die Grote
het geval, en sy
het 'n woonplek
van demone
geword.”
—Openbaring 18:2**

stad aangeval. Die Persiese koning Kores het die water van die rivier weggelei sodat sy soldate tot by die hekke van die stad kon kom. Toe hulle daar aankom, was die hekke oop! Die soldate het by die stad ingestorm, dit oorgeneem en die koning doodgemaak. Toe het Kores die koning van Babilon geword.

Binne 'n jaar het Kores aangekondig: 'Jehovah het vir my gesê om sy tempel in Jerusalem te herbou. Enigeen van sy volk wat wil help, is vry om te gaan.' Daarom het baie Jode 70 jaar ná die vernietiging van Jerusalem teruggegaan na daardie stad toe, net soos Jehovah belowe het. Kores het die goue en silwer bekere en die ander dinge wat Nebukadnesar uit die tempel gevat het, teruggestuur. Kan jy sien hoe Jehovah Kores gebruik het om sy volk te help?

Vrae: Wat het die skrif teen die muur beteken?
Wat het Jehovah vir Kores gesê om te doen?

**Esra 1:1-11; Daniël 5:1-30; Jesaja 44:27-45:2;
Jeremia 25:11, 12**



64 Daniël in die leeuuil

'n Ander koning van Babilon was Darius die Meder. Darius het gesien dat Daniël spesiaal is. Hy het Daniël aangestel oor die belangrikste manne in die land. Hierdie manne was jaloers op Daniël en wou van hom ontslae raak. Hulle het geweet dat Daniël drie keer elke dag tot Jehovah gebid het. Hulle het toe vir Darius gesê: 'O koning, daar behoort 'n wet te wees wat sê dat almal net tot u moet bid. Enigiemand wat ongehoorsaam is aan hierdie wet, moet in die leeuuil gegooi word.' Darius het van hierdie idee gehou en hy het die wet onderteken.

Toe Daniël van hierdie nuwe wet uitvind, het hy dadelik na sy huis toe gegaan. Hy het voor 'n oop venster op sy knieë gegaan en tot Jehovah gebid. Die jaloerse manne het by sy huis ingestorm en hom betrap waar hy besig was om te bid. Hulle het na Darius toe gehardloop en gesê: 'Daniël is ongehoorsaam aan u. Hy bid drie keer elke dag tot sy God.' Darius het van Daniël gehou en wou nie hê dat hy moes doodgaan nie. Hy het die hele dag lank probeer dink aan 'n manier om Daniël te red. Maar selfs die koning kon nie 'n wet verander as hy dit klaar onderteken het nie. Hy moes vir sy manne sê om Daniël in die kuil vol gevaarlike leeus te gooi.



Daardie nag was Darius so bekommerd oor Daniël dat hy nie kon slaap nie. Die volgende oggend het hy na die kuil toe gehardloop en na Daniël geroep: ‘Het jou God jou gered?’

Darius het ’n stem gehoor. Dit was Daniël! Hy het na Darius geroep: ‘Jehovah se engel het die leeus se bekke toegemaak. Hulle het my glad nie seergemaak nie.’ Darius was baie bly! Hy het beveel dat Daniël uit die kuil gehaal moet word. Daar was nie eens ’n skrapie aan Daniël nie. Toe het die koning beveel: ‘Vat die manne wat vir Daniël beskuldig het, en gooi hulle in die kuil.’ Toe hierdie manne in die kuil gegooi is, het die leeus hulle heeltemal opgevreet.

Darius het toe die volgende bevel aan sy volk gegee: ‘Almal moet Daniël se God vrees. Hy het Daniël van die leeus gered.’

Bid jy elke dag tot Jehovah, net soos Daniël?

Vrae: Wat het Daniël elke dag drie keer gedoen?
Hoe het Jehovah Daniël gered?

Daniël 6:1-28

“Jehovah weet ... hoe om mense wat aan hom toegewyd is, uit moeilike omstandighede te red.”
—2 Petrus 2:9



65 Ester red haar volk

Ester was 'n Joodse meisie wat in die stad Susan in Persië gebly het. Haar familie was onder die mense wat jare tevore deur Nebukadnesar uit Jerusalem weggeneem is. Sy is grootgemaak deur haar neef Mordegai, wat 'n kneg was van koning Ahasveros, die koning van Persië.

Koning Ahasveros wou 'n nuwe koningin hê. Sy knegte het die mooiste vrouens in die land na hom toe gebring, insluitende Ester. Uit al die vroue het die koning Ester gekies om koningin te word. Mordegai het vir Ester gesê om nie vir mense te vertel dat sy 'n Jood is nie.


'n Trotse man met die naam Haman was hoof oor al die leiers. Hy wou hê dat almal voor hom moes neerbuig. Mordegai het geweier om dit te doen, en dit het Haman so kwaad gemaak dat hy Mordegai wou doodmaak. Toe Haman uitvind dat Mordegai 'n Jood is, het hy 'n plan gemaak om al die Jode in die hele land dood te maak. Hy het vir die koning gesê: 'Die Jode is gevaarlik. Jy moet van hulle ontslae raak.' Ahasveros het gesê: 'Doen wat ook al nodig is.' Die koning het toe vir Haman die mag gegee om 'n wet te maak. Volgens hierdie wet moes die volk al die Jode op die 13de dag van die maand Adar doodmaak.

Jehovah het dit alles raakgesien.

Ester het nie van die wet geweet nie. Daarom het Mordegai haar van die wet laat weet en vir haar gesê: 'Gaan praat met die koning.' Ester het gesê: 'Enigiemand wat na die koning toe gaan sonder dat hy genooi is, sal doodgemaak word. Die koning het my 30 dae laas genooi om na hom toe te kom! Maar ek sal gaan. As hy sy septer na my toe uithou, sal ek lewe. As hy dit nie doen nie, sal ek sterf.'

Ester het na die koning se voorhof gegaan. Toe die koning haar sien, het hy





sy septer na haar toe uitgehou. Sy het na hom toe gegaan, en hy het gevra: ‘Wat kan ek vir jou doen, Ester?’ Sy het gesê: ‘Ek wil graag vir jou en Haman uitnooi om ’n lekker ete te kom geniet.’ By die ete het Ester hulle weer uitgenooi na nog ’n lekker ete. By hierdie tweede ete het die koning weer gevra: ‘Wat kan ek vir jou doen?’ Sy het gesê: ‘Iemand gaan my en my hele volk doodmaak. Red ons asseblief.’ Die koning het gevra: ‘Wie wil jou doodmaak?’ Sy het gesê: ‘Hierdie slegte man Haman.’ Ahasveros was so kwaad dat hy Haman onmiddellik laat doodmaak het.

Maar niemand kon die wet verander wat Haman gemaak het nie, nie eers die koning nie. Daarom het die koning Mordegai hoof van al die leiers gemaak en hom die mag gegee om ’n nuwe wet te maak. Mordegai het ’n wet gemaak wat die Jode toegelaat het om terug te baklei wanneer iemand hulle aanval. Op die 13de dag van Adar het die Jode teen hulle vyande baklei en gewen. Van toe af het hulle elke jaar hierdie dag gevier.

Vrae: Watter plan is teen die Jode gemaak? Hoe het Ester gewys dat sy op Jehovah vertrou?
Ester 2:5-20; 3:1-5:8; 7:1-8:14; 9:1-28

“Julle sal voor goewerneurs en konings gebring word ter wille van my, as ’n getuienis vir hulle en die nasies.”—Matteus 10:18

66 **Esra het God se Wet aan ander geleer**

Dit was omtrent 70 jaar vandat die meeste Israeliete na Jerusalem teruggegaan het, maar party van hulle het nog steeds in verskillende dele van die Persiese Ryk gebly. Een van hulle was 'n priester met die naam Esra, wat Jehovah se Wet aan ander geleer het. Esra het uitgevind dat die mense in Jerusalem nie gehoorsaam is aan die Wet nie, en hy wou hulle gaan help. Die Persiese koning Artasasta het vir hom gesê: 'God het jou wys gemaak sodat jy sy Wet aan ander kan leer. Gaan en vat enigiemand wat wil gaan, saam met jou.' Esra het almal bymekaargeroep wat na Jerusalem toe wou teruggaan. Hulle het tot Jehovah gebid om hulle op die lang reis te beskerm, en toe het hulle in die pad geval.

Vier maande later het hulle in Jerusalem aangekom. Die leiers daar het vir Esra gesê: 'Die Israeliete was ongehoorsaam aan Jehovah en het met vroue getrou wat valse gode aanbid.' Wat het Esra gedoen? Hy het voor die volk op sy knieë gegaan en gebid: 'Jehovah, u het al so baie vir ons gedoen, maar ons het teen u gesondig.' Die volk was jammer, maar hulle het nog steeds verkeerde dinge gedoen. Esra het ouer manne en regters gekies om hierdie sake te ondersoek. Gedurende die drie maande daarna is die mense wat Jehovah nie aanbid het nie, weggestuur.

Twaalf jaar het verbygegaan. Intussen is die mure rondom Jerusalem weer gebou. Esra het die volk op die openbare plein bymekaargebring om God se Wet vir hulle te lees. Toe Esra die boek oopmaak, het die mense opgestaan. Hy het Jehovah geloof, en hulle het hulle hande opgelig om te wys dat hulle saamstem. Toe het Esra die Wet geles en verduidelik, en die mense het mooi geluister. Hulle het erken dat hulle weer opgehou het om Jehovah te dien, en hulle het begin huil. Die volgende dag het Esra weer vir hulle uit die Wet geles. Hulle het geleer dat hulle binnekort die Huttefees moet hou. Hulle het dadelik vir die fees begin voorberei.



Gedurende die sewe dae van die fees was die volk baie bly en het hulle vir Jehovah dankie gesê vir die goeie oes. Dit was die eerste Huttefees wat hulle sedert Josua se tyd gehou het. Ná die fees het die volk bymekaargekom en gebid: 'Jehovah, u het ons uit slawerny gered, u het ons in die woestyn kos gegee en u het hierdie pragtige land vir ons gegee. Maar ons was oor en oor ongehoorsaam aan u. U het profete gestuur om ons te waarsku, maar ons het nie geluister nie. Maar u was geduldig. U het u belofte aan Abraham gehou. Nou belowe ons dat ons u sal gehoorsaam.' Hulle het hulle belofte neergeskryf, en die leiers, die Leviëte en die priesters het hulle seël daarop gesit.

Vrae: Wat het Esra vir die Israëliëte wat in Jerusalem bymekaargekom het, geleer? Wat het die volk belowe om te doen?

**Esra 7:1-28; 8:21-23, 31, 32; 9:1-10:19;
Nehemia 8:1-18; 9:1-38**

**“Gelukkig is dié wat die
woord van God hoor
en doen wat dit sê!”
—Lukas 11:28**



67 Die mure van Jerusalem

Kom ons gaan so 'n paar jaar terug. Nehemia, 'n kneg van koning Artasasta, was 'n Israeliet wat in die Persiese stad Susa gebly het. Nehemia se broer het slegte nuus van Juda af gebring: 'Die mense wat teruggegaan het Jerusalem toe, is nie veilig nie. Die stad se mure en hekke wat deur die Babiloniërs vernietig is, was nooit reggemaak nie.' Nehemia was ontsteld. Hy wou graag Jerusalem toe gaan om te gaan help, en daarom het hy gebid dat die koning hom sou toelaat om te gaan.

Later het die koning gesien dat Nehemia hartseer lyk. Hy het gesê: 'Ek het jou nog nooit so gesien nie. Wat pla jou?' Nehemia het gesê: 'Ek is hartseer, want my stad, Jerusalem, is afgebreek en lê stukkend.' Die koning het gevra: 'Wat wil jy hê moet ek vir jou doen?' Onmiddellik het Nehemia stilletjies gebid. Toe het hy gesê: 'Laat my asseblief na Jerusalem toe gaan om die mure weer te bou.' Koning Artasasta het vir Nehemia gesê dat hy kan gaan, en die koning het seker gemaak dat hy veilig sou wees op die lang pad soontoe. Hy het Nehemia ook as die goewerneur van Juda aangestel en vir hom hout gegee om hekke vir die stad te maak.

Toe Nehemia in Jerusalem aankom, het hy gaan kyk hoe die stad se mure lyk. Daarna het hy die priesters en die heersers bymekaar laat kom en vir hulle gesê: 'Dit is verskriklik. Ons moet aan die werk spring.' Die mense het saamgestem, en hulle het begin om die mure weer te bou.

Maar party van die Israeliete se vyande het hulle gespot en gesê: 'As 'n jakkals teen die muur spring wat julle bou, sal dit omval.' Die werkers het net gemaak asof hulle niks hoor nie en aangehou om die muur te bou. Die muur het hoër en sterker geword.

Hulle vyande het besluit om Jerusalem skielik van verskillende kante af aan te val. Toe die Jode van die plan hoor, het hulle bang geword. Maar Nehemia het gesê: 'Moenie bang wees nie. Jehovah is met ons.' Hy het wagte aangestel om die



werkers te beskerm, en die vyande kon die stad nie aanval nie.

“Geen wapen wat gemaak word om jou aan te val, sal enige sukses hê nie.”
—Jesaja 54:17

Ná net 52 dae was die mure en die hekke klaar. Nehemia het al die Leviete na Jerusalem toe gebring om dit te vier. Hy het hulle in twee groepe verdeel. Hulle het teen die trappies by die Fonteinpoort opgeklim tot bo-op die muur, en toe het hulle in teenoorgestelde rigtings rondom die stad geloop. Hulle het op trompette, simbale en harpe gespeel en vir Jehovah gesing. Esra het saam met die een groep gegaan en Nehemia saam met die ander groep, totdat hulle weer by die tempel bymekaargekom het. Al die mense—mans, vrouens en kinders—het offerandes aan Jehovah gebring en feesgevier. Hulle vreugdevolle stemme kon van ver af gehoor word.

Vrae: Waarom het Nehemia na Jerusalem toe gegaan?
Hoe lank het dit gevat om die mure van Jerusalem weer te bou?

**Nehemia 1:1-11; 2:1-20; 4:1-23;
5:14; 6:1-19; 12:27-43**





11

Hierdie deel lei die Christelike Griekse Geskrifte in. Jesus is in 'n nederige gesin gebore, en hulle het in 'n klein dorpie gebly. Hy het saam met sy pa, wat 'n timmerman was, gewerk. Jesus was die een wat die mensdom sou red. Jehovah het hom gekies as Koning van die Koninkryk van die hemele. As jy 'n ouer is, moet jy jou kind help besef hoe versigtig Jehovah die gesin en omgewing gekies het waarin Jesus grootgeword het. Verduidelik hoe Jehovah Jesus beskerm het sodat hy nie deur Herodes vermoor is nie en hoe niks Jehovah se voorneme kan keer nie. Vind uit hoe Jehovah Johannes gekies het om die weg vir Jesus voor te berei. Beklemtoon hoe Jesus, selfs van 'n jong ouderdom af, getoon het dat hy lief was vir Jehovah se wysheid.



BELANGRIKE LESSE

- Wees altyd lojaal aan Jehovah, en bly getrou by sy reëlings
- Jesus, die magtige Seun van God, was bereid om as 'n baba op die aarde gebore te word
- Johannes die Doper het mense nederig gehelp om reg te wees vir die koms van die Messias

68 Elisabet kry 'n baba

Meer as 400 jaar nadat die mure van Jerusalem weer gebou is, het 'n priester met die naam Sagaria en sy vrou, Elisabet, naby die stad gebly. Hulle was al lank getroud, maar hulle het nie kinders gehad nie. Eendag, terwyl Sagaria besig was om reukwerk in die heiligdom van die tempel te offer, het die engel Gabriël aan hom verskyn. Sagaria was bang, maar Gabriël het gesê: 'Moenie bang wees nie. Ek bring vir jou goeie nuus van Jehovah af. Jou vrou, Elisabet, sal 'n seun hê, en sy naam sal Johannes wees. Jehovah het Johannes gekies om 'n spesiale werk te doen.' Sagaria het gevra: 'Hoe kan ek jou glo? Ek en my vrou is te oud om 'n kind te hê.' Gabriël het gesê: 'God het my gestuur om hierdie boodskap vir jou te gee. Maar omdat jy my nie geglo het nie, sal jy nie kan praat totdat die baba gebore is nie.'

Salaria het langer as gewoonlik in die heiligdom gebly. Toe hy uiteindelik uitkom, wou die mense wat buite was, weet wat gebeur het. Sagaria kon nie praat nie. Hy kon net gebare met sy hande maak. Toe het die mense beseft dat Sagaria 'n boodskap van God af gekry het.

'n Ruk later het Elisabet swanger geword en geboorte gegee aan 'n babaseuntjie, net soos die engel gesê het. Haar vriende en familie het na die baba kom kyk. Hulle was baie bly vir haar. Elisabet het gesê: 'Sy naam sal Johannes wees.' Hulle het gesê: 'Daar is niemand in jou familie met die naam Johannes nie. Gee hom sy pa se naam, Sagaria.' Maar Sagaria het die volgende woorde neergeskryf: 'Sy naam is Johannes.' Op daardie oomblik kon Sagaria weer praat! Die nuus oor die baba het oor die hele Judea versprei, en mense het gewonder: 'Wat gaan die kind word wanneer hy groot is?'

Toe is Sagaria met heilige gees vervul. Hy het voorspel: 'Laat Jehovah geloof word. Jehovah het Abraham belowe

dat Hy 'n redder, die Messias, sou stuur om ons te red. Johannes sal 'n profeet wees en hy sal die weg vir die Messias voorberei.'

Iets spesiaals het ook met Elisabet se familielid Maria gebeur. Kom ons vind meer hieroor uit in die volgende hoofstuk.

Vrae: Wat het Gabriël vir Sagaria gesê? Watter spesiale werk sou Johannes doen?

Matteus 11:7-14; Lukas 1:5-25, 57-79; Jesaja 40:3; Maleagi 3:1

**“Vir mense is dit onmoontlik,
maar vir God is alles moontlik.”
—Matteus 19:26**



69 Gabriël besoek Maria

Elisabet het 'n jong familielid met die naam Maria gehad, wat in die stad Nasaret in Galilea gebly het. Maria was verloof aan 'n timmerman met die naam Josef. Toe Elisabet ses maande swanger was, het die engel Gabriël aan Maria verskyn. Hy het gesê: 'Goeiedag, Maria. Jehovah wil aan jou 'n groot voorreg gee.' Sy het nie verstaan wat Gabriël bedoel nie. Hy het toe vir haar gesê: 'Jy sal swanger word en geboorte gee aan 'n seun, en jy moet hom Jesus noem. Hy sal Koning wees en sy Koninkryk sal vir ewig bestaan.'

Maria het gesê: 'Maar ek is 'n maagd. Hoe kan ek 'n kind hê?' Gabriël het gesê: 'Daar is niks wat Jehovah nie kan doen nie. Heilige gees sal oor jou kom, en jy sal 'n seun hê. Jou familielid Elisabet het ook swanger geword.' Toe het Maria gesê: 'Ek is Jehovah se slavin. Mag dit met my gebeur net soos u gesê het.'




Maria het vir Elisabet, wat in 'n stad in die berge gebly het, gaan kuier. Toe Maria haar groet, het Elisabet gevoel hoe die baba in haar spring. Heilige gees het oor haar gekom, en sy het gesê: 'Maria, Jehovah het jou geseën. Dit is 'n voorreg om die ma van my Here in my huis te hê.' Maria het gesê: 'Ek loof Jehovah met my hele hart.' Maria het drie maande lank by Elisabet gebly, en toe het sy huis toe gegaan, na Nasaret toe.

Toe Josef uitvind dat Maria swanger is, wou hy die verlowing verbreek. Maar 'n engel het in 'n droom aan hom verskyn en vir hom gesê: 'Moenie bang wees om met haar te trou nie. Sy het niks verkeerds gedoen nie.' Josef het Maria toe as sy vrou geneem en haar na sy huis toe gebring.

Vrae: Wat het Gabriël vir Maria oor haar seun vertel? Hoe het Elisabet en Maria gevoel oor wat met hulle gebeur het?

Matteus 1:18-25; Lukas 1:26-56; Jesaja 7:14; 9:7; Daniël 2:44; Galasiërs 4:4

**“Jehovah doen alles wat hy wil doen, in die hemel en op die aarde.”
—Psalm 135:6**




70 Engele maak Jesus se geboorte bekend

Die heerser van die Romeinse Ryk, keiser Augustus, het beveel dat al die Jode moes teruggaan na die dorpe waar hulle gebore is. Hulle moes hulle daar laat registreer. Josef en Maria het toe na Betlehem gegaan, waar Josef se familie vandaan gekom het. Dit was al amper tyd dat Maria se baba gebore moet word.

Toe hulle in Betlehem aankom, kon hulle net blyplek in 'n stal kry. Dit is waar Maria aan Jesus geboorte gegee het. Sy het hom in sagte lappe toegedraai en hom saggies in 'n krip neergelê.

Daardie aand was 'n paar herders buite in die veld naby Betlehem besig om hulle skape op te pas. Skielik het 'n engel voor hulle gestaan, en die lig van Jehovah se heerlijkheid was oral om hulle. Die herders was baie bang, maar die engel het gesê: 'Moenie bang wees nie. Ek het opwindende nuus. Die Messias is vandag in Betlehem



“Ek het van God af gekom, en ek is hier. Ek het nie uit my eie gekom nie, maar Hy het my gestuur.”—Johannes 8:42

gebore.’ Op daardie oomblik het daar baie engele verskyn, en hulle het gesê: ‘Prys God in die hemel, en laat daar vrede op aarde wees.’ Toe het die engele verdwyn. Wat het die herders toe gedoen?

Die herders het vir mekaar gesê: ‘Kom ons gaan sommer nou na Betlehem toe.’ Hulle het vinnig soontoe gegaan en Josef en Maria in die stal gekry saam met hulle pasgebore baba.

Almal was verbaas toe hulle hoor wat die engel vir die herders gesê het. Maria het diep nagedink oor wat die engel gesê het en het sy woorde nooit vergeet nie. Die herders het teruggegaan na hulle skape toe en vir Jehovah dankie gesê vir alles wat hulle gesien en gehoor het.

Vrae: Hoe het die engele Jesus se geboorte bekend gemaak?
Vir wie het die herders in Betlehem gekry?

Lukas 2:1-20; Jesaja 9:6



71 Jehovah het Jesus beskerm

In 'n land oos van Israel was daar mense wat geglo het dat die sterre hulle kan lei. Een aand het 'n paar manne uit die Ooste iets in die hemel sien beweeg wat soos 'n helder ster gelyk het, en hulle het die ster toe gevolg. Die “ster” het hulle na Jerusalem gelei. Die manne het mense begin vra: ‘Waar is die kind wat koning van die Jode sal wees? Ons het gekom om voor hom neer te buig.’

Toe Herodes, die koning van Jerusalem, van 'n nuwe koning hoor, was hy baie bekommerd. Hy het die hoofpriesters gevra: ‘Waar sal hierdie koning gebore word?’ Hulle het vir hom gesê: ‘Die profete het gesê dat hy in Betlehem gebore sal word.’ Herodes het toe die manne uit die Ooste geroep en vir hulle gesê: ‘Gaan na Betlehem en vind uit waar hierdie kind is. Kom dan terug en sê vir my waar hy is. Ek wil ook voor hom gaan neerbuig.’ Maar hy het gelieg.

Die “ster” het weer begin beweeg. Die manne het dit na Betlehem toe gevolg. Die “ster” het bokant 'n huis gaan stilstaan, en die manne het ingegaan. Daar het hulle Jesus en sy ma, Maria, gekry. Hulle het voor die kind neergebuig en vir hom geskenke van goud, wierook en mirre gegee. Het Jehovah regtig hierdie manne gestuur om Jesus te vind? Nee.

Daardie nag het Jehovah vir Josef in 'n droom gesê: ‘Herodes wil Jesus doodmaak. Neem jou vrou en jou seun en vlug na Egipte toe. Bly daar totdat ek vir jou sê dat dit veilig is om terug te kom.’ Josef en sy gesin het dadelik na Egipte toe gegaan.

Jehovah het vir die manne uit die Ooste gesê dat hulle nie na Herodes toe moet teruggaan nie. Toe Herodes besef dat hulle nie gaan terugkom nie, was hy baie kwaad. Omdat hy Jesus nie kon kry nie, het hy beveel dat al die seuntjies in Betlehem wat so oud

soos Jesus was, doodgemaak moet word. Maar Jesus was veilig, ver weg in Egipte.

'n Paar jaar later het Herodes gesterf. Jehovah het vir Josef gesê: 'Dit is nou veilig vir julle om terug te gaan.' Josef, Maria en Jesus het toe teruggegaan na Israel en in die stad Nasaret gaan bly.

Vrae: Hoekom was Jesus in gevaar? Hoe het Jehovah hom beskerm?

Matteus 2:1-23; Miga 5:2

**“So sal my woord wees wat
uit my mond uitgaan . . .
en dit sal beslis die doel
berek waarvoor ek
dit gestuur het.”
—Jesaja 55:11**



72 Die jong Jesus

Josef en Maria het in Nasaret gewoon saam met Jesus en hulle ander seuns en dogters. Josef het vir sy gesin gesorg deur houtwerk te doen, en hy het hulle oor Jehovah en sy Wet geleer. Die gesin het gereeld na die sinagoge toe gegaan om te aanbid. Hulle het ook elke jaar na Jerusalem toe gegaan vir die Pasga.

Toe Jesus 12 jaar oud was, het sy gesin soos gewoonlik die lang pad na Jerusalem toe aangepak. Die stad was vol mense wat gekom het om die Pasga te vier. Ná die tyd het Josef en Maria weer in die pad geval huis toe en hulle het gedink dat Jesus tussen die groep mense is wat saam met hulle reis. Maar toe hulle hom tussen hulle familieledes soek, kon hulle hom nie kry nie.

Hulle het weer teruggegaan na Jerusalem toe en drie dae lank na hulle seun gesoek. Uiteindelik het hulle na die tempel toe gegaan. Hulle het Jesus daar gekry. Hy het in die middel van die groep onderrigters gesit, mooi na hulle geluister en goeie vrae gevra. Die onderrigters was so beïndruk met Jesus dat hulle hom vrae begin



vra het. En hulle was verbaas oor sy antwoorde. Hulle kon sien dat hy Jehovah se Wet verstaan het.


Josef en Maria was baie bekommerd. Maria het gesê: 'Kind, ons het oral na jou gesoek! Waar was jy?' Jesus het gesê: 'Het julle nie geweet dat ek hier in my Vader se huis moet wees nie?'

Jesus het toe saam met sy ouers na hulle huis in Nasaret gegaan. Josef het Jesus geleer om houtwerk te doen. Watter soort mens dink jy was Jesus toe hy 'n jong man was? Terwyl Jesus grootgeword het, het hy al hoe meer geleer en verstandig opgetree. God en mense het ook al hoe liever vir hom geword.

Vrae: Waar was Jesus toe Josef en Maria na hom gesoek het? Hoekom was hy daar?

Matteus 13:55, 56; Markus 6:3; Lukas 2:40-52; 4:16; Deuteronomium 16:15, 16

**“Dit is vir my 'n vreugde,
o my God, om u wil
te doen, en u wet is
diep binne-in my.”
—Psalm 40:8**



73 Johannes berei die weg voor

Johannes, die seun van Sagaria en Elisabet, het 'n profeet geword toe hy groot is. Jehovah het Johannes gebruik om mense te leer dat die Messias binnekort sou kom. In plaas daarvan om mense in die sinagoges of in dorpe te leer, het Johannes in die wildernis gepreek. Mense het van Jerusalem en van regoor Judea af gekom om by Johannes te leer. Hy het hulle geleer dat hulle moet ophou om slegte dinge te doen as hulle God gelukkig wil maak. Nadat hulle na Johannes geluister het, was baie mense jammer oor hulle sondes en is hulle deur Johannes in die Jordaanrivier gedoop.

Johannes het 'n eenvoudige lewe gelei. Hy het klere gemaak wat van kameelhare gemaak was en hy het sprinkane en wilde heuning geëet. Wat Johannes gedoen en gesê het, het mense nuuskierig gemaak. Selfs die trotse Fariseërs en Sadduseërs het gekom om hom te sien. Johannes het vir hulle gesê: 'Julle moet verander en berou toon. Moenie dink dat julle spesiaal is net omdat julle sê julle is kinders van Abraham nie. Dit beteken nie dat julle kinders van God is nie.'

Baie mense het na Johannes toe gekom en vir hom gevra: 'Wat moet ons doen om God gelukkig te maak?' Johannes het vir die Jode gesê: 'As jy twee jasse het, gee een vir iemand wat dit regtig nodig het.' Weet jy hoekom hy dit gesê het? Hy wou hê dat sy dissipels moes weet dat hulle mense moet liefhê as hulle God gelukkig wil maak.

Johannes het vir die belastinggaarders gesê: 'Wees eerlik, en moet niemand bedrieg nie.' Hy het vir die soldate gesê: 'Moenie toelaat dat enigiemand julle omkoop nie, en moenie lieg nie.'


“Hierdie man het gekom as 'n getuie om van die lig te getuig, sodat alle soorte mense deur middel van hom sou glo.”—Johannes 1:7

Priesters en Leviete het ook na Johannes toe gekom en vir hom gevra: 'Wie is jy? Almal wil weet.' Johannes het gesê: 'Ek is 'n stem in die wildernis wat mense na Jehovah toe lei, net soos Jesaja voorspel het.'

Mense het van die dinge gehou wat Johannes hulle geleer het. Baie mense het gewonder of Johannes dalk die Messias is. Maar hy het vir hulle gesê: 'Iemand baie groter as ek gaan binnekort kom. Ek is nie eens goed genoeg om sy sandale los te maak nie. Ek doop met water, maar hy sal met heilige gees doop.'

Vrae: Hoekom het Jehovah Johannes na die mense toe gestuur? Hoe het hulle op sy boodskap gereageer?

Matteus 3:1-11; Markus 1:1-8; Lukas 3:1-18; Johannes 1:19-28; Jesaja 40:3





12

Jesus het mense oor die Koninkryk van die hemele geleer. Hy het hulle ook geleer om te bid dat God se naam geheilig moet word, dat sy Koninkryk moet kom en dat sy wil op die aarde moet geskied. As jy 'n ouer is, moet jy vir jou kind verduidelik wat hierdie gebed vir ons beteken. Jesus het nie toegelaat dat Satan hom keer om lojaal te wees nie. Jesus het sy apostels gekies, en hulle het die eerste lede van die Koninkryk geword. Let op hoe ywerig Jesus vir ware aanbidding was. Omdat Jesus ander wou help, het hy die siekes gesond gemaak, honger mense kos gegee en mense selfs weer laat lewe. Deur middel van al hierdie wonderwerke het Jesus getoon wat die Koninkryk vir die mensdom sal doen.



BELANGRIKE LESSE

- Jesus het sy volgelinge die werk gegee om oor die Koninkryk te preek en dissipels te maak
- Bid oor sake wat met Jehovah te doen het voordat jy oor jouself bid
- Vergewe vryelik uit die hart en behandel ander soos jy wil hê hulle jou moet behandel

74 Jesus word die Messias

Johannes het gesê: 'Iemand groter as ek, gaan binnekort kom.' Toe Jesus omtrent 30 jaar oud was, het hy van Galilea af na die Jordaanrivier toe gekom, waar Johannes besig was om mense te doop. Jesus wou hê dat Johannes hom moet doop, maar Johannes het gesê: 'Ek moet jou nie doop nie. Jy moet my eerder doop.' Jesus het vir Johannes gesê: 'Jehovah wil hê dat jy my moet doop.' Hulle het toe in die Jordaanrivier ingegaan, en Johannes het Jesus heeltemal onder die water laat sak en hom gedoop.

Nadat Jesus uit die water opgeklim het, het hy gebed. Op daardie oomblik het die hemele oopgemaak en God se gees het soos 'n duif op hom gekom. Toe het Jehovah uit die hemel gepraat: 'Jy is my Seun, die geliefde. Ek het jou goedgekeur.'

Toe Jehovah se gees oor Jesus gekom het, het hy die Christus, of Messias, geword. Hy sou nou die werk begin doen waarvoor Jehovah hom aarde toe gestuur het.

Jesus het onmiddellik ná sy doop in die wildernis ingegaan en 40 dae daar gebly. Toe hy teruggeklim het, het hy na Johannes toe gegaan. Toe Johannes vir Jesus sien aankom, het hy gesê: 'Dit is die Lam van God wat die sondes van die wêreld sal wegneem.' Deur hierdie woorde te sê, het Johannes die mense laat verstaan dat Jesus die Messias is. Weet jy wat met Jesus gebeur het terwyl hy in die wildernis was? Kom ons vind uit.

Vrae: Hoekom is Jesus gedoop?

Hoekom het Johannes gesê dat Jesus die Lam van God is?

Matteus 3:13-17; Markus 1:9-11; Lukas 3:21-23; Johannes 1:29-34;

Jesaja 42:1; Hebreërs 10:7-9

**“En ’n stem het uit die
hemel gekom: ‘Jy is my
geliefde Seun. Ek het jou
goedgekeur.’”—Markus 1:11**



75 Die Duiwel toets Jesus

Nadat Jesus gedoop is, het die heilige gees hom in die wildernis in gevat. Hy het 40 dae lank niks geëet nie en hy het baie honger geword. Toe het die Duiwel gekom om Jesus te toets en vir hom gesê: 'As jy regtig God se Seun is, sê vir hierdie klippe om brode te word.' Maar Jesus het God se Woord gebruik om hom te antwoord: 'Daar staan geskryf dat jy meer as brood nodig het om aan die lewe te bly. Jy moet ook na elke woord luister wat Jehovah sê.'

Daarna het die Duiwel Jesus uitgedaag: 'As jy regtig God se Seun is, spring dan van die hoogste punt van die tempel af. Daar staan geskryf dat God sy engele sal stuur om jou te vang.' Maar Jesus het weer uit die Skrif geantwoord: 'Daar staan geskryf dat jy Jehovah nie moet toets nie.'


Daarna het Satan Jesus al die koninkryke van die wêreld en hulle rykdom gewys en ook hoe groot en mooi hulle is. Toe het hy gesê: 'Ek sal al hierdie koninkryke en al hierdie dinge vir jou gee, as jy my net een keer aanbid.' Maar Jesus het geantwoord: 'Gaan weg, Satan! Daar staan geskryf dat jy net Jehovah moet aanbid.'

Die Duiwel het toe weggegaan, en engele het gekom en vir Jesus kos gegee om te eet. Van toe af het Jesus die goeie nuus van die Koninkryk verkondig. Dit is die werk wat hy op die aarde moes kom doen. Mense was lief vir die dinge wat Jesus hulle geleer het, en hulle het hom gevolg oral waar hy gegaan het.

Vrae: Wat was die drie toetse?
Hoe het Jesus die Duiwel geantwoord?

Matteus 4:1-11; Markus 1:12, 13; Lukas 4:1-15;
Deuteronomium 6:13, 16; 8:3; Jakobus 4:7





“Wanneer [die Duiwel] ’n leuen vertel, praat hy in ooreenstemming met sy eie geardheid, want hy is ’n leuenaar en die vader van die leuen.”—Johannes 8:44

76 Jesus maak die tempel skoon

In die lente van die jaar 30 HJ het Jesus na Jerusalem toe gegaan. Baie mense het na die stad toe gekom om die Pasga te vier. As deel van die viering het hulle diere by die tempel geoffer. Party mense het diere saamgebring, maar ander mense het diere in Jerusalem gekoop.

Toe Jesus na die tempel toe gaan, het hy gesien dat mense besig is om diere daar te verkoop. Hulle was besig om geld te maak daar in Jehovah se huis van aanbidding! Wat het Jesus gedoen? Hy het 'n

sweep van toue gemaak en die skape en die beeste uit die tempel uitgejaag. Hy het die tafels omgegooi van die mense wat geld geruil het, en hulle geld het op die grond geval. Toe sê Jesus vir die



mense wat duiwe verkoop het: 'Vat hierdie goed hier weg! Moenie my Vader se huis 'n plek maak waar besigheid gedoen word nie!'


Mense by die tempel was verbaas oor wat Jesus gedoen het. Sy dissipels het die profesie oor die Messias onthou: 'Ek sal vol ywer wees vir die huis van Jehovah.'

Later, in die jaar 33 HJ, het Jesus die tempel weer skoongemaak. Hy het niemand daar toegelaat wat nie respek vir sy Vader se huis getoon het nie.

Vrae: Wat het Jesus gedoen toe hy sien dat mense diere by die tempel verkoop? Hoekom het Jesus dit gedoen?

Matteus 21:12, 13; Markus 11:15-17; Lukas 19:45, 46; Johannes 2:13-17; Psalm 69:9

“Julle kan nie slawe van God en van Rykdom wees nie.”—Lukas 16:13



77 Die vrou by die waterput

Ná die Pasga het Jesus en sy dissipels deur Samaria gegaan op pad terug na Galilea toe. Jesus het naby die stad Siger gestop by 'n plek wat Jakob se fontein genoem is. Terwyl hy daar gerus het, het die dissipels in die stad ingegaan om kos te koop.

'n Vrou het na die put gekom om water te skep. Jesus het vir haar gesê: 'Gee my 'n bietjie water om te drink.' Sy het gesê: 'Hoekom praat u met my? Ek is 'n Samaritaanse vrou. Jode praat mos nie met Samaritane nie.' Jesus het vir haar gesê: 'As jy geweet het wie ek is, sou jy my gevra het vir 'n bietjie water. Ek sou dan vir jou lewende water gegee het.' Die vrou het gevra: 'Wat bedoel u? U het nie eens 'n emmer nie.' Jesus het gesê: 'Wie ook al van die water drink wat ek hom gee, sal nooit weer dors word nie.' Die vrou het gesê: 'Meneer, gee my hierdie water.'

**“‘Kom!’ En laat enigiemand wat dors is, kom. Laat enigiemand wat wil, die water van die lewe neem, verniet.”
—Openbaring 22:17**

Toe het Jesus vir haar gesê: 'Bring jou man na die put toe.' Sy het gesê: 'Ek het nie 'n man nie.' Hy het gesê: 'Jy praat die waarheid. Jy was al vyf keer getroud en nou bly jy saam met 'n man met wie jy nie getroud is nie.' Die vrou het gesê: 'Ek

sien dat u 'n profeet is. My volk glo dat ons God op hierdie berg kan aanbid, maar die Jode sê dat ons net in Jerusalem kan aanbid. Ek glo dat die Messias, wanneer hy kom, ons sal leer hoe om te aanbid.' Toe het Jesus iets gesê wat hy nog vir niemand anders gesê het nie: 'Ek is die Messias.'




Die vrou het vinnig na haar stad toe gegaan en vir die Samaritane gesê: 'Ek dink ek het die Messias gevind! Hy weet alles oor my. Kom kyk!' Hulle het saam met haar na die put toe gegaan en geluister na wat Jesus hulle geleer het.

Die Samaritane het Jesus genooi om in hulle stad te bly. Hy het hulle twee dae lank daar geleer, en baie mense het geloof in hom gestel. Hulle het vir die Samaritaanse vrou gesê: 'Nadat ons na hierdie man geluister het, weet ons dat hy regtig die redder van die wêreld is.'

Vrae: Hoekom was die Samaritaanse vrou verbaas dat Jesus met haar gepraat het? Wat het hy vir haar gesê?

Johannes 4:1-42



78 Jesus verkondig die boodskap van die Koninkryk

Kort ná sy doop het Jesus begin preek en gesê: 'Die Koninkryk van God is naby.' Dissipels het hom gevolg terwyl hy in Galilea en Judea van die een plek na die ander gegaan het. Toe Jesus na sy tuisdorp Nasaret teruggaan, het hy na die sinagoge toe gegaan. Daar het hy die boekrol van Jesaja oopgemaak en hardop daaruit begin lees: 'Jehovah het aan my heilige gees gegee sodat ek die goeie nuus kan verkondig.' Wat het dit beteken? Al wou mense sien hoe Jesus wonderwerke doen, was die belangrikste rede waarom hy heilige gees ontvang het sodat hy die goeie nuus kon verkondig. Toe het hy vir die mense wat na hom geluister het, gesê: 'Vandag het hierdie profesie waar geword.'

Daarna het Jesus na die See van Galilea toe gegaan. Daar het hy vier vissermanne ontmoet wat sy dissipels geword het. Hy het vir hulle gesê: 'Kom saam met my, en ek sal julle vissers van mense maak.' Hulle name was Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes. Hulle het dadelik hulle werk as vissermanne gelos en hom gevolg. Hulle het in die hele Galilea oor Jehovah se Koninkryk gepreek. Hulle het in die sinagoges, by markte en op straat gepreek. 'n Groot groep mense het hulle gevolg waar hulle ook al gegaan het. Die nuus omtrent Jesus het oral versprei, selfs tot by Sirië.

Later het Jesus aan party van sy volgelinge die krag gegee om mense gesond te maak en om demone uit te dryf. Ander mense het saam met hom gegaan terwyl hy van stad tot stad en van dorp tot dorp gepreek het. 'n Hele paar getroue vroue insluitende Maria Magdalena, Johanna, Susanna en ander het vir Jesus en sy volgelinge gesorg.

Nadat Jesus sy dissipels goed opgelei het, het hy hulle uitgestuur om te gaan preek. Terwyl hulle regoor Galilea gepreek het, het baie ander mense dissipels geword en is hulle gedoop. Daar was so baie mense wat dissipels wou word dat Jesus gesê het dat hulle soos 'n landery is wat reg is om geoes te word. Hy het gesê: 'Bid vir Jehovah en vra hom om meer werkers te stuur om die oes in te samel.' Later het hy 70 van



“Ek moet die goeie nuus van die Koninkryk van God ook aan ander stede bekend maak, want hiervoor is ek gestuur.”—Lukas 4:43

sy dissipels gekies om twee-twee oral in Judea te gaan preek. Hulle het alle soorte mense oor die Koninkryk geleer. Toe die dissipels terugkom, was hulle baie opgewonde om Jesus te vertel wat gebeur het. Daar was niks wat die Duiwel kon doen om die predikingswerk te keer nie.

Jesus het seker gemaak dat selfs nadat hy teruggegaan het hemel toe, sy dissipels met hierdie belangrike werk sou aanhou. Hy het vir hulle gesê: ‘Preek die goeie nuus regoor die wêreld. Leer God se Woord vir mense, en doop hulle.’

Vrae: Watter werk het Jesus vir sy dissipels gegee?
Hoe het die dissipels oor hulle werk gevoel?

Matteus 4:17-25; 9:35-38; 28:19, 20; Markus 1:14-20; Lukas 4:14-21; 8:1-3; 10:1-22



79 Jesus doen baie wonderwerke

Jesus het na die aarde toe gekom om die goeie nuus van God se Koninkryk bekend te maak. Jehovah het Jesus heilige gees gegee om wonderwerke te doen sodat Jesus kon wys wat hy as Koning gaan doen. Hy kon enige siekte genees. Siek mense het na hom toe gekom waar hy ook al gegaan het, en hy het hulle almal gesond gemaak. Die blindes kon sien, die dowes kon hoor, verlamde mense kon loop en mense wat deur demone beheer was, is bevry. Hulle het gesond geword, selfs al het hulle net aan sy klere geraak. Mense het Jesus gevolg oral waar hy gegaan het. Selfs wanneer Jesus alleen wou wees, het hy mense nooit gekeer om na hom toe te kom nie.

Enkeer het mense 'n man wat nie kon loop nie, na die huis gebring waar Jesus gebly het. Maar die huis was so vol mense dat hulle nie kon inkom nie. Hulle het toe 'n gat in die dak gemaak en die man laat afsak na Jesus toe. Toe het Jesus vir die man gesê: 'Staan op en loop.' Toe hy begin loop, was die mense baie verbaas.

Op 'n ander keer, toe Jesus by 'n dorpie aankom, het tien mans met

melaatsheid 'n entjie weg gestaan en geskree:

'Jesus, help ons!' In daardie dae was melaatses nie toegelaat om naby ander mense te kom nie.

Jehovah se Wet het gesê dat melaatses na die tempel toe moes gaan nadat hulle gesond geword het. Jesus het vir die mans gesê om na die tempel toe te gaan. Op pad soontoe het hulle gesond geword. Toe een van die melaatses

'God het Jesus met heilige gees en krag gesalf, en hy het deur die land gegaan en goeie dinge gedoen en almal gesond gemaak wat deur die Duiwel onderdruk is, want God was met hom.'
—Handelinge 10:38



besef dat hy gesond is, het hy teruggekom om Jesus te bedank en om God te loof. Uit die tien mans was hierdie man die enigste een wat vir Jesus kom dankie sê het.

'n Vrou wat al 12 jaar lank siek was, wou baie graag gesond word. Sy het tussen 'n klomp mense agter Jesus geloop en aan sy bo-kleed geraak. Sy het onmiddellik gesond geword. Toe dit gebeur, het Jesus gevra: 'Wie het aan my geraak?' Die vrou was bang, maar sy het hom die waarheid vertel. Jesus het haar getroos en gesê: 'Dogter, gaan in vrede.'

'n Belangrike man met die naam Jaïrus het Jesus gesmeek: 'Kom na my huis toe! My dogtertjie is baie siek.' Maar voordat Jesus by Jaïrus se huis kon uitkom, het die dogtertjie gesterf. Toe Jesus daar aankom, het hy gesien dat daar baie mense was wat saam met die familie huil. Jesus het vir hulle gesê: 'Moenie huil nie, sy slaap net.' Toe het hy die dogtertjie se hand gevat en gesê: 'Kind, staan op!' Sy het dadelik regop gesit, en Jesus het vir haar ouers gesê om haar iets te gee om te eet. Dink net hoe haar ouers gevoel het!

Vrae: Hoekom kon Jesus allerhande siektes genees?
Wat het met Jaïrus se dogtertjie gebeur?

Matteus 9:18-26; 14:36; Markus 2:1-12; 5:21-43; 6:55, 56; Lukas 6:19; 8:41-56; 17:11-19

80 Jesus kies twaalf apostels

Nadat Jesus omtrent een en 'n half jaar lank gepreek het, moes hy 'n belangrike besluit neem. Wie sou hy kies om saam met hom te werk? Wie sou hy oplei om die leiding te neem in die Christengemeente? Jesus wou hê dat Jehovah hom moes help om hierdie besluite te maak. Daarom het hy na 'n berg toe gegaan waar hy alleen kon wees en die hele nag lank gebid. Die volgende oggend het Jesus party van sy dissipels bymekaargeroep en sy 12 apostels gekies. Kan jy party van hulle name onthou? Hulle name was Petrus, Andreas, Jakobus, Johannes, Filippus, Bartolomeus, Tomas, Matteus, Jakobus die seun van Alfeus, Taddeus, Simon en Judas Iskariot.

Die Twaalf sou oral saam met Jesus gaan. Nadat hy hulle opgelei het, is hulle uitgestuur om op hulle eie te gaan preek. Jehovah het hulle krag gegee om demone uit te dryf en om siek mense gesond te maak.

Jesus het die Twaalf sy vriende genoem en hy het hulle vertrou. Die Fariseërs het gedink dat die apostels net gewone mense was wat nie

Andreas



Petrus



Jakobus



Johannes



Filippus



geleerd is nie. Maar Jesus het hulle vir hulle werk opgelei. Hulle was saam met Jesus gedurende die belangrikste tye van sy lewe. Byvoorbeeld, hulle was saam met hom kort voor sy dood en ná sy opstanding. Soos Jesus, was die meeste van die Twaalf van Galilea. Party van hulle was getroud.

Die apostels was onvolmaakte manne wat foute gemaak het. Partykeer het hulle gepraat sonder om te dink en nie goeie besluite geneem nie. Ander kere was hulle ongeduldig. Hulle het selfs gestry oor wie die belangrikste is. Maar hulle was goeie mense wat lief was vir Jehovah. Nadat Jesus weggegaan het, sou hulle die eerste lede van die Christengemeente word.

Vrae: Wie het Jesus as sy 12 apostels gekies?
Watter werk wou Jesus hê moes sy apostels doen?

Matteus 10:1-10; Markus 3:13-19; 10:35-40; Lukas 6:12-16; Johannes 15:15; 20:24, 25; Handeling 2:7; 4:13; 1 Korintiërs 9:5; Efesiërs 2:20-22

**“Ek het julle vriende genoem,
want ek het julle alles vertel
wat ek by my Vader gehoor het.”
—Johannes 15:15**



81 Die Bergpredikase

Nadat Jesus die 12 apostels gekies het, het hy teen die berg afgekom na 'n plek waar 'n groot skare bymekaar was. Hulle het van Galilea, Judea, Tirus, Sidon, Sirië en van anderkant die Jordaanrivier af gekom. Hulle het siek mense gebring, sowel as party wat deur demone beheer is. Jesus het hulle almal gesond gemaak. Toe het hy op die berg gaan sit en begin praat. Hy het verduidelik wat ons moet doen as ons vriende van God wil wees. Ons moet erken dat ons Jehovah nodig het en leer om hom lief te hê. Maar ons kan nie vir God lief wees as ons nie vir ander mense lief is nie. Ons moet vriendelik en eerlik met almal wees, selfs met ons vyande.

Jesus het gesê: 'Dit is nie genoeg om net jou vriende lief te hê nie. Jy moet ook jou vyande liefhê en mense uit jou hart vergewe. As iemand vir jou kwaad is, gaan dadelik na hom toe en sê dat jy jammer is. Behandel ander mense soos jy wil hê hulle jou moet behandel.'



Jesus het die mense ook goeie raad gegee oor materiële dinge. Hy het gesê: ‘Dis belangriker om Jehovah se vriend te wees as om baie geld te hê. ’n Dief kan jou geld steel, maar niemand kan jou vriendskap met Jehovah steel nie. Hou op om jou te bekommer oor wat jy gaan eet, drink of aantrek. Kyk na die voëls. God maak altyd seker dat hulle genoeg het om te eet. Jy sal jou lewe nie een dag langer maak deur jou te bekommer nie. Onthou, Jehovah weet wat jy nodig het.’

Die skare het nog nooit enigiemand hoor praat soos Jesus gepraat het nie. Hulle godsdiensteiers het nie hierdie dinge vir hulle geleer nie. Hoekom was Jesus so ’n goeie onderwyser? Omdat alles wat hy vir mense geleer het, van Jehovah af gekom het.

Vrae: Wat moet ons doen om Jehovah se vriend te word?
Hoe wil Jehovah hê moet jy ander behandel?

Matteus 4:24–5:48; 6:19–34; 7:28, 29; Lukas 6:17–31

“Neem my juk op julle en leer by my, want ek is saggeard en nederig van hart, en julle sal nuwe krag kry.”—Matteus 11:29



82 Jesus leer sy dissipels hoe om te bid

Alles wat die Fariseërs gedoen het, het hulle gedoen om mense te beïndruk. As hulle iets vir iemand gedoen het, was dit net omdat hulle wou hê dat ander mense dit moet raaksien. Hulle het in openbare plekke gebid sodat almal hulle kon sien. Die Fariseërs het lang gebede uit die kop geleer en dit dan oor en oor in die sinagoges en op die straathoeke opgesê waar ander mense hulle kon hoor. Daarom was die mense verbaas toe Jesus vir hulle sê: 'Moenie soos die Fariseërs bid nie. Hulle dink dat God beïndruk sal wees met hulle baie woorde, maar hy is nie. Gebed is tussen jou en Jehovah. Moenie dieselfde dinge oor en oor sê nie. Jehovah wil hê dat jy hom moet vertel hoe jy regtig voel.



‘Dit is hoe julle moet bid: “Ons Vader in die hemele, laat u naam geheilig word. Laat u koninkryk kom. Laat u wil geskied, soos in die hemel, so ook op die aarde.”’ Jesus het ook gesê dat hulle vir God moet bid om hulle elke dag genoeg kos te gee, om hulle sondes te vergewe en oor enige ander probleme wat hulle gehad het.

Jesus het gesê: ‘Moet nooit ophou bid nie. Hou aan om julle Vader, Jehovah, vir goeie dinge te vra. Elke ouer wil graag goeie dinge aan sy kind gee. Sal jy, as jou seun jou vir brood vra, hom ’n klip gee? Sal jy, as hy vir ’n vis vra, hom ’n slang gee?’

Toe het Jesus die les verduidelik: ‘Julle weet hoe om goeie dinge aan julle kinders te gee. Sal julle Vader, Jehovah, dan nie weet hoe om heilige gees aan julle te gee nie? Al wat julle moet doen, is vra.’ Luister jy na Jesus se raad? Oor watter soort dinge bid jy?

Vrae: Wat het Jesus gesê oor hoe sy dissipels moet bid?
Bid jy oor dinge wat vir jou belangrik is?

Matteus 6:2-18; 7:7-11; Lukas 11:13

“Hou aan vra, en daar sal vir julle gegee word. Hou aan soek, en julle sal vind. Hou aan klop, en daar sal vir julle oopgemaak word.”—Matteus 7:7



83 Jesus gee duisende mense kos

Net voor die Pasga in die jaar 32 HJ het die apostels teruggekeer van 'n predikingsreis. Hulle was moeg, en daarom het Jesus hulle met 'n boot na Betsaida geneem sodat hulle kon rus. Maar toe die boot naby die land kom, het Jesus gesien dat duisende mense hulle daarheen gevolg het. Al wou Jesus alleen saam met sy dissipels wees, was hy vriendelik met die mense. Hy het die siek mense gesond gemaak en hulle almal begin leer. Jesus het hulle die hele dag oor God se Koninkryk geleer. Toe dit aand word, het sy dissipels na hom te gekom en gesê: 'Die mense is seker honger. Stuur hulle weg sodat hulle iets kan gaan kry om te eet.'

Jesus het gesê: 'Hulle hoef nie weg te gaan nie. Laat hulle hier iets eet.' Die apostels het gevra: 'Wil u hê dat ons vir hulle brood moet

gaan koop?' Filippus, een van die apostels, het gesê: 'Al het ons baie geld gehad, kan ons nie genoeg brood vir hierdie klomp mense koop nie.'

Jesus het gevra: 'Hoeveel kos het ons?' Andreas het gesê: 'Ons het vyf brode en twee vissies. Dis veels te min.' Jesus het gesê: 'Bring vir my die brood en die vis.' Hy het vir die mense gesê om in groepe van 50 en van 100 op die gras te sit. Jesus het die brood en die vis geneem, na die hemel opgekyk en gebid. Toe het hy die kos vir die apostels gegee, en hulle het dit vir die mense uitgedeel. Die 5 000 mans en die vrouens en kinders het almal geëet totdat hulle



vol was. Daarna het die apostels alles wat oorgebly het, bymekaargemaak sodat daar nie kos gemors word nie. Daar was 12 mandjies vol! Was dit nie 'n groot wonderwerk nie?

Die mense was so beïndruk dat hulle Jesus hulle koning wou maak. Maar Jesus het geweet dat dit nie Jehovah se tyd was vir hom om koning te wees nie. Daarom het hy die groep mense weggestuur en vir sy apostels gesê om na die anderkant van die See van Galilea te gaan. Hulle het in hulle boot geklim, en Jesus het alleen teen 'n berg opgegaan. Hoekom? Omdat hy tyd wou hê om tot sy Vader te bid. Jesus het altyd tyd gemaak om te bid, maak nie saak hoe besig hy was nie.

“Moenie werk vir die voedsel wat sleg word nie, maar vir die voedsel wat nie sleg word nie en wat ewige lewe gee. Die Seun van die mens sal vir julle hierdie voedsel gee.”—Johannes 6:27

Vrae: Hoe het Jesus gewys dat hy vir mense omgee? Wat leer dit ons oor Jehovah?

**Matteus 14:14-22; Lukas 9:10-17;
Johannes 6:1-15**



84 Jesus loop op water

Jesus kon nie net siek mense gesond maak en dooie mense weer laat lewe nie. Hy kon ook die wind en die reën beheer. Nadat Jesus op 'n berg gebid het, het hy afgekyk na die See van Galilea en gesien dat daar 'n storm is. Sy apostels was in hulle boot en het gesukkel om teen die wind te roei. Jesus het afgekom en op die water na hulle boot toe begin loop. Toe die apostels iemand op die water sien loop, het hulle bang geword. Maar Jesus het vir hulle gesê: 'Dit is ek. Moenie bang wees nie.'

Petrus het gesê: 'Here, as dit u is, beveel my om na u toe te kom.' Jesus het vir Petrus gesê: 'Kom na my toe.' Terwyl die storm om hulle aan die gang was, het Petrus uit die boot geklim en op die water na Jesus toe geloop. Maar toe Petrus naby Jesus kom, het hy na die storm gekyk en bang geword. Hy kon voel hoe hy begin sink. Petrus het geskree: 'Here, red my!' Jesus het sy hand gegryp en vir hom gesê: 'Hoekom het jy begin twyfel? Waar is jou geloof?'


Jesus en Petrus het in die boot geklim, en die storm het dadelik opgehou. Kan jy jou voorstel hoe die apostels gevoel het? Hulle het gesê: 'U is regtig God se Seun.'

Dit was nie die enigste keer dat Jesus die weer beheer het nie. Op 'n ander keer, toe Jesus en sy apostels besig was om na die anderkant van die see te vaar, het Jesus agter in die boot gaan slaap. Terwyl hy geslaap het, het daar 'n groot storm opgekom. Groot golwe het oor die boot gebreek, en die boot het vol water geword. Die apostels het Jesus wakker gemaak en geskree: 'Leermester, ons gaan sterf! Help ons!' Jesus het opgestaan en vir die see gesê: 'Wees stil!' Dadelik het die wind en die see kalm geword. Jesus het vir sy apostels gevra: 'Waar is julle geloof?' Hulle het vir mekaar gesê: 'Selfs die wind en die see luister na hom.' Die apostels het geleer dat hulle vir niks bang hoef te wees as hulle heeltemal op Jesus vertrou nie.

Vrae: Hoekom het Petrus begin sink?
Wat het die apostels by Jesus geleer?

Matteus 8:23-27; 14:23-34; Markus 4:35-41; 6:45-52;
Lukas 8:22-25; Johannes 6:16-21

“Waar sou ek wees as ek
nie geloof gehad het dat ek
Jehovah se goedheid in die land
van die lewendes sal sien nie?”
—Psalm 27:13



85 Jesus maak iemand op die Sabbat gesond

Die Fariseërs het Jesus gehaat en het 'n rede gesoek om hom gevange te neem. Hulle het gesê dat hy nie siek mense op die Sabbat gesond moet maak nie. Eenkeer het Jesus op die Sabbat 'n blinde man gesien wat op straat bedel. Hy het vir sy dissipels gesê: 'Kyk hoe God se krag hierdie man gaan help.' Jesus het sy spoeg met grond gemeng en toe het hy dit op die man se oë gesit. Jesus het vir hom gesê: 'Gaan was jou oë in die bad Siloam.' Die man het dit gedoen, en toe kon hy vir die eerste keer in sy lewe sien.

**“Julle misgis julle, want julle ken nie die Skrif nie, en ook nie die krag van God nie.”
—Matteus 22:29**

Mense was geskok. Hulle het gesê: 'Is dit die man wat altyd gesit en bedel het of is dit net iemand wat soos hy lyk?' Die man het gesê: 'Ek is die een wat blind gebore is!' Die mense het hom gevra: 'Hoekom is jy nie meer blind nie?' Toe hy vir hulle vertel wat gebeur het, het hulle hom na die Fariseërs toe geneem.

Die man het vir die Fariseërs gesê: 'Jesus het klei op my oë gesit en gesê dat ek dit moet gaan afwas. Ek het dit gedoen, en nou kan ek sien.' Die Fariseërs het gesê: 'As Jesus mense op die Sabbat gesond maak, kan sy krag nie van God af wees nie.' Maar ander het gesê: 'As sy krag nie van God kom nie, sou hy mense glad nie gesond kon maak nie.'




Die Fariseërs het die man se ouers gaan roep en gevra: 'Hoe is dit dat julle seun nou kan sien?' Sy ouers was bang omdat die Fariseërs gesê het dat enigiemand wat geloof in Jesus stel, uit die sinagoge gegooi sou word. Daarom het hulle gesê: 'Ons weet nie. Vra vir hom.' Die Fariseërs het die man nog vrae gevra totdat hy gesê het: 'Ek het vir julle alles gesê wat ek weet. Hoekom hou julle aan om my te vra?' Die Fariseërs was kwaad en het hom uitgegooi.

Jesus het die man gaan soek en hom gevra: 'Glo jy in die Messias?' Die man het gesê: 'Ek sou as ek geweet het wie hy is.' Jesus het gesê: 'Ek is die Messias.' Was dit nie liefdevol van Jesus nie? Hy het die man nie net gesond gemaak nie, maar hy het hom ook gehelp om geloof te hê.

Vrae: Hoe het Jesus die blinde man gehelp?
Hoekom het die Fariseërs Jesus gehaat?

Johannes 9:1-41



86 Jesus maak Lasarus weer lewend

Jesus het drie baie goeie vriende gehad wat in Betanië gebly het. Hulle was Lasarus en sy twee susters, Maria en Marta. Eendag, terwyl Jesus aan die anderkant van die Jordaan was, het Maria en Marta vir hom 'n dringende boodskap gestuur: 'Lasarus is baie siek. Kom asseblief gou!' Maar Jesus het nie dadelik gegaan nie. Hy het twee dae gewag en toe vir sy dissipels gesê: 'Kom ons gaan Betanië toe. Lasarus slaap, en ek gaan om hom wakker te maak.' Die apostels het gesê: 'Dis goed dat Lasarus slaap, dit sal hom help om gesond te word.' Maar Jesus het reguit vir hulle gesê: 'Lasarus het gesterf.'

Toe Jesus in Betanië aankom, was Lasarus al reeds vier dae lank begrawe. Baie mense het gekom om Marta en Maria te troos. Toe Marta hoor dat Jesus gekom het, het sy na hom toe gehardloop. Sy het gesê: 'Here, as u hier was, sou my broer nie gesterf het nie.' Jesus het vir haar gesê: 'Jou broer sal weer lewe. Glo jy dit, Marta?' Sy het gesê: 'Ek glo dat hy in die opstanding sal opstaan.' Jesus het vir haar gesê: 'Ek is die opstanding en die lewe.'

Toe het Marta na Maria toe gegaan en vir haar gesê: 'Jesus is hier.' Maria het na Jesus toe gehardloop, en die groep mense het haar gevolg. Sy het by sy voete neergeval, en sy kon nie ophou huil nie. Sy het gesê: 'Here, as u hier was, sou ons broer nog gelewe het!' Jesus het gesien dat sy baie hartseer is en het ook begin huil. Toe die mense sy tranes sien, het hulle gesê: 'Kyk hoe lief was Jesus vir Lasarus.' Maar party het gewonder: 'Hoekom het hy nie sy vriend gered nie?' Wat sou Jesus volgende doen?

Jesus het na die graf toe gegaan, waar 'n groot klip voor die ingang was. Hy het beveel: 'Rol die klip weg.' Marta het gesê: 'Maar dis al vier dae! Sy liggaam sal stink.' Hulle het die klip weggerol, en Jesus het gebid: 'Vader, dankie dat u my hoor. Ek weet dat u my altyd hoor, maar ek praat hardop sodat hierdie mense kan weet dat u my gestuur het.' Toe het hy in 'n harde stem uitgeroep: 'Lasarus, kom uit!' Iets wonderliks het gebeur: Lasarus het uit die graf gekom, nog


toedraai in lappe. Jesus het gesê:
'Maak hom los en laat hom gaan.'

Baie mense wat dit gesien het, het geloof in Jesus gestel. Maar party het weggegaan en die Fariseërs daarvan gaan vertel. Van toe af wou die Fariseërs vir Lasarus en Jesus doodmaak. Een van die 12 apostels, Judas Iskariot, het in die geheim na die Fariseërs gegaan en gevra: 'Hoeveel sal julle my betaal as ek julle help om Jesus te vang?' Hulle het gesê dat hulle hom 30 silwerstukke sal gee. Judas het toe na 'n manier begin soek om Jesus aan die Fariseërs oor te gee.

Vrae: Vertel die verhaal van hoe Lasarus weer lewend gemaak is.
Wat wou die Fariseërs doen toe hulle hoor wat met Lasarus gebeur het?

Matteus 26:14-16; Johannes 11:1-53; 12:10

**“Die ware God is vir ons
'n God wat red, en Jehovah
die Soewereine Heer kan 'n
mens van die dood red.”
—Psalm 68:20**





13

Jesus het na die aarde toe gekom om sy lewe vir onvolmaakte mense te gee. Al het hy gesterf, het hy die wêreld oorwin. Jehovah was lojaal aan sy Seun en het hom weer opgewek. Jesus het, tot en met sy dood, ander nederig gedien en hulle vergewe wanneer hulle foute gemaak het. Ná sy opstanding het Jesus aan sy dissipels verskyn. Hy het hulle geleer hoe om die belangrike werk te doen wat hy vir hulle gegee het. As jy 'n ouer is, help jou kind om te verstaan dat ons ook vandag hierdie selfde werk doen.



BELANGRIKE LESSE

- Daar is nie 'n probleem wat te groot is vir Jehovah om op te los nie
- Wees bereid om, net soos Jesus, ander mense te help en hulle te dien
- Ware Christene kan uitgeken word aan hulle liefde vir mekaar



87 Jesus se laaste ete

Die Jode het die Pasga elke jaar op die 14de dag van die maand Nisan gevier. Dit was sodat hulle kon onthou hoe Jehovah hulle uit slawerny in Egipte bevry het en na die Beloofde Land toe gebring het. In die jaar 33 HJ het Jesus en sy apostels die Pasga in 'n bo-kamer in Jerusalem gevier. Aan die einde van die ete het Jesus gesê: 'Een van julle gaan my verraai.' Die apostels was geskok en het Jesus gevra: 'Wie is dit?' Jesus het gesê: 'Dit is die man vir wie ek hierdie brood gee.' Toe gee hy 'n stukkie brood vir Judas Iskariot. Judas het onmiddellik opgestaan en weggegaan.

Jesus het toe gebid, van die brood in stukkies gebreek en dit vir die apostels wat agtergebly het, gegee. Hy het gesê: 'Eet hierdie brood. Dit stel my liggaam voor wat ek vir julle sal gee.' Hy het toe weer gebid en die wyn vir die apostels gegee. Hy het gesê: 'Drink hierdie wyn. Dit stel my bloed voor wat ek sal gee sodat sondes vergewe kan word. Ek belowe dat julle konings saam met my in die hemel sal wees. Doen dit elke jaar om my te onthou.' Jesus se volgelingen kom vandag nog elke jaar op hierdie aand bymekaar. Hierdie vergadering word nou die Here se Aandmaal genoem.



“Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het dit goedgevind om die Koninkryk aan julle te gee.”—Lukas 12:32

Ná die ete het die apostels gestry oor wie van hulle die belangrikste is. Maar Jesus het vir hulle gesê: ‘Die een wat die minste van homself dink, is die grootste onder julle.

‘Julle is my vriende. Ek vertel julle alles wat my Vader wil hê ek julle moet vertel. Binnekort gaan ek na my Vader in die hemel toe. Julle sal agterbly, en mense sal weet dat julle my dissipels is omdat julle lief is vir mekaar. Julle moet vir mekaar lief wees net soos ek lief was vir julle.’

Toe het Jesus gebid en Jehovah gevra om al die dissipels te beskerm. Hy het Jehovah gevra om hulle te help om in vrede saam te werk. Hy het gebid dat Jehovah se naam geheilig moet word. Toe het Jesus en sy apostels lofliedere tot Jehovah gesing en buitetoe gegaan. Jesus sou binnekort gevange geneem word.

Vrae: Wat het Jesus die apostels belowe? Watter belangrike lesse het Jesus die apostels geleer gedurende sy laaste ete saam met hulle?

Matteus 26:20-30; Lukas 22:14-26; Johannes 13:1, 2, 26, 30, 34, 35; 15:12-19; 17:3-26

88 Jesus word gevange geneem

Jesus en die apostels het deur die Kidronvallei na die Olyfberg geloop. Dit was ná middernag, en dit was volmaan. Toe hulle by die tuin van Getsemane aankom, het Jesus vir hulle gesê: 'Wag hier en bly wakker.' Daarna het Jesus 'n entjie in die tuin in geloop en op sy knieë gegaan. Hy was baie ontsteld en het tot Jehovah gebid: 'Laat u wil geskied.' Jehovah het toe 'n engel gestuur om Jesus te versterk. Daarna het Jesus teruggegaan na sy apostels toe en drie van hulle aan die slaap gekry. Hy het gesê: 'Word wakker! Dis nie nou die tyd om te slaap nie! Die uur het gekom dat ek aan my vyande oorgegee moet word.'

Kort daarna het Judas daar aangekom met 'n groot groep mans wat swaarde en stokke by hulle gehad het. Hy het geweet waar om Jesus te kry omdat hulle al baie na hierdie tuin toe gekom het. Judas het vir die soldate gesê dat hy hulle sou wys wie Jesus is. Hy het reguit na Jesus toe geloop en gesê: 'Goeiedag, Leermeester.' Toe het hy Jesus gesoen. Jesus het gesê: 'Judas, verrai jy my met 'n soen?'

Jesus het nie probeer wegkruip nie en het die groep manne gevra: 'Na wie soek julle?' Hulle het gesê: 'Jesus die Nasarener.' Toe het hy geantwoord: 'Dit is ek.' Die manne was verstom en het op die grond geval. Jesus het hulle weer gevra: 'Na wie soek julle?' Weer het hulle gesê: 'Jesus die Nasarener.' Jesus het geantwoord: 'Ek het vir julle gesê dat dit ek is. Laat hierdie manne gaan.'

Toe Petrus beseft het wat besig is om te gebeur, het hy 'n swaard gevat en Malgus, 'n slaaf van die hoëpriester, se oor afgekap. Maar Jesus het aan die man se oor geraak en hom gesond gemaak. Toe het hy vir Petrus gesê: 'Sit jou swaard weg. As jy met 'n swaard veg, sal jy met 'n swaard doodgemaak word.' Die soldate het Jesus gegryp en



sy hande vasgebind, en die apostels het weggehardloop. Toe het die groep manne hom na die hoofpriester, Annas, toe gevat. Annas het Jesus ondervra en hom na die huis van die hoëpriester, Kajafas, toe gestuur. Maar wat het met die apostels gebeur?

Vrae: Wat het in die tuin van Getsemane gebeur?
Wat kan ons leer uit die dinge wat Jesus daardie aand gedoen het?

Matteus 26:36-57; Markus 14:32-50;
Lukas 22:39-54; Johannes 18:1-14, 19-24

**“In die wêreld sal julle swaarkry, maar skep moed! Ek het die wêreld oorwin.”
—Johannes 16:33**



89 Petrus sê dat hy Jesus nie ken nie

Toe Jesus saam met sy apostels in die bo-kamer was, het hy vir hulle gesê: 'Julle almal sal my vanaand verlaat.' Petrus het gesê: 'Nie ek nie! Selfs al verlaat die ander u, sal ek u nooit verlaat nie.' Maar Jesus het vir Petrus gesê: 'Voordat 'n haan kraai, sal jy drie keer sê dat jy my nie ken nie.'

Toe die soldate Jesus na Kajafas se huis toe vat, het die meeste van die apostels weggehardloop. Maar twee van hulle het hom saam met 'n groep mense gevolg. Een van hulle was Petrus. Hy het in die binnehof van Kajafas se huis ingegaan en by die vuur gaan staan. 'n Diensmeisie het Petrus se gesig in die lig gesien en gesê: 'Ek ken jou! Jy was saam met Jesus!'

Petrus het gesê: 'Nee, ek was nie! Ek weet nie waarvan jy praat nie!' Hy het na die hek toe geloop. Maar nie lank daarna nie het 'n ander

diensmeisie hom gesien en vir die mense

gesê: 'Hierdie man was saam met Jesus!'

Petrus het gesê: 'Ek ken Jesus nie eens nie!'

'n Man het toe gesê: 'Jy is een van hulle! Ek

kan uit jou manier van praat hoor dat jy van

Galilea afkom, nes Jesus.' Maar Petrus het

gesweer: 'Ek ken hom nie!'

Op daardie oomblik het 'n haan gekraai.

Petrus het gesien hoe Jesus draai en na hom kyk. Toe onthou hy wat Jesus gesê het. Hy het toe buitetoe gegaan en bitterlik gehuil.

Intussen het die Sanhedrin in Kajafas se huis bymekaargekom om Jesus te verhoor. Hulle het al klaar besluit dat hulle Jesus gaan doodmaak, en nou het hulle net 'n rede gesoek. Maar hulle kon niks teen hom kry nie. Uiteindelik het Kajafas reguit vir Jesus gevra: 'Is jy die Seun van God?' Jesus het gesê: 'Ek is.' Kajafas het toe gesê: 'Ons het nie enige ander bewyse nodig nie. Dit is laster!' Die hof het saamgestem: 'Hierdie man moet sterf.' Hulle het Jesus geklap, op

'Die uur het gekom wanneer elkeen van julle na sy eie huis verstrooi sal word en my alleen sal laat. Maar ek is nie alleen nie, want die Vader is met my.'
—Johannes 16:32

hom gespoeg, sy oë toegebind, hom geslaan en gesê: 'As jy 'n profeet is, sê vir ons wie jou geslaan het!'

Toe dit begin lig word, het hulle Jesus na die saal van die Sanhedrin gevat en hom weer gevra: 'Is jy die Seun van God?' Jesus het geantwoord: 'Julle sê dat ek is.' Toe het hulle hom skuldig bevind aan laster en hom gevat na die paleis van Pontius Pilatus, die Romeinse goewerneur. Wat het toe gebeur? Kom ons vind uit.

Vrae: Wat het in die binnehof van Kajafas se huis gebeur?

Hoekom het die hof besluit dat Jesus doodgemaak moet word?

Matteus 26:31-35; 26:57-27:2; Markus 14:27-31; 14:53-15:1; Lukas 22:55-71; Johannes 13:36-38; 18:15-18, 25-28



90 Jesus sterf op Golgota

Die hoofpriesters het Jesus na die goewerneur se paleis geneem. Pilatus het hulle gevra: 'Wat het hierdie man verkeerd gedoen?' Hulle het gesê: 'Hy sê dat hy 'n koning is!' Pilatus het Jesus gevra: 'Is jy die Koning van die Jode?' Jesus het geantwoord: 'My Koninkryk is geen deel van hierdie wêreld nie.'

Daarna het Pilatus Jesus na Herodes gestuur, wat die heerser van Galilea was. Herodes moes kyk of hy enigiets teen Jesus kon vind. Herodes kon niks teen hom vind nie en het hom teruggestuur na Pilatus toe. Pilatus het toe vir die mense gesê: 'Nie ek of Herodes kon enigiets teen hierdie man vind nie. Ek sal hom laat gaan.' Die skare het geskree: 'Maak hom dood! Maak hom dood!' Soldate het Jesus met 'n sweep geslaan, op hom gespoeg en hom seergemaak. Hulle het 'n kroon van dorings op sy kop gesit en hom gespot en gesê: 'Goeiedag, Koning van die Jode.' Pilatus het weer vir die skare gesê: 'Ek het niks in hom gevind wat verkeerd is nie.' Maar hulle het geskree: 'Hang hom aan die paal!' Daarom het Pilatus Jesus oorgegee om doodgemaak te word.

Die soldate het Jesus na 'n plek met die naam Golgota geneem, hom aan 'n paal vasgespyker en die paal regop laat staan. Jesus het gebid: 'Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.' Mense het met Jesus gespot en vir hom gesê: 'As jy God se Seun is, kom van daardie paal af! Red jousef.'

Een van die misdadigers wat langs hom gehang het, het gesê: 'Onthou my wanneer u in u Koninkryk kom.' Jesus het belowe: 'Jy sal saam met my in die Paradys wees.' Daardie middag het dit pikdonker geword, en dit het drie ure lank donker gebly. Party van die dissipels en Jesus se ma, Maria, het naby die paal gestaan. Jesus het vir Johannes gesê om vir Maria te sorg soos 'n seun vir sy eie ma sal sorg.

Uiteindelik het Jesus gesê: 'Dit is gedoen!' Hy het sy kop laat sak en sy laaste asem uitgeblaas. Op daardie oomblik was daar 'n groot

aardbewing. In die tempel het die swaar gordyn tussen die Heilige en die Allerheiligste in twee stukke geskeur. 'n Leëroffisier het gesê: 'Dit was regtig God se Seun.'

**“Ongeag hoeveel beloftes van God daar is, hulle het ‘ja’ geword deur middel van hom.”
–2 Korintiërs 1:20**

Vrae: Hoekom het Pilatus toegelaat dat Jesus doodgemaak word? Hoe het Jesus gewys dat hy meer vir ander mense omgee as vir homself?
Matteus 27:11-14, 22-31, 38-56; Markus 15:2-5, 12-18, 25, 29-33, 37-39; Lukas 23:1-25, 32-49; Johannes 18:28-19:30



91 Jesus word lewend gemaak


Ná Jesus se dood het 'n ryk man met die naam Josef vir Pilatus gevra of hy Jesus se liggaam van die paal kan gaan afhaal. Josef het die liggaam in fyn linne en speserye toegedraai en dit in 'n nuwe graf neergelê. Hy het 'n groot klip voor die ingang laat rol. Die hoofpriesters het vir Pilatus gesê: 'Ons is bang dat party van Jesus se dissipels sy liggaam sal vat en dan sal sê dat hy weer lewend geword het.' Pilatus het toe vir hulle gesê: 'Maak die graf toe, en laat 'n wag dit oppas.'

Drie dae later het 'n paar vroue, vroeg in die oggend, na die graf toe gegaan en gesien dat iemand die klip weggerol het. Binne-in die graf het 'n engel vir die vroue gesê: 'Moenie bang wees nie. Jesus is lewend gemaak. Gaan en sê vir sy dissipels om hom in Galilea te ontmoet.'

Maria Magdalena het vinnig na Petrus en Johannes toe gegaan. Sy het vir hulle gesê: 'Iemand het Jesus se liggaam gevat!' Petrus en Johannes het na die graf gehardloop. Toe hulle sien dat dit leeg is, het hulle teruggegaan huis toe.

Toe Maria na die graf teruggaan, het sy twee engele daar gesien en vir hulle gesê: 'Ek weet nie waarheen hulle my Here geneem het nie.' Toe het sy 'n man gesien. Sy het gedink dat hy die tuinier is en het vir hom gesê: 'Asseblief meneer, sê vir my waarheen u hom gevat het.' Maar toe die man sê: 'Maria!', het sy geweet dat dit Jesus is. Sy het uitgeroep: 'Leermeester!', en hom vasgehou. Jesus het vir haar gesê: 'Gaan sê vir my broers dat jy my gesien het.' Maria het dadelik na die dissipels toe gehardloop en vir hulle gesê dat sy Jesus gesien het.

Later daardie dag was twee dissipels besig om van Jerusalem af na Emmaus toe te loop. 'n Man het saam met hulle begin loop en vir hulle gevra waaroor hulle praat. Hulle het gesê: 'Het jy nie gehoor nie? Die hoofpriesters het Jesus drie dae gelede laat doodmaak. Nou is daar vrouens wat sê dat hy lewe!' Die man het gevra: 'Glo julle nie die



profete nie? Hulle het gesê dat die Christus sou sterf en dan weer lewend gemaak sou word.’ Hy het vir hulle nog dinge uit die Skrif verduidelik. Toe hulle by Emmaus aankom, het die dissipels die man gevra om saam met hulle te kom. Nadat hy by die aandete vir die brood gebid het, het hulle beseft dat dit Jesus was. Toe het hy verdwyn.

Die twee dissipels het vinnig na Jerusalem toe gegaan. Hulle het na die huis gegaan waar die apostels bymekaar was en vir hulle vertel wat gebeur het. Terwyl hulle daar binne-in die huis was, het Jesus aan hulle almal verskyn. Eers kon die apostels nie glo dat dit Jesus is nie. Toe het hy gesê: ‘Kyk na my hande; raak aan my. Daar staan geskryf dat die Christus uit die dood sou opstaan.’

Vrae: Wat het gebeur toe die vrou na Jesus se graf gegaan het? Wat het op pad na Emmaus gebeur?

**Matteus 27:57-28:10; Markus 15:42-16:8;
Lukas 23:50-24:43; Johannes 19:38-20:23**

“Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur my nie.”—Johannes 14:6



92 Jesus verskyn aan die vissermanne

'n Ruk nadat Jesus aan die apostels verskyn het, het Petrus besluit om op die See van Galilea te gaan visvang. Tomas, Jakobus, Johannes en 'n paar ander dissipels het saam met hom gegaan. Hulle was die hele nag op die see, maar hulle het niks gevang nie.

Vroeg die volgende oggend het hulle 'n man gesien wat op die strand gestaan het. Hy het oor die water vir hulle geskree: 'Het julle enige vis gevang?' Hulle het vir hom gesê: 'Nee!' Die man het gesê: 'Gooi julle net aan die anderkant van die boot uit.' Toe hulle dit doen, het die net so vol vis geword dat hulle dit nie kon intrek nie. Johannes het skielik beseft dat die man Jesus is en gesê: 'Dit is die Here!' Petrus het dadelik in die water gespring en strand toe geswem. Die ander dissipels het hom met die boot gevolg.





**“[Jesus] het vir hulle gesê: ‘Kom agter my aan, en ek sal julle vissers van mense maak.’ Hulle het dadelik hulle nette gelos en hom gevolg.”
—Matteus 4:19, 20**

Toe hulle by die strand aankom, het hulle brood en vis oor ’n vuur sien braai. Jesus het vir hulle gesê om ook van die vis wat hulle gevang het, te braai. Toe het hy gesê: ‘Kom eet.’

Nadat hulle klaar geëet het, het Jesus vir Petrus gevra: ‘Is jy liever vir my as vir visvang?’ Petrus het gesê: ‘Ja, Here, u weet ek is.’ Jesus het gesê: ‘Gee dan my lammers kos.’ Jesus het weer gevra: ‘Petrus, is jy lief vir my?’ Petrus het gesê: ‘Here, u weet ek is.’ Jesus het gesê: ‘Kyk soos ’n herder na my skapies.’ Jesus het ’n derde keer gevra. Petrus was baie hartseer. Hy het gesê: ‘Here, u weet alles. U weet dat ek vir u lief is.’ Jesus het gesê: ‘Gee my skapies kos.’ Toe het hy vir Petrus gesê: ‘Hou aan om my te volg.’

Vrae: Watter wonderwerk het Jesus vir die vissermanne gedoen?
Hoekom dink jy het Jesus drie keer vir Petrus gevra: ‘Is jy lief vir my?’

Johannes 21:1-19, 25; Handeling 1:1-3

93 Jesus gaan terug hemel toe

Jesus het saam met sy dissipels in Galilea bymekaargekom. Hy het 'n baie belangrike opdrag vir hulle gegee: 'Gaan en maak dissipels van mense van al die lande. Leer hulle alles wat ek vir julle geleer het, en doop hulle.' Toe het hy hulle belowe: 'Onthou, ek sal altyd saam met julle wees.'

Gedurende die 40 dae ná sy opstanding het Jesus aan honderde van sy dissipels in Galilea en Jerusalem verskyn. Hy het vir hulle belangrike lesse geleer en baie wonderwerke gedoen. Toe het Jesus vir die laaste keer saam met sy apostels bymekaargekom, op die Olyfberg. Hy het gesê: 'Bly in Jerusalem. Hou aan wag vir dit wat die Vader belowe het.'

Sy apostels het nie verstaan wat hy bedoel het nie. Hulle het hom gevra: 'Gaan u nou die Koning van Israel word?' Jesus het gesê: 'Dit is nog nie Jehovah se tyd vir my om Koning te word nie. Binnekort sal heilige gees aan julle krag gee, en julle sal my getuies wees. Gaan preek in Jerusalem, Judea, Samaria en tot by die verste plekke van die aarde.'

Toe het Jesus in die lug opgevaar en in 'n wolk verdwyn. Sy dissipels het aanhou kyk, maar hy was weg.

Die dissipels het van die Olyfberg af na Jerusalem toe gegaan. Hulle het gereeld in 'n bo-kamer bymekaargekom en gebid. Hulle het gewag dat Jesus vir hulle sê wat hulle nou moes doen.

Vrae: Watter opdrag het Jesus vir sy dissipels gegee?
Wat het op die Olyfberg gebeur?

Matteus 28:16-20; Lukas 24:49-53; Johannes 20:30, 31; Handeling 1:2-14; 1 Korintiërs 15:3-6

“Hierdie goeie nuus van die Koninkryk sal in die hele bewoonde aarde verkondig word as 'n getuienis vir al die nasies, en dan sal die einde kom.”—Matteus 24:14





14

Die vroeë Christene het die goeie nuus van die Koninkryk tot in die verste dele van die aarde verkondig. Jesus het hulle gelei na die plekke waar hulle moes preek. Hy het hulle ook wonderdadig gehelp om mense die waarheid in hulle eie taal te leer. Jehovah het hulle gehelp om dapper te wees en hulle die krag gegee om wrede vervolging te oorkom.

Jesus het aan die apostel Johannes 'n visioen van Jehovah se heerlikheid gegee. In 'n ander visioen het Johannes gesien hoe die Koninkryk van die hemele Satan oorwin en vir ewig 'n einde aan sy heerskappy maak. Johannes het gesien hoe Jesus as Koning heers en



hoe die 144 000 saam met hom heers. Hy het ook gesien hoe die hele aarde 'n paradys word waar almal Jehovah in vrede en eenheid aanbid.

BELANGRIKE LESSE

- Wanneer ons die werk doen wat Jehovah ons gegee het, word hy verheerlik
- Jy moet jou lewe aan Jehovah toewy en vir hom wys dat jy graag deel van sy Koninkryk wil wees
- Maak Jehovah jou beste Vriend



94 Die dissipels ontvang heilige gees

Tien dae nadat Jesus teruggegaan het hemel toe, het sy dissipels heilige gees ontvang. Dit was Pinkster 33 HJ, en mense het van baie plekke af na Jerusalem gekom om dit te vier. Omtrent 120 van Jesus se dissipels het in die bo-kamer van 'n huis bymekaargekom. Skielik het iets buitengewoons gebeur. Iets wat soos 'n vlam gelyk het, het bo elke dissipel se kop verskyn, en hulle almal het in verskillende tale begin praat. 'n Harde geluid wat soos 'n windstorm geklink het, het die huis gevul.

Mense uit ander lande wat Jerusalem besoek het, het die geluid gehoor en na die huis toe gehardloop om te sien wat aan die gang was. Hulle was verbaas toe hulle hoor dat die dissipels in tale praat wat hulle kon verstaan. Hulle het gesê: 'Maar hierdie mense is van Galilea. Hoe is dit moontlik dat hulle ons tale kan praat?'

Petrus en die ander apostels het toe voor die groep mense gaan staan. Petrus het vir die mense vertel hoe Jesus doodgemaak is en dat Jehovah hom uit die dood laat opstaan het. Petrus het gesê:



‘Jesus is nou in die hemel aan die regterhand van God, en hy het heilige gees uitgestort net soos hy belowe het. Dit is hoekom julle hierdie wonderwerke gesien en gehoor het.’

Die mense is diep geraak deur Petrus se woorde en het gevra: ‘Wat moet ons doen?’

Hy het vir hulle gesê: ‘Julle moet jammer wees oor wat julle verkeerd gedoen het, dit nie weer doen nie en gedoop word in die naam van Jesus. Julle sal ook die heilige gees ontvang.’ Op daardie dag is daar omtrent 3 000 mense gedoop. Van toe af het die dissipels in Jerusalem vinnig meer geword. Met die hulp van die heilige gees het die apostels nog gemeentes gevorm sodat hulle vir die dissipels al die dinge wat Jesus hulle beveel het, kon leer.

Vrae: Wat het op Pinkster 33 HJ gebeur?
Hoekom is so baie mense gedoop?

Handelinge 1:15; 2:1-42; 4:4; Johannes 15:26

“As jy met jou mond in die openbaar bekend maak dat Jesus Here is en in jou hart die geloof het dat God hom opgewek het, sal jy gered word.”—Romeine 10:9

95 Niks kon hulle keer nie

'n Man wat nie kon loop nie, het elke dag by die tempel se hek gesit en bedel. Een middag het hy gesien hoe Petrus en Johannes by die tempel ingaan. Hy het vir hulle gesê: 'Gee my asseblief iets.' Petrus het gesê: 'Ek het iets beter as geld om vir jou te gee. In die naam van Jesus, staan op en loop!' Toe het Petrus hom opgehelp, en die man het begin loop! Die skare was so bly oor hierdie wonderwerk dat baie mense begin glo het.

Maar die priesters en Sadduseërs was kwaad. Hulle het die apostels gegryp, hulle na die hof toe geneem en vir hulle gevra: 'Wie het julle die krag gegee om hierdie man gesond te maak?' Petrus het gesê: 'Ons het krag ontvang van Jesus Christus, wat deur julle doodgemaak is.' Die godsdiensteleiers het geskree: 'Hou op om oor Jesus te praat!' Maar die apostels het gesê: 'Ons moet oor hom praat. Ons sal nie ophou nie.'

Nadat Petrus en Johannes vrygelaat is, het hulle na die ander dissipels toe gegaan en vir hulle vertel wat gebeur het. Hulle het saam gebid en Jehovah gevra: 'Help ons asseblief om dapper te wees sodat ons kan aanhou om u werk te doen.' Jehovah het vir hulle heilige gees gegee, en hulle het aangehou om te preek en mense gesond te maak. Al hoe meer mense het gelowiges geword. Die Sadduseërs was so jaloers dat hulle die apostels gevat en in die tronk gegooi het. Maar gedurende die nag het Jehovah 'n engel gestuur om die tronk se deure oop te maak. Die engel het vir die apostels gesê: 'Gaan terug na die tempel toe en gaan leer die mense daar.'

Die volgende oggend is daar vir die Sanhedrin, die Jode se hof wat uit godsdiensteleiers bestaan het, gesê: 'Die tronk is nog steeds gesluit, maar die manne wat gevange geneem is, is nie meer daar nie! Hulle is in die tempel besig om die mense te leer!' Die apostels is weer gevang en voor die Sanhedrin gebring. Die



hoëpriester het gesê: 'Ons het julle beveel om nie oor Jesus te praat nie!' Maar Petrus het geantwoord: 'Ons moet eerder aan God as heerser gehoorsaam wees as aan mense.'

**“Ons moet eerder aan God as heerser gehoorsaam wees as aan mense.”
—Handelinge 5:29**

Die godsdiensteleiers was so kwaad dat hulle die apostels wou doodmaak. Maar 'n Fariseër met die naam Gamaliël het opgestaan en gesê: 'Wees versigtig! God is dalk met hierdie manne. Wil julle regtig teen God baklei?' Hulle het na hom geluister. Nadat hulle die apostels met stokke geslaan het, het hulle hulle weer beveel om op te hou preek en hulle toe laat gaan. Maar dit het die apostels nie gekeer nie. Hulle het aangehou om die goeie nuus dapper in die tempel en van huis tot huis te verkondig.

Vrae: Hoekom het die dissipels nie opgehou om te preek nie? Hoe het Jehovah hulle gehelp?

Handelinge 3:1–4:31; 5:12-42



96 Jesus kies Saulus

Saulus was 'n Romeinse burger wat in Tarsus gebore is. Hy was 'n Fariseër wat die Joodse Wet goed geken het, en hy het Christene gehaat. Hy het Christenmans en Christenvrouens uit hulle huise gesleep en hulle in die tronk gegooi. Hy het selfs gestaan en kyk hoe 'n woedende groep mense die dissipel Stefanus met klippe doodgooi.

Maar Saulus was nie daarmee tevrede om net Christene in Jerusalem te arresteer nie. Hy het gevra dat die hoëpriester hom na die stad Damaskus toe stuur sodat hy die Christene daar kon soek en vang. Toe Saulus naby die stad kom, het daar skielik 'n helder lig om hom geskyn, en hy het op die grond neergeval. Hy het 'n stem hoor sê: 'Saulus, hoekom vervolg jy my?' Saulus het gevra: 'Wie is jy?' Die stem het geantwoord: 'Ek is Jesus. Gaan na Damaskus toe, en daar sal jy uitvind wat jy moet doen.' Saulus het dadelik blind geword en iemand moes hom aan die hand na die stad toe lei.

In Damaskus was daar 'n getroue Christen met die naam Ananias. Jesus het vir hom in 'n visioen gesê: 'Gaan na Judas se huis in die straat wat Reguit genoem word en soek daar na Saulus.' Ananias het gesê: 'Here, ek het al baie van hierdie man gehoor! Hy gooi u dissipels in die tronk!' Maar Jesus het vir hom gesê: 'Gaan na hom toe. Ek het Saulus gekies om die goeie nuus aan baie nasies te verkondig.'

Ananias het toe vir Saulus gekry en vir hom gesê: 'Saulus, broer, Jesus het my gestuur om jou oë oop te maak.' Saulus kon skielik weer sien. Hy het oor Jesus geleer en sy volgeling geword. Omdat Saulus nou 'n gedoopte Christen was, het hy saam met sy mede-Christene in die Sinagoges begin preek. Dink net hoe geskok die Jode was toe hulle sien dat Saulus besig was om die mense oor Jesus



te leer. Hulle het gesê: 'Is dit nie dieselfde man wat Jesus se dissipels vervolg het nie?'


Saulus het drie jaar lank vir die mense in Damaskus gepreek. Die Jode het Saulus gehaat en planne gemaak om hom dood te maak. Maar die broers het hiervan uitgevind en hom gehelp om te ontsnap. Hulle het hom in 'n mandjie gesit en deur 'n opening in die stadsmuur laat afsak.

Toe Saulus in Jerusalem kom, het hy saam met die broers daar probeer werk. Maar hulle was bang vir hom. 'n Liefdevolle dissipel met die naam Barnabas het Saulus na die apostels toe gebring en hulle oortuig dat Saulus regtig verander het. Saulus het die goeie nuus ywerig saam met die gemeente in Jerusalem begin verkondig. Hy is later Paulus genoem.

Vrae: Hoekom was die Christene bang vir Saulus? Hoekom het hy verander?

Handelinge 7:54–8:3; 9:1–28; 13:9; 21:40–22:15; Romeine 1:1; Galasiërs 1:11–18

**“Christus Jesus het in die wêreld ingekom om sondaars te red. En ek is die ergste van hulle almal.”
—1 Timoteus 1:15**



97 Kornelius ontvang heilige gees

In Sesarea was daar 'n belangrike Romeinse leëroffisier met die naam Kornelius. Al was hy nie 'n Jood nie, het die Jode hom gerespekteer. Hy was vrygewig en het mense gehelp wat arm was en swaargekry het. Kornelius het in Jehovah geglo en gereeld tot hom gebid. Eendag het 'n engel aan Kornelius verskyn en vir hom gesê: 'God het jou gebede gehoor. Stuur nou mans na die plek Joppe, waar Petrus bly, en vra hom om na jou toe te kom.' Kornelius het onmiddellik drie mans na Joppe toe gestuur, wat omtrent 50 kilometer suid daarvandaan was.

Intussen het Petrus, wat in Joppe was, 'n visioen gehad. Hy het diere gesien wat nie deur Jode geëet mag word nie, en hy het 'n stem gehoor wat vir hom gesê het om dit te eet. Petrus het geweier en gesê: 'Maar ek het nog nooit in my lewe 'n onrein diere geëet nie.' Die stem het toe vir hom gesê: 'Moenie hierdie diere onrein noem nie. God het hulle rein gemaak.' Die stem het ook vir Petrus gesê: 'Daar is drie mans by jou deur. Gaan saam met hulle.' Petrus het na die deur toe gegaan en die mans gevra hoekom hulle daar is. Hulle het geantwoord: 'Ons is deur Kornelius, 'n Romeinse leëroffisier, gestuur. Jy moet na sy huis in



Sesarea kom.’ Petrus het die mans genooi om daardie aand daar te slaap. Die volgende dag het hy saam met die mans en party van die broers uit Joppe na Sesarea toe gegaan.

“In elke nasie is die mens wat [God] vrees en doen wat reg is, vir hom aanvaarbaar.”
—Handelinge 10:35

Toe Kornelius uiteindelik vir Petrus sien, het hy op sy knieë gegaan. Maar Petrus het gesê: ‘Staan op! Ek is net ’n mens, soos jy. God het vir my gesê dat ek na jou huis moet kom, al gaan Jode nie in die huise van heidene in nie. Sê asseblief vir my, hoekom het jy my hierheen laat kom?’

Kornelius het vir Petrus gesê: ‘Vier dae gelede het ek tot God gebid, en toe het ’n engel vir my gesê dat ek jou moet laat roep. Leer ons asseblief Jehovah se woorde.’ Petrus het gesê: ‘Ek het geleer dat God nie partydig is nie. Hy aanvaar enigiemand wat hom wil aanbid.’ Petrus het hulle baie dinge oor Jesus geleer. Toe het die heilige gees oor Kornelius gekom en oor die mense wat saam met hom was, en hulle almal is gedoop.

Vrae: Hoekom het Petrus geweier om onrein diere te eet?
Hoekom het Jehovah vir Petrus gesê om na die huis van ’n heiden te gaan?

Handelinge 10:1-48





98 Die Christelike godsdiens word aan baie nasies verkondig

Die apostels het Jesus se opdrag gehoorsaam om die goeie nuus regoor die aarde te verkondig. In die jaar 47 HJ het die broers in Antiogië vir Paulus en Barnabas op 'n predikingsreis gestuur. Hierdie twee ywerige predikers het oral in Klein-Asië na plekke soos Derbe, Listra en Ikonium gegaan.

Paulus en Barnabas het vir almal gepreek, maak nie saak of hulle ryk of arm, jonk of oud was nie. Baie mense het die waarheid oor Christus aanvaar. Toe Paulus en Barnabas vir Sergius Paulus, die goewerneur van Siprus, gepreek het, het 'n towenaar hulle probeer keer. Paulus het vir die towenaar gesê: 'Jehovah is teen jou.' Die towenaar het onmiddellik blind geword. Toe goewerneur Paulus dit sien, het hy 'n gelowige geword.

Paulus en Barnabas het oral van huis tot huis, in markte, terwyl hulle gereis het en in sinagoges gepreek. Toe hulle 'n man wat verlam was in Listra gesond maak, het die mense wat die wonderwerk gesien het, gedink dat hulle gode is en probeer om hulle te aanbid. Maar Paulus en Barnabas het hulle gekeer en gesê: 'Aanbid net vir God! Ons is net mense.' Toe het daar 'n Jode gekom wat die mense teen Paulus laat draai het. Die mense het hom met klippe gegooi, hom uit die stad gesleep en hom daar gelos omdat hulle gedink het dat hy dood is. Maar Paulus het nog gelewe! Die broers het hom dadelik kom help en hom terug na die stad toe geneem. Later het Paulus teruggegaan Antiogië toe.

In die jaar 49 HJ het Paulus op nog 'n reis gegaan. Nadat hy teruggegaan het om die broers in Klein-Asië te besoek, het hy die goeie nuus

**“Gaan dus en maak dissipels
van mense van al die nasies.”
—Matteus 28:19**

selves verder na Europa geneem. Hy het na Atene, Efese, Filippi, Tessalonika en ander plekke gegaan. Silas, Lukas en ’n jong man met die naam Timoteus het saam met Paulus op sy reis gegaan. Hulle het saam gewerk om nuwe gemeentes te vorm en hulle te versterk. Paulus het vir ’n jaar en ’n half in Korinte gebly sodat hy die broers daar kon aanmoedig. Hy het gepreek, mense geleer en briewe aan baie gemeentes geskryf. Hy het ook as ’n tentmaker gewerk. Later het Paulus weer na Antiogië teruggegaan.

In die jaar 52 HJ het Paulus vir ’n derde keer op reis gegaan en in Klein-Asië begin. Hy het noord gereis al die pad tot by Filippi en toe al die pad af tot by Korinte. Paulus het ’n paar jaar in Efese gebly, waar hy mense geleer en gesond gemaak het en ook die gemeente gehelp het. Hy het ook elke dag openbare toesprake by ’n skool gehou. Baie mense het geluister en hulle lewens verander. Uiteindelik het Paulus, nadat hy die goeie nuus in baie lande verkondig het, na Jerusalem toe gegaan.

Vrae: Gebruik die kaart in jou Bybel. Kan jy die plekke kry wat Paulus op sy predikingsreise besoek het?

Handelinge 13:1–23:35



99 'n Tronkbewaarder leer die waarheid

In Filippi was daar 'n slavin wat 'n demoon in haar gehad het. Die demoon het gemaak dat die meisie die toekoms kon voorspel, en sy het baie geld vir haar eienaars hiermee verdien. Toe Paulus en Silas na Filippi toe kom, het sy hulle dae lank gevolg oral waar hulle gegaan het. Die demoon het haar laat skree: 'Hierdie manne is slawe van die Allerhoogste God.' Uiteindelik het Paulus vir die demoon gesê: 'In die naam van Jesus, kom uit haar uit!' Die demoon het uit die meisie uitgegaan.

Toe die meisie se eienaars agterkom dat hulle nie meer geld uit haar kan maak nie, was hulle baie kwaad. Hulle het Paulus en Silas voor die hof gebring en gesê: 'Hierdie mans is besig om die wet te verbreek en hulle ontstel die hele stad!' Die hof het beveel dat Paulus en Silas geslaan en in die tronk gegooi moet word. Die tronkbewaarder het hulle in die diepste, donkerste deel van die tronk gegooi en hulle in blokke vasgemaak.

Paulus en Silas het lofliedere tot Jehovah gesing terwyl die ander gevangenes geluister het. Skielik, in die middel van die nag, was daar 'n groot aardbewing wat die tronk van bo tot onder geskud het. Die tronk se deure het oopgeswaai, en die gevangenes se kettings en blokke het losgekom. Die tronkbewaarder het by die tronk ingehardloop en gesien dat die deure oop was. Hy was doodseker dat al die gevangenes ontsnap het, en daarom wou hy homself met 'n swaard doodmaak.

Maar toe het Paulus uitgeroep: 'Moenie jouself seermaak nie! Ons is almal hier!' Die tronkbewaarder het vinnig ingekom en voor Paulus en Silas neergeval. Hy het hulle gevra: 'Wat moet ek doen om gered te word?' Hulle het vir hom gesê: 'Jy en almal in jou huis moet in Jesus glo.' Daarna het Paulus en Silas die woord van Jehovah aan die tronkbewaarder en almal in sy huis geleer, en hulle is almal gedoop.

Vrae: Hoekom is Paulus en Silas in die tronk gegooi?
Hoe het die tronkbewaarder die waarheid geleer?

Handelinge 16:16-34

“Mense [sal] teen julle optree en julle vervolg en julle aan die sinagoges en die tronke oorgee. Julle sal ter wille van my naam voor konings en goewerneys gebring word. Dit sal daartoe lei dat julle ’n getuienis gee.”—Lukas 21:12, 13



100 Paulus en Timoteus



Timoteus was 'n jong broer in die gemeente in Listra. Sy pa was 'n Griek en sy ma was 'n Jood. Timoteus se ma, Eunice, en sy ouma Loïs het hom van kleins af oor Jehovah geleer.

Toe Paulus Listra besoek het tydens sy tweede predikingsreis, kon hy sien dat Timoteus regtig lief is vir die broers en hulle graag wou help. Paulus het Timoteus genooi om saam met hom op sy reis te gaan. Mettertyd het Paulus vir Timoteus opgelei om 'n goeie prediker en onderrigter van die goeie nuus te wees.

Heilige gees het Paulus en Timoteus gelei oral waar hulle gegaan het. Een nag het Paulus 'n visioen gehad waarin 'n man vir hom gesê het om na Masedonië te kom en die mense daar te kom help. Daarom het Paulus, Timoteus, Silas en Lukas soontoe gegaan om te gaan preek en om gemeentes te vorm.

In Tessalonika, 'n stad in Masedonië, het baie mans en vrouens Christene geword. Maar party van die Jode was jaloers op Paulus en op die mense wat saam met hom was. Hulle het 'n klomp mense bymekaargekry en die broers na die stad se heersers toe gebring terwyl hulle geskree het: 'Hierdie manne is vyande van die Romeinse regering!' Paulus en Timoteus se lewe was in gevaar, en daarom het hulle in die nag na Berea toe gevlug.

Die mense in Berea wou graag die goeie nuus leer. Grieke en Jode wat daar gebly het, het gelowiges geword. Maar toe 'n paar Jode van Tessalonika daar aankom en begin moeilikheid maak, het Paulus weggegaan na Atene toe. Timoteus en Silas het in Berea agtergebly om die broers daar te versterk. Ná 'n ruk het Paulus vir Timoteus teruggestuur Tessalonika toe om die broers daar te gaan help omdat



**“Ek het niemand anders met ’n gesindheid soos syne wat opreg na julle belange sal omsien nie. Want al die ander soek hulle eie belange, nie dié van Jesus Christus nie.”
—Filippense 2:20, 21**

hulle erg vervolgt is. Later het Paulus vir Timoteus gestuur om baie ander gemeentes te besoek sodat hy hulle kon aanmoedig.

Paulus het vir Timoteus gesê: ‘Diegene wat Jehovah wil dien, sal vervolgt word.’ Timoteus is vervolgt en in die tronk gegooi as gevolg van sy geloof. Hy was bly dat hy ’n kans gehad het om te bewys dat hy getrou is aan Jehovah.

Paulus het vir die Filippense gesê: ‘Ek stuur Timoteus na julle toe. Hy sal julle leer wat dit beteken om volgens die waarheid te lewe en hoe om te preek.’ Paulus het geweet dat hy op Timoteus kon staatmaak. Hulle was goeie vriende en het jare lank saam gewerk.

Vrae: Wie was Timoteus? Hoekom was Paulus en Timoteus sulke goeie vriende?

Handelinge 16:1-12; 17:1-15; Filippense 2:19-22; 2 Timoteus 1:1-5; 3:12, 14, 15; Hebreërs 13:23



101 Paulus word na Rome gestuur

Paulus se derde predikingsreis het in Jerusalem geëindig. Daar is hy gevange geneem en in die tronk gegooi. Daardie aand het Jesus in 'n visioen vir hom gesê: 'Jy sal na Rome toe gaan en daar gaan preek.' Paulus is van Jerusalem na Sesarea geneem, waar hy twee jaar lank in die tronk was. Gedurende sy verhoor voor goewerneur Festus het Paulus gesê: 'Laat ek deur die keiser in Rome geoordeel word.' Festus het gesê: 'Jy het gevra om na die keiser toe te gaan, na die keiser sal jy gaan.' Paulus is op 'n skip gesit wat op pad was na Rome. Twee Christenbroers, Lukas en Aristargus, het saam met hom gegaan.

Terwyl hulle op see was, was daar 'n woeste storm wat 'n hele paar dae lank aangehou het. Almal het gedink dat hulle gaan sterf. Maar Paulus het gesê: 'Manne, 'n engel het vir my in 'n droom gesê: "Moenie bang wees nie, Paulus. Jy sal by Rome uitkom, en almal wat saam met jou op die skip is, sal veilig wees." Moenie hoop verloor nie! Ons sal nie sterf nie.'

Die storm het 14 dae lank aangehou. Uiteindelik het hulle land gesien. Dit was die eiland Malta. Die skip het gestrand en in stukke gebreek, maar al 276 mense wat op die skip was, het dit veilig tot by die land gemaak. Party het geswem en ander het aan stukke van die skip vasgeklou en strand toe gedryf. Die mense van Malta het hulle gehelp en 'n vuur gemaak om hulle warm te maak.

Drie maande later het die soldate Paulus op 'n ander skip na Rome toe gevat. Toe hy daar aankom, het die broers hom kom ontmoet. En toe hy hulle sien, is hy aangemoedig en het hy vir Jehovah dankie gesê. Al was Paulus 'n gevangene, is hy toegelaat om 'n huis te huur en daar te bly terwyl 'n soldaat daar waggehou het. Hy het twee jaar lank daar gebly. Mense het hom kom besoek, en hy het vir hulle gepreek oor God se Koninkryk en hulle van Jesus geleer. Paulus het ook briewe aan die gemeentes in Klein-Asië en Judea geskryf. Jehovah het Paulus regtig gebruik om die goeie nuus aan die nasies oor te dra.

Vrae: Hoekom het Festus vir Paulus na Rome toe gestuur?
Wat het met Paulus gebeur toe hy op pad was na Rome toe?

Handelinge 21:30; 23:11; 25:8-12; 27:1-28:31;
Romeine 15:25, 26

**“In elke opsig beveel ons onself as God se bedienaars aan: ons verduur baie dinge, ons kry swaar, ons ondervind tye van nood, ons kom voor probleme te staan.”
–2 Korintiërs 6:4**



102 Die openbaring aan Johannes

Terwyl die apostel Johannes 'n gevangene op die eiland Patmos was, het Jesus vir hom 16 visioene, of prente, oor die toekoms gewys. Hierdie visioene het gewys hoe Jehovah se naam geheilig sou word, hoe sy Koninkryk sou kom en hoe sy wil op die aarde sou plaasvind net soos in die hemel.

In een van die visioene sien Johannes vir Jehovah op sy glorieryke troon in die hemel. Hy is omring deur 24 ouderlinge wat wit klere dra en krone op hulle koppe het. Weerligstrale en die geluid van donderweer kom van die troon af. Die 24 ouderlinge buig voor Jehovah neer en aanbid hom. In 'n ander visioen sien Johannes 'n groot groep mense uit al die nasies, volke en tale wat Jehovah aanbid. Die Lam, wat Jesus is, lei hulle soos 'n herder na die water van die lewe. Later, in 'n ander visioen, begin Jesus as Koning in die hemel saam met die 24 ouderlinge regeer. In die volgende visioen sien Johannes hoe Jesus teen die draak, wat Satan is, en sy demone, baklei. Jesus gooi hulle uit die hemel uit na die aarde toe.





“Ek sal vyandskap laat ontstaan tussen jou en die vrou en tussen jou nageslag en haar nageslag. Hy sal jou kop vergruis, en jy sal hom in die hakskeen wond.”—Genesis 3:15

Toe sien Johannes ’n pragtige prentjie van die Lam en die 144 000 wat op die berg Sion staan. Hy sien ook ’n engel wat regoor die wêreld vlieg en vir mense sê om God te vrees en aan Hom heerlikheid te gee.

In die volgende visioen vind die oorlog van Armageddon plaas. In daardie oorlog wen Jesus en sy leërmag teen Satan en sy bose stelsel. In die laaste visioen sien Johannes volmaakte eenheid in die hemel en op die aarde. Satan en almal wat hom volg, is heeltemal vernietig. Almal in die hemel en op die aarde beskou Jehovah se naam as heilig en aanbid hom alleen.

Vrae: Hoeveel visioene het Johannes gesien?
Wat sal Jesus doen in die oorlog van Armageddon?

**Openbaring 1:1-3; 4:1-11; 7:4, 9-17;
11:15-18; 12:5-12; 14:6, 7; 16:14, 16; 21:5**


103 'Laat u Koninkryk kom'

Jehovah het belowe: 'Daar sal nie meer enige gehuil, pyn, siekte of dood wees nie. Ek sal elke traan van hulle oë afvee. Niemand sal aan die slegte dinge van die verlede dink nie.'

Jehovah het Adam en Eva in die tuin van Eden gesit om gelukkig te wees en in vrede te lewe. Hulle moes hulle hemelse Vader aanbid en kinders hê sodat die aarde vol mense kon word. Adam en Eva was ongehoorsaam aan Jehovah, maar wat hy vir die mens wou hê, het nooit verander nie. In hierdie boek het ons gesien dat alles wat God belowe, waar word. Sy Koninkryk sal wonderlike seëninge vir die aarde bring, net soos hy vir Abraham belowe het.

Binnkort sal Satan, sy demone en al die slegte mense nie meer daar wees nie. Almal wat lewe, sal Jehovah aanbid. Ons sal nie siek word of doodgaan nie. Ons sal eerder elke dag vol energie wakker word en bly wees dat ons lewe. Die aarde sal 'n paradys word. Almal

“U is waardig, Jehovah ons God, om die heerlikheid en die eer en die krag te ontvang, want u het alles geskep.”
—Openbaring 4:11




sal lekker en gesonde kos en 'n veilige huis hê. Mense sal liefdevol wees, nie wreed of gewelddadig nie. Wilde diere sal nie vir ons bang wees nie, en ons sal ook nie vir hulle bang wees nie.

Dit gaan baie opwindend wees wanneer Jehovah mense wat doodgegaan het, weer laat lewe. Ons sal mense van die verlede soos Abel, Noag, Abraham, Sara, Moses, Rut, Ester en Dawid terugverwelkom. Hulle sal ons help om die planeet Aarde weer in 'n paradys te verander. Daar sal altyd genoeg interessante werk wees om te doen.

Jehovah wil hê dat jy daar moet wees. Jy sal hom leer ken op maniere waaraan jy nie eers kan dink nie. Laat ons elke dag nader en nader aan Jehovah kom, nie net nou nie, maar vir altyd!

Vrae: Hoe sal God se Koninkryk lewe op die aarde verander? Van al die mense van wie jy in hierdie boek gelees het, wie sal jy graag in die Paradys wil ontmoet?

Openbaring 21:3, 4; Job 33:25; Spreuke 2:21, 22; Jesaja 11:2-10; 33:24; 65:21; Matteus 6:9, 10; Johannes 5:28, 29; 17:3



Lesse wat jy kan leer uit die Bybel

LESSE

Alle mense is kosbaar vir Jehovah _____	8, 9, 11, 21, 23, 68, 70, 74, 87, 90
As jy jou broer nie liefhet nie, kan jy God nie liefhê nie _____	4, 13, 15, 41
Beskerm die dinge wat Jehovah jou gee _____	12, 13, 24, 35, 36, 56, 75, 95, 100
Daar sal 'n opstanding wees _____	48, 86, 91, 93
Dit is gevaarlik om kwaad te word _____	4, 12, 41, 45, 49, 65, 89
Gee jou hart aan Jehovah terwyl jy nog jonk is _____	37, 51, 59, 61, 72, 100
God het ons die Bybel gegee sodat ons wys kan wees _____	56, 66, 72, 75, 81
God se Koninkryk sal almal gelukkig maak _____	1, 48, 62, 79, 81, 83, 85, 86
God se wil sal in die hemel en op die aarde gebeur _____	25, 55, 60, 62, 63, 71, 96, 102
Goddelose mense sal nie meer daar wees nie _____	5, 10, 32, 46, 102
Hou jou beloftes—net soos Jehovah _____	8, 9, 11, 23, 24, 31, 34, 35, 36, 66, 93
Jaloesie vernietig vriendskappe _____	4, 14, 41
Jehovah beskerm die mense wat hom liefhet _____	6, 22, 40, 50, 52, 55, 64, 71, 84
Jehovah beskerm nederige mense _____	43, 45, 65, 67, 69
Jehovah het die aarde gemaak _____	1, 2, 102, 103
Jehovah is almagtig _____	1, 7, 18, 19, 20, 21, 22, 26, 55, 60
Jehovah is lief vir mense van al die nasies _____	30, 33, 48, 54, 77, 94, 97, 98, 99
Jehovah lei sy knegte _____	18, 25, 26, 27, 29, 34, 39, 44, 73, 80
Jehovah lieg nooit nie _____	3, 10, 16, 63, 68, 70, 102, 103
Jehovah luister na ons gebede wanneer dit uit ons hart kom _____	35, 38, 50, 64, 82
Jehovah sal altyd onthou wat ons vir hom doen _____	16, 29, 32, 48, 65, 69, 77, 100
Jesus is Koning van God se Koninkryk—wees gehoorsaam aan hom _____	74, 78, 79, 83, 84, 85, 91, 92, 99
Jy kan nie God aanbid en rykdom dien nie _____	10, 17, 44, 59, 75, 76
Luister en wees gehoorsaam—jou lewe hang daarvan af _____	3, 5, 10, 37, 39, 54, 59, 65, 72
Maak Jehovah jou vriend _____	11, 30, 33, 51, 56, 59, 69, 81, 82
Moenie moed opgee wanneer jy probleme het nie _____	16, 47, 51, 57, 64, 75, 90, 95, 99, 101
Moet nooit slegte dinge doen nie _____	14, 27, 49, 53, 58, 88, 89
Om selfsugtig te wees, is sleg vir ons en ander _____	3, 4, 12, 27, 28, 39, 49, 88
Ons moet altyd dankbaar wees teenoor Jehovah _____	2, 6, 67, 103
Ons moet die goeie nuus van die Koninkryk verkondig _____	73, 76, 94, 95, 96, 97, 98
Opstandiges word vyande van God _____	7, 17, 26, 27, 28, 88
Valse aanbidding kom van die Duiwel _____	19, 20, 22, 38, 46, 49, 52, 58
Vergewe ander net soos Jehovah jou vergewe _____	13, 15, 31, 43, 92
Vriende wat Jehovah liefhet, is die beste vriende _____	16, 33, 42, 80, 87, 100, 103
Wees dapper—Jehovah sal jou altyd help _____	40, 47, 51, 53, 57, 61, 64, 65, 76, 88, 101